

**BRUIKBAARHEID VAN DIE GESTALTBENADERING
DEUR SPELTERAPEUTE IN DIE PRAKTYK**

Deur

Sonika Badenhorst

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER SOCIALIS DILIGENTIAE

in

**MAATSKAPLIKE WERK
(SPELTERAPIE)**

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Mev. H. Bauling

PRETORIA

OKTOBER 2005

OPSOMMING

Bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk

Deur

Sonika Badenhorst

Studieleier: Mev. H. Bauling

Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie

MSD Speltherapie

'n Wye verskeidenheid van professionele persone binne onder andere die velde van gesondheid, sielkunde en opvoedkunde beoefen die gestaltbenadering. Die doelstelling van die navorsingstudie was om die bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk te ondersoek. 'n Kollektiewe gevallestudie binne 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering is in dié studie benut. Tien spelterapeute is deur middel van 'n ewekansige steekproeftrekking geïdentifiseer en daar is met elkeen 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer. Die navorser het van sistematiese ewekansige steekproeftrekking gebruik gemaak aangesien dié wyse vooroordeel voorkom.

Die navorser het met behulp van 'n literatuurstudie asook inligting verkry vanuit gesprekke met kundiges, 'n teoretiese raamwerk opgestel ten opsigte van die gestaltbenadering en die benutting van die gestaltbenadering in die praktyk.

Die doelstelling van die gestaltbenadering is om die kliënt te ondersteun in terapie, sodat die kliënt as geheel funksioneer. Wanneer die kliënt as geheel funksioneer, is hy in staat om 'n gestalt te voltooi. Die gesonde persoon sal behoeftes op 'n toepaslike wyse, sonder skade aan homself of ander, vervul. Die gestaltbenadering bestaan uit verskeie hoofkonsepte naamlik: holisme, bewustheid, kontak en kontakgrensversteurings, figuur/voor- en agtergrond, selfregulasie, die hier-en-nou-konsep en polariteite. Tegnieke kan deurentyd bygevoeg word, aangesien dié benadering spontaan en kreatief is. Daar word op die kliënt se taalgebruik en bi-polêre denkwyses in die tegnieke van die gestaltbenadering gefokus, sodat die kliënt 'n balans kan bereik in sy lewensuitkyk. Die kliënt leer om die positiewe en negatiewe aspekte in probleemsituasies te erken en te aanvaar. Etikettering van patologie vind dus nie binne dié benadering plaas nie.

'n Empiriese studie is geloods om vas te stel hoe spelterapeute in die praktyk die gestaltbenadering ervaar en benut. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering was gepas omdat dit lig gewerp het op die bruikbaarheid van hierdie benadering in die praktyk. Semi-gestruktureerde onderhoude het daartoe gelei dat in-diepte besprekings oor die onderwerp met die respondente gevoer is. Dié onderhoude is gerekordeer en is volgens Creswell se kwalitatiewe data-analiseproses verwerk.

Die bevindinge van die empiriese studie is dat: die spelterapeute die gestaltbenadering as wetenskaplik verantwoordbaar beleef; die hoofkonsepte en verskeie tegnieke van die gestaltbenadering in die praktyk benut, alhoewel van dié tegnieke in die praktyk aangepas word; die gestaltbenadering word tesame met ander benaderings benut en die gestaltbenadering word vir volwassenes en kinders in die praktyk benut.

Die gestaltbenadering is volgens die navorsingsondersoek prakties bruikbaar en word dus deur spelterapeute in die praktyk benut. Die navorser beveel aan dat daar 'n verdere in-diepte ondersoek geloods kan word ten opsigte van spesifieke tegnieke wat met die gestaltbenadering gekombineer kan word, wat bruikbaar is in die

praktyk. Onderzoek kan ook geskied ten opsigte van spesifieke probleme wat spelterapeute in die praktyk ervaar.

SUMMARY

Usefulness of the gestalt approach for play therapists in practice

by

Sonika Badenhorst

Supervisor: Mrs. H. Bauling

Department of Social Work and Criminology

MSD Play Therapy

The gestalt approach in play therapy is used by a wide spectrum of professional persons operating in the fields of health, psychology and education. The objective of the research study was to investigate the practicality of the gestalt approach as applied by play therapists. A collective case study within a qualitative research approach has been utilized in this study. Ten play therapists had been identified by means of random sampling and a semi-structured interview was conducted with each one. The researcher applied a systematic random sampling as this method prevents bias.

The researcher gained information by means of a literature study as well as from discussions with experts. A theoretical framework was formed regarding the gestalt approach and the utilization thereof in practice.

The objective of the gestalt approach is to support the client during therapy to enable the client to function as a complete entity. When the client functions as such an entity he or she is able to complete a gestalt. The healthy person according to the gestalt approach will satisfy his own needs without harming himself or others. The gestalt approach consists of several main concepts namely: holism, awareness, contact and contact boundary disturbances,

figure/fore ground and back ground, self regulation, the here-and-now concept and polarities. Techniques can be added throughout as the approach is spontaneous and creative. The focus in gestalt approach techniques is based on language usage and bipolar ways of thinking to enable the client to achieve a balanced outlook in life. The client learns to acknowledge and accept the positive and negative aspects of problem situations.

An empirical study has been undertaken to determine how play therapists experience and utilize the gestalt approach. A qualitative research approach was suitable as it sheds light on the usefulness of this approach in practice. Semi-structured interviews led to in depth discussions with play therapists. These interviews were recorded and processed according to Creswell's qualitative data-analysing process.

The findings of the empirical study are that: play therapists experience the gestalt approach as scientifically justified; the main concepts and various techniques of the gestalt approach are utilized although there is a need to adapt some of the techniques in practice; the gestalt approach can be utilized in conjunction with other approaches and the gestalt approach can be implemented in the treatment of both children and adults.

The research investigation has proved that the gestalt approach is practically useful and thus applied by play therapists in practice. The researcher recommends that further in depth research be undertaken to identify specific techniques that can be combined with the gestalt approach when utilized in practice. Further investigation could also be undertaken in respect of specific problems that play therapists experience in practice.

DANKBETUIGINGS

By die voltooiing van die studie wil ek graag die volgende dankbetuigings doen:

- **My studieleier, Mev. H. Bauling, vir haar tyd, leiding en motivering.**
- **My familie vir al hulle ondersteuning.**
- **My Skepper, wat my hierdeur gedra het.**

Sonika Badenhorst

LYS VAN SLEUTELTERME / KEY CONCEPTS

Bewustheid / Awareness

Bruikbaarheid / Usefulness

Figuur/voor- en agtergrond / Figure/fore ground and back ground

Gestaltbenadering / Gestalt approach

Hier-en-nou-konsep / Here-and-now concept

Holisme / Holism

Kontak / Contact

Praktyk / Practice

Selfregulase / Self regulation

Spelterapie / Play therapy

VERKLARING OOR GEBRUIKSTAAL

Binne die konteks van die studie word in hierdie navorsingsverslag na die manlike geslag verwys om lomp stelwyses te vermy sonder om seksisme te impliseer.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

1. ALGEMENE INLEIDING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMFORMULERING	5
1.3 DOEL VAN DIE STUDIE	6
1.3.1 Doelstelling	7
1.3.2 Doelwitte	7
1.4 NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE	8
1.5 NAVORSINGSBENADERING	8
1.6 SOORT NAVORSING	10
1.7 NAVORSINGSTRATEGIE- EN METODOLOGIE	10
1.8 NAVORSINGSPROSEDURES	12
1.9 VOORONDERSOEK	14
1.9.1 Toetsing van onderhoudskedule	14
1.9.2 Uitvoerbaarheid van ondersoek	15

1.10 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING	15
1.11 ETIESE ASPEKTE	17
1.12 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE	21
1.12.1 Bruikbaarheid	21
1.12.2 Gestaltbenadering	21
1.12.3 Speltherapie	23
1.12.4 Praktyk	24
1.13 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG	25
2. DIE GESTALT BENADERING	26
2.1 INLEIDING	26
2.2 DIE ONTSTAAN VAN DIE GESTALT BENADERING	27
2.3 DOELSTELLING VAN DIE GESTALT BENADERING	30
2.4 HOOFKONSEPTE VAN DIE GESTALT BENADERING	31
2.4.1 Holisme	32
2.4.2 Bewustheid	32
2.4.3 Kontak en kontakgrensversteurings	33

2.4.3.1 Kontak	33
2.4.3.2 Kontakgrensversteurings	35
2.4.3.3 Perls se vyf lae van doeltreffende kontak	40
2.4.4 Figuur/voor- en agtergrond	41
2.4.5 Selfregulasie/Selfbestuur	42
2.4.6 Hier-en-nou-konsep	43
2.4.7 Polariteite	44
2.5 TEGNIEKE VAN DIE GESTALTBENADERING	45
2.5.1 Taal	45
2.5.1.1 Ek-boodskappe	45
2.5.1.2 Gebruik “wil nie” eerder as “kan nie”	46
2.5.1.3 Die wat-en-hoe-eerder-as-hoekom-tegniek	46
2.5.1.4 Geen skinderstories nie	46
2.5.1.5 Vrae word in stellings verander	47
2.5.1.6 Neem-van-verantwoordelikheid-tegniek	47
2.5.1.7 Onvoltooide sinne	47
2.5.2 Bi-polêre denkwyses	48
2.5.2.1 “Topdog versus underdog”-tegniek	48
2.5.2.2 Die leë-stoel-tegniek	48
2.5.2.3 My-grootste-swakheid-tegniek	50
2.5.2.4 Kwalik neem, verwagting en waardering	50

2.5.3 Fantasia	50
2.5.3.1 Roosboom-fantasia	56
2.5.3.2 Wyse-hulpbron-fantasia	58
2.5.3.3 Droomwerk en fantasia	58
2.5.3.4 Fantasia vir die tiener	59
2.5.4 Sintuig-en-mobiliseringstegnieke	60
2.5.4.1 Verhoging van bewustheid	60
2.6 POSITIEWE ASPEKTE VAN DIE GESTALTBENADERING	63
2.7 LEEMTES VAN DIE GESTALTBENADERING	65
2.8 SAMEVATTING	67
3. EMPIRIESE STUDIE	68
3.1 INLEIDING	68
3.2 PROSES VAN DATA-ANALISE	69
3.2.1 Insameling en rekordhouding van inligting	70
3.2.2 Databestuur	71
3.2.3 Die lees en skryf van memorandumums	71
3.2.4 Databeskrywing, -klassifisering en interpretering	71

3.2.5 Visualisering en voorstelling van data	71
3.3 AANBIEDING VAN EMPIRIESE DATA	71
3.3.1 Tema 1: Positiewe aspekte van die gestalt	73
3.3.2 Tema 2: Benutting van hoofkonsepte van die gestaltbenadering in die praktyk	78
3.3.3 Tema 3: Tegnieke van die gestaltbenadering wat in die praktyk benut word	93
3.3.4 Tema 4: Ander benaderings wat toepaslik is in hulpverlening	111
3.3.5 Tema 5: Toepassingsveld	114
3.6 SAMEVATTING	116
4. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	118
4.1 INLEIDING	118
4.2 HOOFSTUK EEN: INLEIDING	118
4.3 HOOFSTUK TWEE: DIE GESTALTBENADERING	119
4.4 HOOFSTUK DRIE: DIE EMPIRIESE STUDIE	121
4.5 AANBEVELINGS	123
4.6 DIE BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG	124

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Die gesonde siklus van gestaltvorming en terminering.	34
---	----

Figuur 2: Temas en subtemas van die gestaltbenadering in	
--	--

die praktyk

71

BYLAE

Bylaag 1: Onderhoudskedule

Bylaag 2: Ingeligte toestemming

HOOFSTUK EEN: ALGEMENE INLEIDING

1. INLEIDING

Die gestaltbenadering is tans een van die hoofstroom psigoterapieë in die wêreld. Volgens Clarks (1999:1) word die Duitse woord “gestalt”, die beste met ’n gesin vergelyk. Verskillende dele bestaan, tog is daar eenheid. Hoewel die mens uit verskillende dele bestaan, kan hy weens sy komplekse aard nie soos ’n optelsom bymekaar getel word nie. Die doel van die gestaltbenadering is dat die kliënt, dié verskillende dele in homself ervaar en sodoende homself beter leer ken (Clarks, 1999:1). Perls (1998:68) noem dat die gestaltbenadering op ’n eenvoudige beginsel rus, naamlik dat die kliënt as ’n geheel kan funksioneer, indien hy ondersteuning ontvang. ’n Neurotiese persoon is dikwels van homself en/of ander persone gedissosieer. Integrasie in die persoon moet dus geskied deur assimilasie en kontak (Perls, 1998:68). Wanneer integrasie geskied kan die persoon suksesvol met ander persone en die omgewing kontak maak. Die kliënt se behoeftes kan sodoende vervul word. (Vergelyk Perls, 1998: 68; Williams, 2001:25.)

’n Wye verskeidenheid van professionele persone binne onder andere die velde van gesondheid, sielkunde en opvoedkunde beoefen dié benadering (The Gestalt Approach Sydney Gestalt Centre [sa]). Dié benadering word ook in Suid-Afrika benut. Volgens Joubert (2004) bied die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Vrystaat en die Program Speltherapie, Hugonote Kollege (Unisa), opleiding op nagraadse vlak, vanuit die gestaltbenadering aan spelterapeute wat speltherapie met kinders wil beoefen.

Volgens Strydom (2002a:213) moet kundiges vanuit verskeie velde in die praktyk, in die loop van die navorsingsondersoek geraadpleeg word. Opleiers wat opleiding in speltherapie volgens die gestaltbenadering by tersiêre inrigtings aanbied, is deur die navorser gekontak. Kontak is bewerkstellig met die doel om na die opleiers van die

gestaltbenadering se persepsies ten opsigte van 'n studie oor die benutting van die gestaltbenadering in die praktyk te verneem.

Grinnell (1997:50) wys daarop dat daar by die keuse van 'n onderwerp vir navorsing, 'n aantal aspekte is waarop ag geslaan moet word. Die navorser moet belangstelling toon in die onderwerp wat nagevors word. Bless en Higson-Smith (1995:17) sluit hierby aan, maar voeg by dat daar ook 'n praktiese behoefte vir die navorsing moet bestaan. Aangesien die navorser 'n privaatpraktyk bedryf en die gestaltbenadering benut, is die betrokke navorsingsonderwerp vir haar van besondere belang. Die navorser het die waarde en leemtes van die gestaltbenadering in die praktyk nagevors, om sodoende 'n geheelbeeld van die toepassingsmoontlikhede van die gestaltbenadering in die praktyk te verkry. Joubert (2004) het gemeld dat opleiding volgens die gestaltbenadering by die Universiteit van Pretoria sedert 1993 geskied. Sy is van mening dat dit interessant sal wees om waar te neem hoeveel spelterapeute wat die kursus voltooi het, wel die gestaltbenadering benut en of dié benadering in die praktyk sin maak. Die Universiteit van Pretoria sal volgens Joubert (2004) baat vind by navorsing oor die bruikbaarheid van die gestaltbenadering binne die speltherapiepraktyk. Volgens Joubert (2004) is sodanige studie nie voorheen uitgevoer nie en sal dit vir die opleiers van die gedoseerde kursus in speltherapie, wat hoofsaaklik die gestaltbenadering benut, waardevol wees.

Van Wyk (2004) het genoem dat die gestaltbenadering die middelpunt van hul opleiding aan die studente is. Die gestaltbenadering bepaal die Program Speltherapie, Hugenote Kollege (Unisa), se werkswyse. Van Wyk (2004) het ook genoem dat dit waardevol sal wees om te weet tot watter mate die terapeute die gestaltbenadering in die praktyk gebruik.

Schoeman (2004) verbonde aan die Program Speltherapie, Hugenote Kollege (Unisa) het die navorser meegedeel dat die tema 'n bydrae kan lewer in die sin dat daar op die

voordele en die nadele van die benutting van die gestaltbenadering gefokus kan word. Schoeman (2004) het ook genoem dat indien daar byvoorbeeld as leemte uitgewys word dat die gestaltbenadering saam met ander benaderings gebruik behoort te word, die universiteit die resultaat van akademiese waarde kan beskou. Aanpassings kan dus in opleiding gemaak word indien nodig. Schoeman (2004) is van mening dat die navorser op die voordele en die nadele van die benutting van die gestaltbenadering in die praktyk moet fokus. Die navorser is van mening dat indien die studie uitgevoer word, die resultate daartoe kan lei dat die effektiwiteit van die toepassing van die gestaltbenadering bepaal kan word.

Bloem (2004), ook verbonde aan bogenoemde opleidingsinstansie, het gemeld dat sy die studie as 'n goeie voorraadopname vir opleiers beskou. Opleiers van die gestaltbenadering kan die fokus van hul opleiding aanpas op grond van navorsingsresultate. Bloem (2004) het ook genoem ook dat sy bewus is van twee frustrasies in die praktyk ten opsigte van die gestaltbenadering; naamlik dat maatskaplike werkers wat opgelei is in die gestaltbenadering, se supervisors nie hul akademiese taal begryp nie. Supervisors begryp ook nie dat maatskaplike werkers meer tyd met die kind wat spel terapie ontvang, benodig nie. Bloem (2004) is van mening dat maatskaplike werkers in die veld se posoms krywings nie veel ruimte laat vir kliniese werk nie. Sy sal graag wil weet of die gestaltbenadering die problematiek in die veld aanspreek. Sy het verduidelik dat indien die gestaltbenadering gefokus is op die kind en nie gesinsberading kan aanspreek nie, dit nodig sal wees om 'n module ten opsigte van gesinsberading by opleiding in te bou. Bloem (2004) het voorgestel dat die navorser 'n semi-gestruktureerde vraelys gebruik, sodat die respondente in diepte inligting met die navorser kan deel.

Volgens Blom (2004), verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat is dié studie waardevol, aangesien dit positief sal wees om te weet watter resultate deur die benutting van die gestaltbenadering in die praktyk behaal word. Sy het genoem dat daar verskeie ander modelle in die praktyk bestaan en dat dit goed sal wees om te

weet hoe die gestaltbenadering spesifiek, in die veld ervaar word. Blom (2004) het ook genoem dat daar nie voorheen navorsing oor die onderwerp uitgevoer is nie. (Vergelyk Joubert, 2004.) Dié navorsing kan volgens haar moontlik as bemarkingsinstrument vir die gestaltbenadering gebruik word.

Mohrman, Mohrman, Lawler en Ledford (1999:xiv) wys daarop dat twee-rigting kennisverkryging nodig is. Die praktisyn moet op hoogte wees van die akademie en navorsing moet geskied om te verseker dat daar ryke kennis bestaan, wat voldoen aan die organisasie se konteks en behoeftes. Lawler (1999:5) voeg by dat indien die akademie op hoogte bly ten opsigte van sake wat relevant is in die praktyk, dit een van die beste maniere is om teorie te ontwikkel. Craig, Griesel, Witz, Withers en Cresswell (1994:194) is van oordeel dat teorie en praktyk in 'n dialektiese verhouding staan. Die resultate van die toepassing van teorie behoort volgens hulle getoets te word in die praktyk om sodoende die effektiwiteit van teorie te verhoog.

Bevestigbaarheid en nie-bevestigbaarheid is volgens Goodman (1999:338) en Hackman, (1999:148) 'n besliste rede om navorsing te doen. In dié studie het daar 'n mate van bevestigbaarheid geskied, aangesien daar gefokus sal word op die mate waarin afgestudeerde studente die gestaltbenadering benut en die waarde en leemtes wat in die praktyk ten opsigte van dié benadering ervaar word.

Opsommend kan genoem word dat die opleiers verbonde aan tersiêre inrigtings, wat deur die navorser gekontak is, positief was ten opsigte van die beoogde studie. Dit blyk dat die opleiers van mening is dat sodanige studie lig sal werp op die praktiese bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk. Die opleiers het die studie gesien as 'n tipe voorraadopname van opleiding wat reeds vanaf 1993 geskied.

1.2 PROBLEEMFORMULERING

Lawler (1999:36) is van mening dat daar klem gelê moet word op navorsing waar akademiese- en praktykkennis in ag geneem word. Lawler (1999:27) meld voorts dat sodanige navorsing meer holisties en volledig is. Opleiers van die gestaltbenadering kan prakties deur die studie insig verkry, deur te let op die terugvoer van die praktiese waarde en leemtes van die gestaltbenadering, soos deur terapeute in die praktyk ervaar word. Verskeie navorsingstudies oor intervensie met kinders, waar speltherapie vanuit die gestaltbenadering benut word, is reeds deur meesters- en doktorsale studente uitgevoer. Die toepassingswaarde van die gestaltbenadering tydens hulpverlening aan die kind binne die Suid-Afrikaanse konteks is egter nog nie bepaal nie.

Die navorser wou dus die doeltreffendheid en toepassingswaarde van die gestaltbenadering, soos ervaar word deur spelterapeute in die praktyk, aan opleiers van kursusse in speltherapie vanuit die gestaltbenadering weergee. Dit is volgens die navorser moontlik om deur middel van hierdie studie, ondersoek in te stel ten opsigte van die bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk. Opleiers in die akademiese veld daarenteen sal kan fokus op konsepte wat in die praktyk effektief werk, asook op die leemtes wat in die praktyk waargeneem word.

Dit is die siening van Jackson, Bond, Beinecke, Selden en Van Tassel (1996:12) dat navorsing ten opsigte van die praktyk, die kwaliteit en effektiwiteit van diens in die praktyk verhoog. Die navorser moet volgens Jackson *et al.* (1996:12) nie die doel stel om die teorie te bewys nie, maar eerder daarop fokus om die beste passing tussen kliënt en die benadering daar te stel. Die bruikbaarheid van die gestaltbenadering binne die praktyk is dus die navorser se fokus. Sodanige inligting kan volgens die navorser met verdere literatuurstudie geverifieer word. Opleiers kan deur die navorsingsresultate die waarde en leemtes van die gestaltbenadering in die praktyk, soos ervaar word deur afgestudeerde studente, in ag neem met verdere opleiding.

Die navorsingsprobleem van hierdie studie is dus volgens die navorser dat die toepassingswaarde van die gestaltbenadering tydens hulpverlening aan die kind nog nie in Suid-Afrika bepaal is nie en dat praktykkennis, akademiese kennis in dié verband kan verhoog. Dit is volgens die navorser moontlik dat die kwaliteit van speltherapie met die gestaltbenadering as fundamentele uitgangspunt, binne die Suid-Afrikaanse konteks, verhoog kan word.

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

’n Doel word deur Craig *et al.* (1994:158) omskryf as die rede, motief, dit wat iets veronderstel is om te doen, te wees, te beteken of te bereik. ’n Doel is volgens die navorser die uitvoering van ’n taak, hetsy deur een of meer stappe, om spesifieke uitkomst te bereik.

Grinnell (1997:14) omskryf maatskaplikewerk-navorsing as ‘n gestruktureerde ondersoek met spesifieke metodologie, naamlik kwalitatief of kwantitatief. Die doel van ’n ondersoek is om kennis uit te brei of om menslike probleme op te los (Fouché, 2002a:108). McBurney (1994:47) sowel as Kerlinger en Lee (2000:11) noem dat gedrag begryp, voorspel en beheer kan word indien daar teoretiese kennis uit navorsing bekom is. Oorsake van die gedrag kan volgens McBurney (1994:47) sodoende aangespreek word. Bless en Higson-Smith (1995:9) toon aan dat die fokus van navorsing die behoeftes, waardes en karaktertrekke van ‘n spesifieke gemeenskap insluit.

Arkava en Lane (in Fouché, 2002a:108) konstateer die volgende “... any fully scientific endeavour in social work should have at least one of the primary objectives: to explore, to describe or to explain”. Neuman (in Fouché, 2002a:108) beskou ook die doelstelling van navorsing as verkennend, beskrywend en verklarend. Aangesien

dit die doel van hierdie navorsing is om nuwe data in te vorder en leemtes in bestaande kennisbasis uit te wys, is die doel van hierdie navorsing volgens die navorser verkennend van aard. (Vergelyk Babbie & Mouton, 2001:79.)

Na aanleiding van die voorafgaande doel van die studie is die ondersoek omvat in die volgende spesifieke doelstellings en doelwitte, naamlik:

1.3.1 Doelstelling:

Om die bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk te ondersoek.

1.3.2 Doelwitte:

Doelwitte word deur Craig *et al.* (1994:141) omskryf as inligting wat op feite gebaseer is. Dié inligting moet egter deur ander gekontroleer kan word. Die navorser is van mening dat elke doelwit dus na afloop van die studie kontroleerbaar moet wees. Die doelstelling van die studie is deur middel van die volgende doelwitte nagestreef:

- ◇ Om met behulp van 'n literatuurstudie en inligting verkry vanuit gesprekke met kundiges, 'n teoretiese raamwerk daar te stel ten opsigte van die gestaltbenadering en die bruikbaarheid van hierdie benadering in die praktyk.
- ◇ Om 'n empiriese ondersoek te loods, om vas te stel hoe spelterapeute in die praktyk die gestaltbenadering ervaar en benut.
- ◇ Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk.

1.4 NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE

Volgens Fouché (2002a:106) moet die navorsingsvraag versigtig geformuleer word indien die navorsing kwalitatief van aard is. 'n Navorsingsvraag word deur Willig (2001:19) omskryf as 'n oop vraag wat in-diepte antwoorde, volledige beskrywings en selfs verduideliking van 'n fenomeen vereis. (Vergelyk Bloem, 2004.) Die navorsingsvraag is deel van die kwalitatiewe navorsingsbenadering (Fouché & Delport, 2002:81). Vanuit die aard van die huidige navorsingsondersoek, is die volgende navorsingsvraag geformuleer: Wat is die bruikbaarheid van die gestaltbenadering vir spelterapeute in die praktyk?

1.5 NAVORSINGSBENADERING

Twee welbekende navorsingsbenaderings is die kwalitatiewe en die kwantitatiewe benaderings. (Vergelyk Fouché & Delport, 2002:79; Grinnell, 1997:12.) Die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenaderings is volgens Grinnell (1997:14) ewe belangrik in maatskaplike werk, aangesien beide benaderings kennis ontwikkel en toets. De Vos (2002a:46) ondersteun professionele navorsing wat probleemoplossings in die praktyk gee, maar ook professionele navorsing wat 'n weg baan na 'n teoretiese basis vir die professie.

Die kwalitatiewe benadering se epistemologiese oorsprong stam vanuit die fenomenologie. Die kwalitatiewe benadering bestudeer dus onbekende terreine om 'n fenomeen te ondersoek. Die doel van kwalitatiewe navorsing is om 'n sosiale realiteit, in natuurlike beskrywende taal van respondente, weer te gee om sodoende die respondente se persepsies te begryp. Dié benadering is buigbaar en uniek, aangesien dit nooit presies herhaal kan word nie. Dié benadering is holisties ingestel en die persepsie bestaan dat die geheel uit meer as die somtotaal van verskillende dele bestaan (Fouché & Delport, 2002a:81). Pettigrew (1999:224) noem dat die vrae en

problematiek wat in die kwalitatiewe benaderings ondersoek word meer ongedefinieërd is, as die vrae en problematiek in die kwantitatiewe benaderings. Dit is om dié rede volgens Pettigrew (1999:224) onrealisties om van die kwalitatiewe navorser te verwag om resultate volgens vasgestelde prosedures te prosessee. Pettigrew (1999:223) meld dat kwalitatiewe navorsing kennis en vaardighede verg en dat aanpassings in 'n verskeidenheid van problematiek en in 'n verskeidenheid van kontekste gemaak moet word. Kwalitatiewe navorsing word volgens Pettigrew (1999:223) met kuns vergelyk, waar die kunstenaar oor kennis en vaardighede beskik.

Die kwantitatiewe benadering daarteenoor is gerig op die empiriese toetsing van hipoteses. 'n Teorie word deur gekontroleerde meting in numeriese resultate weergegee. Die benadering is gestandaardiseer en vaste prosedures bestaan. Die navorsingsondersoek kan dus herhaal word, aangesien data sistematies op 'n gestandaardiseerde wyse verkry is. Dié benadering fokus op veranderlikes en is nie holisties ingestel nie. (Vergelyk Fouché & Delport, 2002:81; Grinnell, 1997:14.) Grinnell (1997:14) noem verder dat die verslag wat geskryf word inligting, gevolgtrekkings en aanbevelings bevat.

Die navorser het van die kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak, aangesien die navorser, spelterapeute se persepsies ten opsigte van die navorsingsvraag, wou begryp. Die respondente het hul menings op grond van hul ervarings in die praktyk weergegee. Die navorser het dus beplan om die fenomeen, naamlik die benutting van die gestaltbenadering in die praktyk te begryp, aangesien dit 'n relatief onbekende terrein is. Die navorser het 'n beskrywing van die respondente se terugvoer gegee, om sodoende die spelterapeute se persepsies te begryp. Die navorsingsondersoek is uniek en voorts moeilik om te herhaal onder presies dieselfde omstandighede.

1.6 SOORT NAVORSING

Soort navorsing kan volgens Fouché (2002a:108) as basiese navorsing of toegepaste navorsing omskryf word. De Vos (2002a:37) noem 'n verdere soort navorsing, naamlik konseptuele navorsing. Basiese navorsing gebruik empiriese waarneming om teorie daar te stel en/of om kennis te verbreed. Toegepaste navorsing word benut om praktiese probleemoplossings vir problematiese situasies daar te stel. Toegepaste navorsing is waardevol, aangesien kennis uitgebrei word en probleme opgelos word (Fouché, 2002a:108).

Grinnell (1997:19) is die mening toegedaan dat die doel van toegepaste navorsing meer prakties ingestel is, om bemeestering in 'n situasie te bekom of om 'n praktiese probleem op te los. Vir die doel van die ondersoek het die navorser van toegepaste navorsing gebruik maak, aangesien daar gepoog is om 'n praktiese uitdaging, naamlik die bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk na te vors.

1.7 NAVORSINGSTRATEGIE- EN METODOLOGIE

Die navorsingstrategie of navorsingsontwerp dui op die formule of metode om 'n doelstelling te bereik. (Vergelyk Fouché, 2002b:272; Babbie & Mouton, 2001:75.)

Vir die doel van dié ondersoek het die navorser van die kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak, met die kollektiewe gevallestudie as 'n navorsingstrategie. Volgens Creswell (in Fouché, 2002b:275) kan 'n gevallestudie beskou word as 'n in-diepte ondersoek en analise van 'n sisteem gebonde aan tyd en of plek, of 'n enkel of veelsydige gevallestudie wat oor 'n periode van tyd strek. Die geval wat bestudeer word kan verwys na 'n proses, aktiwiteit, ervaring, program, individu of verskeie individue. Die navorser het in dié studie gefokus op die gestaltbenadering as 'n proses of 'n aktiwiteit. Verskeie bronne word in die

kollektiewe gevallestudie vir inligting geraadpleeg. Dié ondersoek kan plaasvind deur die voer van onderhoude, waarneming, dokumentasie en/of rekords vanuit argiefmateriaal. In die lig daarvan is dit belangrik dat die navorser toegang het tot verskeie respondente in omstandighede waar daar wedersydse vertroue bestaan. Die resultaat van die sodandige navorsing is 'n omvattende en deurdringende omskrywing van een of meer gevalle, wat as prosesse, aktiwiteite, ervarings, programme of individue omskryf kan word. (Vergelyk Creswell in Fouché, 2002b:275.) Die navorser het dus verskeie respondente gekontak wat die gestaltbenadering as 'n proses benut, om sodoende 'n omvattende omskrywing te verkry van die bruikbaarheid van die gestaltbenadering as 'n proses in die praktyk.

Volgens Babbie (in Fouché, 2002b:275) impliseer hierdie strategie dat navorsers van gevallestudies, in teenstelling met plekgebonde teoretici, die navorsingsveld met kennis van die relevante literatuur betree alvorens 'n empiriese ondersoek geloods word.

Mark (in Fouché, 2002b:276) noem dat 'n kollektiewe gevallestudie die navorser se begrip ten opsigte van 'n sosiale onderwerp of populasie verbreed. Gevalle word gekies met die doel om vergelykings te tref tussen die gevalle en konsepte om sodoende benaderings te bekragtig of uit te brei. Die navorser het deur middel van die kollektiewe gevallestudie 'n spesifieke proses, naamlik die toepassing van die gestaltbenadering in die praktyk nagevors.

Die navorser het dus gepoog om die bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk, soos deur spelterapeute ervaar, te ondersoek. Sy was bedag daarop om nie leidende vrae te vra nie. Die persepsies wat by spelterapeute in die praktyk bestaan met betrekking tot die bruikbaarheid van die gestaltbenadering, is tydens data-analise vanuit verbatim transkripsies verkry.

1.8 NAVORSINGSPROSEDURES

Die navorser het van 'n kollektiewe gevallestudie binne 'n kwalitatiewe benadering gebruik gemaak. Sy het tien spelterapeute deur middel van 'n eenvoudige ewekansige steekproeftrekking geïdentifiseer en met elkeen 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer. Die navorser het dus van semi-gestruktureerde onderhoudvoering as data-insamelingsmetode gebruik gemaak.

Die semi-gestruktureerde onderhoud word deur May (in Greeff, 2002:198) gedefinieër as daardie onderhoude wat om 'n spesifieke onderwerp sentreer. Buigbaarheid oor die onderwerp en in-diepte bespreking van die onderwerp is deur dié metode moontlik. (Vergelyk Bloem, 2004; Greeff, 2002:198.) Die prosedure maak daarvoor voorsiening dat die navorser die onderhoudskedule aan die respondent kan gee, sodat die respondent kan kies watter vraag hy of sy op watter tydstip wil beantwoord. Die respondente is volgens Greeff (2002:303) sodoende meer deelnemend. Die navorser is van mening dat respondente deur dié werkswyse meer op hul gemak gestel word. Die onderhoud is met behulp van 'n onderhoudskedule, wat fokus op die benutting van die gestaltbenadering in die praktyk, gerig (Kyk bylaag 1). Die respondente se persepsies ten opsigte van die benutting van die gestaltbenadering in die praktyk, is gerekordeer.

Ingesamelde inligting is ongeorden; en om orde en betekenis aan die inligting te bring is data-analise nodig. Kwalitatiewe data-analise is 'n proses wat volgens Creswell (in De Vos, 2002b:340) bestaan uit die volgende stappe:

▫ **Insameling en rekordhouding van inligting**

Die navorser het 'n onderhoudskedule saamgestel wat bestaan uit toepaslike vrae wat van eenvoudig tot meer kompleks georden is, asook vanaf breed na meer spesifiek. (Vergelyk Bailey in Greeff, 2002:302.) Met elke respondent is 'n semi-

gestruktureerde onderhoud gevoer wat deur die vooraf-opgestelde onderhoudskedule gerig is. Die semi-gestruktureerde onderhoude is op audioband vasgelê. Elke band is gemerk met die datum van die onderhoud gevoer en die skuilnaam van die respondent met wie die onderhoud gevoer is. Die navorser het van elke semi-gestruktureerde onderhoud 'n verbatim transkripsie gemaak.

▫ **Databestuur**

Alle data moet behou word en data moet só geberg word dat dit maklik verkry kan word. Tegnieke wat gebruik kan word is kleurcodes, nommerkodes, indekskaarte of rekenaarlêers (De Vos, 2002b:343). Die navorser het vir elke spelterapeut 'n lêer geopen waarin inligting gestoor is. Die inligting bestaan uit die verbatim transkripsies en notas wat die navorser gemaak het. Die navorser het van kleurcodes en nommerkodes gebruik gemaak om die data te bestudeer.

▫ **Die lees en skryf van memorandums**

Die navorser het die transkripte in geheel bestudeer om 'n geheelbeeld te verkry. Die navorser het dit daarna in kategorieë georden. Die navorser het notas gemaak terwyl sy die memorandums gelees het, om die temas, vanuit die inligting daar te stel. (Vergelyk De Vos, 2002b:343.)

▫ **Databeskrywing, -klassifisering en -interpretering**

Marshall en Rossman (in De Vos, 2002b:344) noem dat dié analitiese proses 'n verhoogde bewustheid van inligting vereis. Ter beskrywing van dié fase word Marshall en Rossman (in De Vos, 2002b:344) soos volg aangehaal: “Identifying salient themes, recurring ideas or language, and patterns of belief that link people and settings together is the most intellectually challenging phase of data analysis and one that can integrate the entire endeavour”. Die navorser het in dié fase die inhoud volgens temas en subtemas geklassifiseer. Die navorser het die inligting geïnterpreteer op grond van wat geleer kan word vanuit die data.

▫ **Visualisering en voorstelling van data**

Die navorser het die bevindinge bekend gemaak in 'n woordelike vorm. Die beraders se verbatim aanhalings is deur die navorser gebruik om bevindings te staaf. (Vergelyk De Vos, 2002b:345.)

1.9 VOORONDERSOEK

Die akkuraatheid van die navorsingstudie word deur die vooronderzoek verhoog (McBurney in Strydom, 2002a:210). Bless en Higson-Smith (in Strydom, 2002a:211) definieer 'n vooronderzoek soos volg: “A small study conducted prior to a larger piece of research to determine whether the methodology, sampling, instruments and analysis are adequate and appropriate”. Strydom (2002a:211) noem dat skrywers verskil ten opsigte van die definisie van 'n vooronderzoek. Sommige skrywers omskryf 'n vooronderzoek as slegs die toetsing van sekere aspekte, byvoorbeeld die vraelys, in 'n navorsingsonderzoek. Ander skrywers omskryf die vooronderzoek as 'n volledige navorsingsonderzoek in die klein. Die navorser het tydens die studie slegs die onderhoudskedule in die loop van die vooronderzoek getoets.

9.1 Toetsing van onderhoudskedule

'n Onderhoudskedule is deur die navorser opgestel. Die onderhoudskedule is met twee spelterapeute wat die gestaltbenadering benut, wat nie in die hoofonderzoek betrokke was nie, getoets. Die toetsing van die onderhoudskedule spaar tyd, aangesien gebreke betyds raakgesien word (Fouché & Delpont, 2002:89).

9.2 Uitvoerbaarheid van ondersoek

Die uitvoerbaarheid van die studie is vergemaklik deur die toeganklikheid tot spelterapeute wat kenners is van hulle vakgebied. Die navorser het in die hoedanigheid van beide navorser, asook privaat maatskaplikewerker, die geselekteerde terapeute as respondente in die navorsingsondersoek genader. Die navorser het deur die voorondersoek 'n aanduiding verkry van ongeveer hoeveel tyd aan elke respondent afgestaan sal word en sodoende het die navorser 'n skedule vir afsprake opgestel. Daar is voorsien dat die finansiële kostes beperk sou wees tot brandstof en skryfbehoeftes.

1.10 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEK- PROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

'n Universum is volgens Arkana en Lane (in Strydom & Venter, 2002:198) alle potensiële respondente wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser belangstel. 'n Populasie dui op individue binne die universum wat oor spesifieke eienskappe beskik vir navorsingsdoeleindes (Strydom & Venter, 2002:198). In dié studie is alle spelterapeute wat die gestaltbenadering toepas in die praktyk as die universum omskryf. Die populasie het egter bestaan uit afgestudeerde nagraadse studente van die Universiteit van Pretoria, wat binne die Johannesburg-Pretoria omgewing praktiseer en hulle meestersgrade en/of doktorale grade in spelterapië ontvang het. Selektoring van respondente het geskied ten opsigte van studente wat studeer het vanaf 1993 tot 1999. Die respondente het dus oor vier of meer jare ondervinding beskik.

'n Steekproef kan omskryf word as die seleksie van sekere eenhede vanuit 'n populasie. Die eenhede verteenwoordig dan die populasie, volgens Grinnell

(1997:237). 'n Steekproef is dus volgens die navorser 'n kleiner deel van die populasie wat bestudeer word, met die doel om die populasie te begryp. Die benutting van 'n steekproef spaar tyd en onkoste.

Volgens Strydom en Venter (2002:203) is die twee hoof kategorieë van steekproeftrekking ewekansige- en nie-ewekansige steekproeftrekking. In ewekansige steekproeftrekking het elke eenheid in die populasie 'n gelyke waarskynlikheid om as respondent geselekteer te word. Elke respondent is dus volgens Grinnell (1997:239) verteenwoordigend van die populasie.

Die navorser het van sistematiese ewekansige steekproeftrekking, 'n tipe waarskynlikheidseleksiesteekproef, gebruik maak. Die sistematiese ewekansige steekproeftrekking bestaan uit 'n gelyke interval tussen eenhede. Dié interval moet 'n gelyke afstand tussen eenhede op die lys van moontlike respondente verteenwoordig. (Vergelyk Babbie & Mouton, 2001:190; Grinnell, 1997:242.) Indien een-duisend respondente nodig sou wees vanuit tien-duisend eenhede, sal elke tiende eenheid dus volgens Babbie en Mouton (2001:190), geselekteer word. Menslike vooroordeel word uitgeskakel deur die feit dat die navorser die eerste eenheid op toevallige wyse kies. Die navorser het dus in voorafgaande voorbeeld van Babbie en Mouton (2001:190) enige nommer vanaf een tot tien, vanaf die tabel van toevallige eenhede, geselekteer. Gelyke intervale is toegepas, totdat die benodigde hoeveelheid respondente verkry is.

Die navorser het 'n kronologiese lys van afgestudeerde spelterapeute, wat opgelei is volgens die gestaltbenadering, by die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria verkry. Hierdie maatskaplike werkers het vanaf 1993 tot 1999 as spelterapeute afstudeer. Op dié lys het vier-en-tagtig studente volgens bogenoemde selektering gekwalifiseer. Die navorser het een nommer tussen een en agt op die tabel van toevallige eenhede geselekteer.

Sy het vandaar die respondente volgens 'n interval van agt eenhede geselekteer, totdat tien respondente verkry is, om deel te neem aan die navorsingsondersoek.

1.11 ETIESE ASPEKTE

Strydom (2002b:69) is van mening dat die navorser in die navorsingsvoorstel die motivering vir die studie duidelik moet stel en verder in welke mate etiese riglyne nagevolg sal word. Die navorser noem vervolgens die agt etiese riglyne, asook die navorser se mening ten opsigte van die uitvoering van die etiese riglyne.

♦ **Beskerming van respondente:** Respondente kan fisiese of emosionele skade ly. Volgens Strydom (2002b:64) is dit hoofsaaklik emosionele skade wat deur respondente in die sosiale wetenskappe gely word. Respondente moet sover moontlik beskerm word teen emosionele skade (Grinnell, 1997:31). Die navorser was van mening dat die respondente nie fisiese of emosionele skade in die studie behoort te ly nie, omdat die onderwerp van die studie nie op persoonlike gedrag of probleme fokus nie. Die navorser het egter steeds beskermingsmaatreëls tref vir moontlike emosionele pyn wat deur respondente gely kan word. Die navorser het die respondente daarop wys dat die onderhoud wel moontlik pynlike gebeure na die oppervlak kan bring. Respondente kon na Me. E. Ter Berg (kliniese sielkundige) verwys word indien terapie benodig sou word. Me. M.A. Rebelo (maatskaplike werker) het ook as verwysingshulpbron gedien. (Vergelyk Ter Berg, 2004; Rebelo, 2004.)

♦ **Ingeligte toestemming:** Volledige inligting ten opsigte van die navorsingsondersoek moet aan die respondente verskaf word, voordat toestemming verkry word tot deelname. (Vergelyk Strydom, 2002b:65; Willig, 2001:18.) Respondente moet ingelig word oor hul reg om enige tyd van die navorsing te onttrek. Hulle mag ook nie onbehoorlik beïnvloed word om saam te werk nie, want

dit mag gesien word as viktimisasie (Strydom, 2002b:65). Grinnell (1997:31) noem dat respondente ten volle bewus moet wees van die doel, rede, prosedure en gevolge van die navorsingsonderzoek. Daar is volgens die navorser nie aspekte wat ondersoek word, waarvan die respondente nie bewus was nie. Hul natuurlike gedrag is immers nie ondersoek nie, maar eerder die respondente se ervarings en persepsies oor die onderwerp. Indien aan die respondente volledige inligting oor die navorsingsonderwerp verskaf word sal dit volgens die navorser eerder eerlike samewerking bevorder. Die navorser het die respondente dus deeglik ingelig ten opsigte van die doel van die studie, die prosedure wat in die studie gevolg sal word, die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die respondente blootgestel mag word, asook die navorser se geloofwaardigheid. Vanuit genoemde inligting kon die spelterapeute 'n ingeligte besluit neem of hulle wil deelneem aan die studie of nie. Die navorser was nie in 'n posisie om die respondente, naamlik spelterapeute binne die Johannesburg-Pretoria omgewing, te viktimiseer tot samewerking nie. Vrywillige deelname was tot voordeel van die studie en tot voordeel van die respondente. Skriftelike toestemming (Kyk bylaag 2) van elke spelterapeut is bekom vir deelname aan die studie en om die semi-gestruktureerde onderhoud op oudioband vas te lê.

♦ **Eerlikheid teenoor respondente :** Misleidende inligting mag nie aan die respondente gegee word nie; en doelwitte mag nie van die respondente verberg word nie. (Vergelyk Strydom, 2002b:66; Grinnell, 1997:133; Willig, 2001:18.) Die navorser het nie ten doel gehad om die respondente te mislei nie, maar was geheel en al bona fide. Die navorser het voor die semi-gestruktureerde onderhoud respondente ingelig ten opsigte van die doel, prosedure, moontlike voordele, nadele en moontlike gevare. Die moontlikheid van wanpersepsies is uit die weg geruim tydens die semi-gestruktureerde onderhoud of tydens die terugvoeringonderhoud.

♦ **Vertroulikheid:** Vertroulikheid en privaatheid word as sinoniem beskou en inligting moet vertroulik hanteer word (Strydom, 2002b:67). Sieber (in Strydom, 2002b:67) definieer privaatheid as "... that which normally is not intended for others to observe or analyze". Singleton (in Strydom 2002b:67) verduidelik verder dat "...

the right to privacy is the individual's right to decide when, where, to whom, and to what extent his or her attitudes, beliefs and behaviour will be revealed". Vertroulikheid en privaatheid is dus sinoniem in die sin dat persoonlike inligting vertroulik hanteer moet word. Die navorser het aan respondente verduidelik dat persoonlike inligting nie met ander gedeel sal word nie. Daar is aan die respondente die geleentheid gegee om skuilname te kies. Die navorser het haar verbaal daartoe verbind om die skuilname te gebruik om die beraders se anonimiteit te verseker. Die inligting is op 'n veilige plek bewaar om vertroulikheid te verseker. Bandopnames en verbatim verslae sal slegs aan die studieleier openbaar gemaak word. Die privaatheid van die respondente word volgens Strydom (2002b:68), deur die neem van 'n steekproef verhoog. In dié ondersoek het die navorser dus die respondente se privaatheid verhoog deur gebruik te maak van ewekansige steekproeftrekking.

♦ **Optrede en bevoegdheid van navorser:** Die navorser moet volgens Strydom (2002b:69) bevoeg wees om die navorsing uit te voer. Grinnell (1997:50) wys ook daarop dat die navorser oor die nodige vermoëns en hulpbronne moet beskik om die navorsingsondersoek te kan uitvoer. Dit is die navorser se mening dat sy bevoeg is vir die uitvoer van die ondersoek, aangesien sy 'n geregistreerde maatskaplike werker, asook nagraadse student aan die Universiteit van Pretoria is. Maatskaplike werkers word immers opgelei tot onderhoudvoering en om elke persoon as uniek te beskou, sonder waarde-oordele. In aansluiting hiermee noem Strydom (in De Vos, 2002a:70) dat professionele persone opgelei word en bewus is daarvan dat hul nie hul persoonlike waardes op kliënte moet afdwing nie. Die navorser het juis die spelterapeute wat die gestaltbenadering benut se menings verkry om die vraagstuk te beantwoord. Die navorser het ook deurlopende kontak met haar studieleier behou, om te verseker dat die studie korrek uitgevoer is.

♦ **Samewerking met bydraers:** Die navorser moet aan bydraers samewerking bied (Strydom, 2002a:70). Strydom (2002a:71) noem 'n belangrike punt: "When a researcher has to rely financially on a sponsor, both parties need to clarify ethical issues beforehand, e.g. that the sponsor should not act prescriptively towards the

researcher; that the identity of the sponsor will not remain undisclosed; that the real findings will not remain undisclosed in order to concur with the expectations of the sponsor; or that the real goal of the investigation will not be camouflaged.” Die Universiteit van Pretoria is die student se finansiële bydraer aangesien die student ’n beurshouer van die Universiteit is. Babbie (in Strydom 2002a:72) noem dat: “... science generally progresses through honesty and is retarded by ego-based deception”. Die navorser is van mening dat sy met behulp van haar objektiewe studieleier, ’n wetenskaplik gefundeerde navorsingsondersoek voltooi het. Die navorser het ook die identiteit van die bydraer, naamlik die Universiteit van Pretoria in die navorsingstuk openbaar. Indien die navorsingstuk in ’n wetenskaplike artikel weergegee sou word, sal die navorser die bydraer se identiteit, bekend maak.

♦ **Publikasie van bevindinge:** Die bevindinge moet gepubliseer word in ’n skriftelike vorm. Sonder publikasie van die navorsingsverslag sal dié navorsing min waarde hê (Strydom in de Vos, 2002b:71). Die navorser beplan om die finale geskrewe verslag akkuraat, objektief, duidelik en ondubbelsinnig weer te gee met die hulp van die studieleier van die Universiteit van Pretoria. Die publikasie sal geskied in die vorm van ’n mini-verhandeling, asook ’n wetenskaplike artikel, vir moontlike publikasie.

♦ **Terugvoering/Ontlonting:** Terugvoering of ontlonting moet geskied na die data-insameling (Strydom, 2002b:73 en Willig, 2001:18). Judd (in Strydom, 2002b:73) noem dat terugvoer of ontlonting, respondente die geleentheid gee om hul ervaringe en gevoelens ten opsigte van die uitwerking van die studie, te deel. Dane (in Strydom, 2002b:73) voer aan dat: “... debriefing sessions are the ideal time to complete the learning experience that began with agreeing to participate”. Die navorser en respondente kan dus vanuit die ervaring leer. Die navorser kan die respondente ook deur terugvoering bystaan, indien enige emosionele skade gely is. Dane (in Strydom, 2002b:73) meld immers dat navorsing oor die algemeen ten doel het om die gemeenskap te dien. Die navorser het na die semi-gestruktureerde

onderhoudvoering op die respondente se gevoelens gefokus om te verseker dat emosionele skade nie gely is nie.

1.12 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

1.12.1 Bruikbaarheid

Bruikbaarheid word deur Du Pré en Eksteen (1995:46) as “aanwendbaarheid, doelmatigheid, doeltreffendheid, nuttigheid, effektiwiteit, toepasbaarheid, toepaslikheid, werkbaarheid en werkdaadigheid” omskryf. Hartevelt, Stadler en Hauptfleisch (1993:47) omskryf bruikbaarheid as: “deug, nut, voordeel”. Odendal, Schoonnees, Swanepoel, Du Toit en Booysen (2000:80) definieer bruikbaar as: “Gesik vir gebruik”.

Bruikbaarheid word deur die navorser opgesom as die werkbaarheid en toepaslikheid van die gestaltbenadering as ’n proses in die praktyk. Daar is daarop gefokus of spelterapeute in die praktyk dié benadering as gesik vir gebruik, ervaar.

1.12.2 Gestaltbenadering

Die gestaltbenadering bestaan uit verskillende hoofkonsepte. Ses hoofkonsepte van die gestaltbenadering word deur Smith (in Congress, 1995:1118) genoem naamlik: **holisme, bewustheid, kontak, figuur/voor- en agtergrond, selfregulering/ self-bestuur** en die **hier-en-nou-konsep**.

Die mens het potensiaal om te groei volgens dié benadering, deur bewus te wees van homself of haarself; en die omgewing. **Bewustheid** vind altyd in die hede (**hier-en-nou-konsep**) plaas (“Awareness & Attention”[sa]). Die verlede en toekoms kan dus in die hede uitgeleef word. (Vergelyk Clarkson, 1999:27; Oaklander, 1988:151.)

Die **figuurvoorgrond** kan omskryf word as dit wat vir die persoon teenswoordig belangrik is. Die **figuuragtergrond** is dit wat teenswoordig minder belangrik is (Clarks, 1999:6). Die persoon moet deur **kontakmaking** die geleentheid tot groei en verandering kan meemaak (“Contact: Good & Ill-health”[sa]).

Bewustheid, ontdekking, en eksperimentering van **figuur/voor- en agtergrond** en gedrag, deur kontakmaking, dra by tot die doelstelling van groei. (Vergelyk The Gestalt approach: Basic Gestalt Therapy Theory [sa] ; GANZ history [sa].)

Parlett en Hemming (1996:209) noem dat die terapeut met die aanwys van polariteite die kliënt se teenoorgestelde karaktertrek, gedrag, ervarings en gevoelens eksploreer. **Polariteite** is volgens die navorser ’n konsep wat daartoe lei dat daar op die korrekte figuur/voor- en agtergrond gefokus word.

Selfregulasie is die wyse waarop mense funksies reguleer (Clarks, 1999:34). Balans word deur selfregulasie herstel (Clarks, 1999:22). Selfregulasie kan volgens die navorser beskryf word as die proses wat plaasvind in die persoon se lewe om behoeftes op ’n aanvaarbare wyse te bevredig. Die gestaltbenadering is aanpasbaar as ’n lewenswyse, aangesien dit basiese prosesse, wat enige persoon kan uitleef, behels. (The Gestalt approach: Basic Gestalt Therapy Theory [sa]). Die persoon word volgens die navorser deur die toepassing van die gestaltbenadering tot **selfregulering/selfbestuur** gelei.

1.12.3 Speltherapeute

● Speltherapie

Speltherapie is ’n metode om kinders met emosionele en psigologiese probleme te

behandel. Speltherapie word in 'n speelkamer met speelgoed en ander aktiwiteitsmateriaal as hulpmiddels toegepas. Die doel van speltherapie is om die kind tot hulp te wees om probleme op te los en om die kind se emosionele gesondheid te verhoog. Speltherapie vind gewoonlik tussen een terapeut en een kind plaas, maar speltherapie kan ook toegepas word met groepe kinders (Vrana, 1996:1254).

Geldard en Geldard (1997:85) noem dat berading met kinders makliker en meer effektief in 'n spelterapiestikamer met die nodige hulpmiddels plaasvind. Speltherapie kan egter in ander plekke, met minder fasiliteite, byvoorbeeld by skole, hospitale en staatskantore toegepas word. Media en aktiwiteite word gebruik om terapieuties met die kind te werk. Media behoort egter deur die terapeut gekies te word op grond van die kind se individualiteit en ontwikkelingsfase (Geldard & Geldard, 1997:90).

Speltherapie is dus 'n werkswyse om kinders te bereik deur aktiwiteite en nie net op verbale vlak nie. Kinders ervaar dit as minder bedreigend en die spelterapeut kan die kind terapieuties tot hulp wees in die onthulling van die kind se ervarings, probleme en negatiewe gedrag, gevoelens en/of denke.

● Therapieute

Die Web du Bois hyperwoordeboek [sa] omskryf terapeut as: "A person who is expert in providing individual, group or family therapy for people in need and a person skilled in a particular type of therapy".

KidsHealth [sa] omskryf terapeut as iemand wat met gevoelens en denke werk. 'n Terapeut is iemand wat hulp bied in hantering van moeilike situasies en probleemoplossing.

Kipfer (1999:803) se omskrywing van 'n terapeut is: “adviser, analyst, clinican”. Sy sien dus die terapeut as 'n adviseur, analitikus en klinikus.

'n Terapeut is volgens die navorser iemand wat opgelei is in 'n spesifieke benadering of benaderings met die doel om kliënte se denke, gevoelens, gedrag en omstandighede op 'n holisties wyse te analiseer. Advies word direktief of indirektief, afhangend van die benadering wat deur die terapeut benut word, aan die kliënt gegee. Die doel van terapie is om die kliënt se maatskaplike funksionering te verhoog.

- Speltherapeute

'n Speltherapeut word deur die navorser gedefinieer as: 'n Opgeleide terapeut wat 'n spesifieke benadering(s) in samehang met spel terapie toepas met die doel om kinders se maatskaplike funksionering te verhoog.

1.12.4 Praktyk

Argyris (1999:79) definieer praktyk soos volg: “The implementation of a set of ideas in order to achieve intended consequences in a world of practical affairs. The act of implementation may be at the level of formulating a policy or executing it”. Praktyk word deur Argyris (1999:80) gesien as die toepassing van denke met die doel om sekere resultate te behaal. Praktyk word omskryf as die maak en uitvoer van beleid.

Du Pré en Eksteen (1995:267) omskryf praktyk as 'n beroepswerksaamheid of handeling met kliënte of pasiënte. Hartevelt, Stadler en Hauptfleisch (1993:227) beskryf praktyk as 'n prosedure.

Die navorser omskryf praktyk as die beroepswerksaamheid of prosedures, wat herhaaldelik benut word deur 'n opgeleide speltherapeut, om persone te behandel met die doel om spesifieke resultate te behaal.

1.13 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

In **hoofstuk een** word die algemene inleiding tot die ondersoek beskryf. 'n Literatuurstudie sal in **hoofstuk twee** oor die ontstaan, doelstelling, hoofkonsepte, tegnieke, positiewe aspekte en leemtes van die gestaltbenadering uiteengesit word. Die hoofkonsepte van die gestaltbenadering sluit holisme, bewustheid, kontak, figuur/voor-en agtergrond, selfregulasie en die hier-en-nou konsep in. Die tegnieke van die gestaltbenadering wat bespreek sal word sluit taal, bi-polêre denkwyses, fantasie speletjies en droomwerk in. Laastens sal daar in literatuur gefokus word op die positiewe aspekte en leemtes van die gestaltbenadering. In **hoofstuk drie** sal die empiriese ondersoek aangebied word op grond van 'n semi-gestruktureerde onderhoud met respondente binne 'n kollektiewe gevallestudie. Die navorsing sal fokus op spelterapeute wat die gestaltbenadering benut, se persepsies ten opsigte van die effektiwiteit en bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk. Die empiriese bevindinge kan sodoende met die literatuur geverifieer word. Die gevolgtrekkings en aanbevelings van die ondersoek sal in **hoofstuk vier** saamgevat word.

HOOFSTUK TWEE: DIE GESTALT BENADERING

2.1 INLEIDING

'n Benadering gee aan feite orde en betekenis (Thomas, 2000:4). 'n Benadering word deur Thomas met 'n lens, wat sekere feite in mekaar skakel en ander feite uitlaat, vergelyk. 'n Benadering vorm dus die grondslag waaruit daar gelet word op watter feite van belang is en watter feite saamgevoeg behoort te word ten einde 'n kliënt te begryp (Thomas, 2000:4,5). Die bestaan van verskeie benaderings ontwikkel kennis, aangesien navorsers deurlopend verskillende perspektiewe ondersteun of bevraagteken (Berk, 2000:6).

Die gestaltbenadering is tans een van die hoofstroom psigoterapieë in die wêreld (Clarks, 1999:1). 'n Wye verskeidenheid van professionele persone binne onder andere die velde van gesondheid, sielkunde en opvoedkunde beoefen dié benadering (The Gestalt Approach Sydney Gestalt Centre [sa]).

Volgens Thompson en Rudolph (1996:159) kan die wetenskaplikheid van 'n benadering aan die tydperk van groei en toetsing gemeet word. Die gestaltbenadering het in die verlede meer van frustrasietegnieke gebruik gemaak. Die manipulerende kliënt is ook met afsydigheid behandel. Teenswoordig is die gestaltbenadering sagter ingestel. Die kommunikasiestyl tussen terapeut en kliënt het verander, aangesien meer direkte kommunikasie plaasvind. Dié benadering het oor 'n tydperk verander in die sin dat dit meer ondersteunend en mensgeoriënteerd geword het. (Vergelyk Corsini & Wedding, 1989:330; The Gestalt Approach: Basic Gestalt Therapy Theory [sa].)

In hierdie hoofstuk word op die ontstaan, doelstelling, hoofkonsepte, tegnieke, positiewe aspekte en leemtes van die gestaltbenadering gefokus. Die ontstaan van die gestaltbenadering word breed toegelig, met die doel om 'n beter begrip vir die ontwikkeling van die benadering daar te stel. Klem word op die hoofkonsepte en

tegnieke geplaas, aangesien 'n empiriese ondersoek sal volg ten opsigte van die bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk.

2.2 DIE ONTSTAAN VAN DIE GESTALT BENADERING

Wulf (1998:81) noem dat die gestaltbenadering deur Fritz Perls, Laura Perls en Paul Goodman ontwikkel is. Phillipson (2001:64) voeg ander persone as ontwikkelaars, naamlik Paul Weisz, Elliot Shapiro en Isadore From, by. Volgens Wulf (1998:81) is die gestaltbenadering vanuit verskeie konsepte en dissiplines ontwikkel.

As 'n neuropsigiater het Fritz Perls gedurende 1926, as 'n mediese assistent van Kurt Goldstein by die Frankfurt-Instituut gewerk. (Vergelyk Clarks, 1999:5; Corsini & Wedding, 1989:323; Parlett & Hemming, 1996:194; Wulf, 1998:87.) Dié instituut was prakties van aard. Soldate met breinbeserings is behandel met die doel om hul terug te stuur na die gevegslinies. Daar is by ander beseerde soldate vasgestel of hul in hulle siviele werk sou kon voortgaan en of ongeskiktheidstoelaes vir die soldaat van toepassing sou wees. (Vergelyk Corsini & Wedding, 1989:323; Ash, 1995:276.) Goldstein het op 'n persoon as organisme, wat homself tot self-aktualisasie dryf, gefokus. Volgens Goldstein sou die organisme, ongeag van emosionele, biologiese of ander skade, die wil tot selfaktualisering hê (Clarks, 1999:5). Fritz Perls het Laura Posner, sy eggenote, by dié instituut ontmoet. Sy was 'n sielkunde- en filosofiestudent; en het noue kontak met gestaltsielkundiges gehad. (Vergelyk Corsini & Wedding, 1989:323; Parlett & Hemming, 1996:194; Wulf, 1998:86.)

Die Perls-egpaar is beide in Duitsland gebore. Hulle het grootgeword met die eksperimentele kultuur, wat in die 1920's in Duitsland floreer het. Filosofie, opvoeding, kuns, politiek en sielkunde was in 'n omwentelingstadium. (Vergelyk Parlett & Hemming, 1996:194; Wulf, 1998:82.) Dit is volgens die navorser interessant dat die gestaltbenadering, wat deur die Perls-egpaar ontwikkel is, óók 'n eksperimentele benadering is. GANZ history [sa] noem ter verduideliking dat die eksperimentele benadering die kliënt aanmoedig om aksie te neem en nuwe wyses van probleemoplossing, aan te pak.

Die Perls-egpaar is ook blootgestel aan die filosofie van eksistensialisme en fenomenologie, wat grootendeels die fondasie van die gestaltbenadering vorm. (Vergelyk Corsini & Wedding, 1989:328; GANZ history [sa].) Die eksistensiële benadering is op die hier-en-nou-konsep gegrond. Dié benadering fokus op die teenswoordige bestaan van die mens en die voortdurende keuses wat deur die mens uitgeoefen moet word. (Vergelyk GANZ history [sa]; Wulf, 1998:83.) Die fenomenologiese benadering fokus op die kliënt se subjektiewe persepsie van die realiteit. Die benadering het ten doel om die kliënt se bewustheid van homself en ander te verhoog. (Vergelyk GANZ history [sa]; Wulf, 1998:89.)

GANZ history [sa] noem 'n verdere twee benaderings waarop die gestaltbenadering gefundeer is, naamlik: die dialoogbenadering, waar die kliënt saam met die terapeut sy denkwyses, gevoelens en gedrag eksploreer; én die holistiese benadering waar die verlede, hede, toekoms, individu, familie en kulturele agtergrond in ag geneem word.

Sigmund Friedlander, 'n filosoof wie se konsepte op onderskeidende denke en kreatiewe neutraliteit gefundeer is, het 'n definitiewe invloed op Perls en sy eggenote gehad. Kreatiewe neutraliteit dui op die proses waar teenoorgesteldes erken word. (Vergelyk Corsini & Wedding, 1989:328; Wulf, 1998:85.) Polariteite, 'n bekende tegniek in die gestaltbenadering, het vandaar die oorsprong.

Frederick Perls het, as akteur, saam met direkteur Max Reinhardt gewerk. Perls se klem op nie-verbale kommunikasie is hier gevorm. Fritz Perls het ook vir Moreno, die ontwikkelaar van psigodrama gedurende 1947 ontmoet. Hiër het Perls die leëstoel-tegniek en rollespel aangeleer. Moreno het self dié tegnieke vanuit die teaterwêreld tot terapie aangepas. Die liefde vir toneelspel is in Frederick Perls se werkswinkels weerspieël. (Vergelyk Parlett & Hemming, 1996:194; The Gestalt Approach: Basic Gestalt Therapy Theory [sa]; Wulf, 1998:84.)

Laura Perls het 'n belangstelling in beweging, dans en Oosterse filosofie gehad. Fritz Perls het saam met die psigoanalisis, Karen Horney, Oosterse Zen-Buddhisme bestudeer. Hy het opleiding in Zen Buddhisme gedurende die sewentiger jare in

Japan ontvang. (Vergelyk Parlett & Hemming, 1996:194; The Gestalt Approach: Basic Gestalt Therapy Theory [sa]; Vanden Eynde, 1999:90; Yontef, 1993:137.) Vanden Eynde (1999:91) noem drie konsepte vanuit Buddhisme wat in die gestaltbenadering voorkom, naamlik: bewustheid, kontakmaking en die impasse-laag. Clarks (1999:14) is van mening dat die gestaltbenadering nie gebaseer is op Zen-buddhisme nie. Sekere tegnieke kan wel, volgens haar, na Buddhisme lyk. Joubert (2004) stem saam dat die gestaltbenadering nie die Buddhisme aanhang nie.

Die buitengewone kulturele tydperk van die twintigs het egter nie oorleef nie. Die egpaar was gedurende 1933 op Hitler se swartlys as radikale gelys (Parlett & Hemming, 1996:194). Corsini & Wedding (1989:323) noem dat Frederick Perls 'n Jood was. Hulle het gevlug na Nederland en daarna na Suid-Afrika waar hulle, as psigoanaliste, tot 1946 gewerk het (Parlett & Hemming, 1996:194.) Die egpaar is in Suid-Afrika deur die eerste minister van Suid-Afrika, naamlik, Jan Smuts beïnvloed. Smuts het 'n boek geskryf oor holisme en evolusie. Smuts het die ekologiese sisteem van die gestaltbenadering beskryf. (Vergelyk Parlett & Hemming, 1996:194; Wulf, 1998:88; Yontef, 1993:137.)

Die boek *Ego, Hunger and Aggression* is deur Smuts geskryf gedurende 1941-1942 en is gedurende 1946 in Suid-Afrika gepubliseer. Die subtitel was: *A Revision of Freud's Theory and Method*. Die subtitel is gedurende 1966 verander na: *The Beginning of Gestalt Therapy* (Corsini & Wedding, 1989:330). Perls (1998:69) se kritiek teenoor Freud se psigo-analitiese benadering was dat Freud se siening van 'n normale samelewing te rigied was. Freud het ook volgens Perls (1998:69) nie die diversiteit van die individu self; en in verhouding met die omgewing, in ag geneem nie.

Verskeie skrywers, politieke aktiviste en terapeute het op die Perls-egpaar gefokus. Paul Goodman, 'n digter, opvoedkundige en sosiale kritikus het 'n groot deel van die boek *Gestalt Therapy* (1951) saam met die egpaar geskryf (Parlett & Hemming, 1996:195). Phillipson (2001:65) noem dat Goodman ook aan 'n tweede belangrike boek saam met die egpaar gewerk het, naamlik: *Gestalt Therapy: Excitement and*

Growth in the Human Personality (1951). Die boek het volgens Phillippson (2001:65) slegs aandag getrek, aangesien Perls as die mees effektiewe psigoanalise in Amerika bestempel is.

Die eerste instituut van die gestaltbenadering is gedurende 1950 in New York deur Fritz Perls, Laura Perls, Paul Goodman, Paul Watzlawick, Elliot Shapiro en Isadore From, opgerig. (Vergelyk Parlett & Hemming, 1996:195; Phillippson, 2001:65.) Die Perls-egpaar het gedurende die vyftiger jare, werksinkels en seminare oor die gestaltbenadering in New York, Cleveland, Miami en Los Angeles gehou (Corsini & Wedding, 1989:329). In die sestiger jare het Frederick Perls na Kanada verhuis. Hy het saam met Irma Shepherd, Robert W. Resnick, Robert L. Martin, Jack Downing en John Enright gestaltterapeute in Esalen opgelei (Corsini & Wedding, 1989:330). Nuwe konsepte soos direkte kontak tussen terapeut en klient, die klem op direkte ervaring, die klem op die hier-en-nou en die persoonlike verantwoordelikheid van die klient, was opwindend en skokkend vir die tradisionele instellings (Corsini & Wedding, 1989:330).

2.3 DOELSTELLING VAN DIE GESTALTBENADERING

Volgens Clarks (1999:1) word die Duitse woord “gestalt”, die beste met ’n gesin vergelyk. Verskillende dele bestaan, dog is daar eenheid. Net so bestaan die mens uit verskillende dele, dog kan die mens nie soos ’n optelsom bymekaar getel word nie. Die mens is te kompleks daarvoor. Die doel van die gestaltbenadering is dat die klient, dié verskillende dele in homself, ervaar. Volgens (Clarks, 1999:1) word die klient sodoende wat hy is. Die persoon se volle potensiaal kan dus na vore kom. Mens het volgens die gestaltbenadering ’n behoefte om betekenis aan hul eie persepsies, ervarings en bestaan te gee. Die gestaltbenadering fokus daarop om ’n klient se lewe as ’n betekenisvolle geheel, hetsy biologies of geestelik, daar te stel (Clarks, 1999:5).

Perls (1998:68) noem dat die gestaltbenadering op ’n eenvoudige beginsel berus, naamlik dat die klient as ’n geheel kan funksioneer indien hy ondersteuning ontvang. ’n Neurotiese persoon is dikwels van homself en/of ander persone gedissosieër.

Integrasie in die persoon moet dus geskied deur assimilasie en kontak (Perls, 1998:68). Wanneer integrasie geskied kan die persoon suksesvol met ander persone en die omgewing kontak maak. Die kliënt se behoeftes kan dus sodoende vervul word. (Vergelyk Perls, 1998: 68; Williams, 2001:25.)

Yontef (1993:55) sluit hierby aan dat die gestaltbenadering volwassenheid as doelstelling stel. Sensories-motoriese sintuie lei tot kontak met die persoon self en die omgewing. Indien gesonde kontak gemaak word met die omgewing kan selfondersteuning en volwassenheid die gevolg wees.

’n Eerste stap tot integrasie is dat die kliënt van homself en die wêreld om hom bewus moet wees. Indien vermyding van ander plaasvind, vind ’n ontsnapping na intellektualisme plaas, waar daar na oorsake in die verlede gesoek word. Verantwoordelikheid word dus vermy. Onbewustheid by die kliënt kan ook daartoe lei dat die kliënt oor die toekoms dagdroom. Die kliënt moet daarom volgens die gestaltbenadering bewus gemaak word van die hede, sodat die kliënt in staat is om verantwoordelikheid te neem vir keuses wat gemaak word. (Vergelyk Perls, 1998:70; GANZ history [sa].)

Die doelstelling van die gestaltbenadering is dus dat die kliënt se verskillende dele, geïntegreer word. Daar word op disfunksionele hanteringswyses en kontakmaking gefokus. Duidelike grense word gestel om gesonde kontak te bewerkstellig (Northen Rivers Gestalt Institute [sa]). Die kliënt word sodoende gefasiliteer om ’n gestalt te voltooi. (Vergelyk Perls, 1998:69; Berger, 1999:32.) ’n Oop gestalt is ’n gestalt wat oor ’n lang termyn geskied. Dit is hiër waar pligsgetrouheid, volharding en verantwoordelikheid nodig is (Berger, 1999:32). ’n Langtermyngestalt kan volgens die navorser, as voorbeeld, die voltooiing van studies wees.

2.4 HOOFKONSEPTE VAN DIE GESTALTBENADERING

Die hoofkonsepte van die gestaltbenadering word deur Smith (in Congress, 1995:1118) genoem, naamlik: *holisme, bewustheid, kontak, figuur/voor-*

en agtergrond, selfregulering/selfbestuur en die hier-en-nou-konsep. Dié konsepte sal vervolgens bespreek word.

2.4.1 Holisme

Holisme verwys na die mens as 'n fisiese, psigiese, intellektuele, emosionele, interpersoonlike en geestelike wese. Die verlede, hede, toekoms, die individu, familie en kultuur word as belangrik beskou. Alle dele van die self en die persoon se omgewing word dus geïntegreer volgens GANZ history [sa]. Elk van dié aspekte is onafskeidbaar van die persoon se omgewing, geskiedenis en kultuur. (Vergelyk GANZ history [sa]; Smith in Congress, 1995:1118.) Clarks (1999:19) noem dat verskillende aspekte van die mens op verskillende tye aangeraak word. Die gestaltterapeut is egter deurentyd bewus daarvan dat die mens die vryheid het om verskillende dele van homself te integreer. Die persoon word aangemoedig om homself te wees. (Vergelyk Belkin, 1995:245; Clarks, 1999:20.)

Volgens die navorser bestaan 'n persoon volgens die gestaltbenadering uit verskillende eenhede, dog het elke eenheid 'n invloed op die geheel. 'n Persoon se innerlike gevoelens en denke, uiterlike beeld en gedrag, ander persone in sy lewenswêreld en die omgewing kan 'n invloed op 'n persoon hê.

2.4.2 Bewustheid

Bewustheid vind in die hede plaas. Al onthou 'n persoon 'n gebeurtenis in die verlede, word dit in die hede herroep. Indien bewustheid nie bestaan nie, kan die persoon verlore wees in die herinnering; en die gepaardgaande emosies wat die herinnering na vore bring. Bewustheid plaas dus die persoon op 'n afstand, ten opsigte van die gebeurtenis in die verlede. In die gestaltbenadering word die kliënt se bewustheid verhoog deur die kliënt bewus te maak van liggaamlike sensasies, sintuiglike sensasies, denke, kennisies, herinneringe en toekomsplanne (Awareness & Attention [sa]).

Die terapeut poog verder om die kliënt bewus te maak van spesifieke gevoelens. Indien die kliënt meer bewus is van innerlike ervaring as gevolg van die omgewing,

die verlede en die hede, behoort emosionele groei plaas te vind. (Vergelyk Smith in Congress, 1995:1118; Yontef in Dierks, 1999:76.)

Bewustheid is dus 'n sleutel wat gebruik kan word om positiewe kontak te maak, asook om verantwoordelike besluite te neem. Bewustheid is volgens die navorser een van die belangrikste hulpmiddels tot groei. Indien 'n persoon nie bewus is van homself, sy eie gevoelens, sy probleme en ander persone nie, sal die persoon nie 'n gesonde en volwasse lewenstyl kan handhaaf nie. Parlett en Hemming (1996:209) noem as praktiese voorbeeld dat wanneer 'n kliënt identifiseer dat hy gespanne word, onttrek of gevoelens onderdruk, die persoon keuses kan uitoefen. Hy kan ontspan, anders asemhaal, praat en optree, op 'n wyse wat hom meer op sy gemak stel. Hoër bewustheid lei dus volgens die navorser daartoe dat 'n persoon meer beheer het, aangesien hy keuses kan uitoefen.

2.4.3 Kontak en kontakgrensversteurings


2.4.3.1 Kontak

Polster en Polster (in Dierks, 1999:77) noem dat kontak slegs kan plaasvind tussen twee wesens. 'n Voorbeeld is waar 'n huidige traumatiese ervaring ooreenstem met 'n traumatiese ervaring in die verlede. Regressie in die kliënt vind plaas wanneer die kliënt kontak met realiteit verloor. Die kliënt se gesigsuitdrukking en stemtoon in die hede, sal ooreenstem met die gesigsuitdrukking en stemtoon tydens die traumatiese ervaring, in die verlede. ('n Persoon se regterbrein wat die gesigsuitdrukkings, stemtone en innerlike motiewe vorm, is dán in werking). Die feit dat die kliënt nie bewus is van die regressie nie en nie kontak maak met die bewuste nie, wys dat die saak onverwerk is. Genesing moet dus plaasvind. Indien die kliënt egter bewus is van die regressie en die reaktiewe patroon, kan die kliënt die proses halt roep en kontak begin maak. Die kliënt se lewe sal sodoende meer betekenisvol wees. Volgens die navorser kan die onverwerkte emosies dan hanteer word.

Smith (in Congress, 1995:1118) noem dat die gestaltterapeut kontak tussen die kliënt en omgewing, kontak tussen die kliënt se innerlike en uiterlike en; kontak tussen die

kliënt en terapeut wil verbreed. Kontakmaking vind dus volgens die navorser tussen verskeie faktore binne en buite die kliënt plaas. Gesonde kontakmaking in die gestaltbenadering word omskryf as: voedend, ondersteunend, doelgerig en uitdagend. Die persoon moet deur kontakmaking die geleentheid tot groei en verandering kan meemaak (Contact: Good & Ill-health [sa]).

Clarks (1999:33) toon gesonde kontakmaking deur 'n figuurvorm wat as die siklus van gestaltvorming en terminering bekendstaan. Die navorser stel dit soos volg voor:



Figuur 1: Die gesonde siklus van gestaltvorming en terminering. (Vergelyk Clarks, 1999:33; Parlett & Hemming, 1996:199).

2.4.3.2 Kontakgrensversteurings

'n Kontakgrensversteuring kom voor wanneer 'n persoon nie vryheid het om te groei of te verander nie. Die navorser het dit waargeneem in praktyk waar pleegouers nie aan hul pleegkind die vryheid gun om homself te wees nie. Die pleegouers het 'n beeld geskep van hoe die kind volgens hul behoort op te tree, wat daartoe lei dat die kind se ware self onderdruk word. Ongesonde kontakmaking geskied en die kind se groei en positiewe verandering word sodoende onderdruk. Die gestaltbenadering erken kontakgrensversteurings, sodat dit in terapie hanteer kan word.

Kontakgrensversteurings in die gestaltbenadering is: projeksie, desensitasie, introjeksie, samevloeiing, defleksie, retrofleksie en egotisme. (Vergelyk Clarks, 1999:57; Congress, 1995:1119-1120; Contact: Good & Ill-health [sa].) Dit sal vervolgens bespreek word:

♦ **Projeksie**

Freud het projeksie omskryf in die sin dat 'n persoon se innerlike persepsies na buite geprojekteer word. Hy het geprojekteerde persepsies as 'n belangrike aspek in die vorming van die persoon se uiterlike wêreld gesien (Rabin, 1994:127). Die terapeut kan dus volgens die navorser, deur die kliënt se projeksies, die kliënt se innerlike denke ondersoek.

Contact: Good & Ill-health [sa] sluit hierby aan en noem dat projeksie omskryf word as: die aksie wat plaasvind wanneer 'n persoon sy eie denke en gevoelens aan ander toeskryf. Die navorser is van mening dat dit ongesonde of negatiewe projeksie is. Perls (1998:71) noem 'n praktiese voorbeeld van 'n kliënt wat 'n vrees het om as dwaas geëtiketteer te word. Die persoon het onkonstruktiewe denke en tree dwaas op in verhoudings. Dié persoon sal vir ure stry en die terapeut selfs as 'n dwaas uitmaak. Perls (1998:71) noem dat die persoon egter slegs projekteer, dat dit vir hom voel asof ander mense hom as 'n dwaas beskou. Dié kliënt moet besef dat hy geheime oorwinnings opgaar. Die kliënt lei ander mense om die bos en dit is beslis nie ander

persone wat dié persoon om die bos lei nie. Volgens Perls (1998:71) moet die terapeut dié kliënt bewus maak van sy optrede.

Die navorser is van mening dat projeksie met 'n truprojektor vergelyk kan word. Die objek wat op die truprojektor se basis geplaas word, word via 'n spieël na die buite wêreld geprojekteer. Die probleem van die innerlike wêreld van die kind, word dus deur projeksie as tegniek van die gestaltbenadering na die kind en die terapeut terug weerkaats. Die kinderkliënt kan selfs 'n ervaring in 'n fantasiestorie weerspieël. 'n Projeksie kan dus negatief wees, maar indien die kliënt die projeksie erken, kan dit positief omskep word. Oaklander (1988:193) noem dat die waarde van projeksie daarin lê dat kinderkliënte dit dikwels moeilik vind om op hulle eie dieper te delf. Die terapeut gebruik dus projeksie om deure te open na die kliënt se innerlike wêreld. 'n Probleem kan dus deur projeksie as tegniek erken word.

Oaklander (1988:53) het 'n model vir projeksie as tegniek voorgestel. Sy gee veertien moontlike vrae om te vra gedurende die benutting van die projeksietegniek. Dié veertien vrae is volgens haar slegs 'n voorbeeld van eindelose moontlikhede wat benut kan word. Die navorser lig vervolgens die veertien voorstelle uit:

- * Die terapeut vra die kind om sy gevoelens te deel oor hoe dit gevoel het om die taak te verrig.
- * Die kind word gevra om die skepping te beskryf.
- * Die kind word gevra om uit te brei oor die skepping. Dele van die skepping word dus beskryf.
- * Die kind word gevra om hom te verbeel dat hy die skepping is. Gevoelens kan sodoende gedeel word en verdere beskrywing kan plaasvind.
- * Die kind word gevra om met spesifieke objekte, lewende wesens en simbole in die skepping te identifiseer. Hy moet daardie deel van die skepping verder beskryf.
- * Vrae word gevra, byvoorbeeld: “Wat doen jy?”, “Wie is die naaste aan jou?”, “Wie gebruik jou?” Die terapeut is dus bewus van alle dele van die skepping en het die vermoë om verskeie moontlikhede in die skepping te eksploreer.
- * 'n Sekere deel van die skepping word beklemtoon.

- * Die kind word gevra om 'n dialoog te vorm tussen twee dele van die skepping.
- * Die kind word bewus gemaak van kleure en wat dit vir hom spesifiek beteken. Hy word dus aangemoedig om bewus te wees van sy gevoelens.
- * Die terapeut moet op die kind se nie-verbale taal let gedurende dié tegniek en dit benut indien moontlik. Oaklander (1988:55) noem dat sy op 'n vlietende nie-verbale teken van vrees by 'n kliënt gereageer het en dat die probleem dadelik geïdentifiseer is.
- * Die kind word gehelp om met die skepping te identifiseer, deur te vra of hy ooit so voel, of hy ooit so iets doen en of dit enigsins in sy lewe inpas.

Tydens die benutting van die projeksietegniek sal op die volgende kontakgrensversteurings gelet word:

♦ Desensitasie

Deels kan desensitasie gesond en normaal wees. Clarks (1999:57) noem die voorbeeld van 'n atleet wat 'n blaas op sy voet sal ignoreer, ten einde 'n wedloop te wen. Desensitasie is egter 'n kontakgrensversteuring wanneer 'n persoon sy eie gevoelens en behoeftes verontagsaam, ten koste van sy eie of ander se welsyn. Dit kan in verskillende grade voorkom soos byvoorbeeld, om té lank in die son te bak. 'n Voorbeeld van 'n meer ernstige graad is waar 'n kliënt te veel drink, te min slaap en werk doen onder intense spanning. Die persoon leef dus 'n ongesonde lewenstyl en neem nie sy liggaam se behoeftes in ag nie. Die persoon is dus nie in kontak met homself en die omgewing nie (Clarks, 1999:57). Die navorser neem in die praktyk waar dat mishandelde kinders dikwels gedesensiteer is vir hul eie behoeftes, aangesien hul voogde of ouers nie die kinders se behoeftes in ag neem nie.

Clarks (1999:67) noem dat narsistiese persone ook dikwels gedesensiteer is. Hulle is verveeld, blasé en het volgens hulself niks om na uit te sien nie. Die kliënt en gestaltterapeut moet dié leegheid erken. Die leegheid moet in terapie tot iets vrugbaars omskep word.

♦ **Introjeksie**

Introjeksie is 'n kontakgrensversteuring wanneer die kliënt 'n negatiewe boodskap oor homself, vanaf ander persone, sonder bevraagtekening aanvaar. Die boodskappe is gewoonlik volgens die navorser negatief of afbrekend. Contact: Good & Ill-health [sa] noem 'n voorbeeld waar 'n pa sy seun as dom etiketteer. Die seun, as volwassene, dink aan homself as 'n dom persoon, omdat hy die introjek glo. Yssel (1999:90) is van mening dat diesulke introjekte die kliënt se selfwaarde vernietig.

♦ **Samevloeiing**

Samevloeiing kom voor wanneer die kliënt enige sin van self onderdruk. Die kliënt beskou homself nie as uniek nie (Contact: Good & Ill-health [sa]). Samevloeiing vind volgens Dabbagh (1999) plaas deur persepsies wat kliënte oor hulself maak as gevolg van ervarings wat hulle deurmaak. Negatiewe ervarings kan volgens die navorser daartoe lei dat kliënte vals persepsies oor hulself maak. Die kliënt kan dus voel hy is van mindere belang en kan sy eie voorkeure nalaat, ter wille van ander.

♦ **Defleksie**

Defleksie vind plaas wanneer die kliënt direkte kontak vermy, deur byvoorbeeld die onderwerp van bespreking te verander (Contact: Good & Ill-health [sa]). Geldard en Geldard (1997:49) noem dat die kinderkliënt op 'n natuurlike wyse deflekteer wanneer hy met emosionele pyn konfronteer word. Dit is volgens Geldard en Geldard (1997:49) vir die kinderkliënt 'n hanteringswyse om sy daaglikse lewe te kan hanteer.

Die navorser is van mening dat defleksie positief en negatief aangewend kan word. Defleksie kan 'n persoon help om sy probleme tydelik eenkant te skuif, sodat hy die hede kan geniet. Indien 'n kliënt egter nie op 'n punt kom waar hy aan sy probleem wil werk nie, is defleksie negatief.

♦ **Retrofleksie**

Retrofleksie vind plaas wanneer die individu aan homself doen wat hy aan ander sou wou doen, byvoorbeeld waar 'n persoon op sy lip byt, eerder as om te sê wat in sy gedagtes is (Contact: Good & Ill-health [sa]). Retrofleksie is dus gedrag en denke wat na binne gerig word. Die probleem word dus nie opgelos nie (Clarks, 1999:55). Dit sal volgens die navorser vir die individu wat dié gedrag toepas beter wees om ander hanteringswyses aan te leer.

♦ **Egotisme**

Egotisme kom voor wanneer die kliënt se lewe só om homself draai dat hy nie kontak met ander maak nie. 'n Persoon kan byvoorbeeld vir 'n vriend vra hoe dit gaan en self begin kla oor sy eie dag by die werk (Contact: Good & Ill-health [sa]). Clarks (1999:61) beskryf egotisme as die proses waar 'n persoon sy eie toeskouer word. Hy lewer kommentaar oor homself; en kommentaar oor sy eie verhouding met die omgewing.

Die persoon maak dus nie kontak met ander nie, omdat hy op sy eie lewe, gedagtes en gevoelens fokus. Clarks (1999:61) noem dat dié persoon homself so bewonder, dat hy spontaneïteit verloor. Egotisme het ook volgens Clarks (1999:61) tot gevolg dat die persoon so besig is met homself, dat hy nie die hede ten volle kan geniet nie. Hy fokus so op homself, dat hy die huidige ervaring nie meemaak nie. Egotisme beïnvloed positiewe kontak met die omgewing, aangesien die persoon nie met opregtheid kan gee of ontvang nie.

Die navorser is van mening dat die kliënt volgens die holistiese konsep in 'n omgewing is. Indien die persoon homself sien as sy eie lewenswêreld; en nie plek maak vir ander nie, sal dit tot negatiewe kontakmaking lei. Doeltreffende kontak is nodig vir 'n gesonde gestalt in die kliënt se lewe. Die terapeut fokus op die vyf lae van Perls met die doel om doeltreffende kontak by die kliënt te bewerkstellig. Dié lae sal vervolgens bespreek word:

2.4.3.3 Perls se vyf lae van doeltreffende kontak

Contact: Good and Ill-health [sa] stel dit dat kontakgrensversteurings nie neuroties is, indien die kliënt bewus is van wat hy doen en die kontakgrensversteuring met eie vrye wil toepas nie. Dit is egter neuroties wanneer die individu die kontakgrensversteuring as gewoonte en sonder bewustheid, aanwend. Indien die kontakgrensversteurings egter tot 'n neurotiese toestand gelei het, noem Thompson en Rudolph (1996:143) dat Perls se vyf lae tot doeltreffende kontak tot hulp kan wees in terapie. Die fase waarin die kliënt funksioneer word geïdentifiseer. Die terapeut moedig die kliënt deur die gebruik van tegnieke aan om na die volgende fase te beweeg. Perls se vyf lae van kontak is die valse, fobiese, impasse, implosiewe en eksplosiewe lae.

♦ Die valse laag

Tydens die valse laag poog mense om iemand te wees, wie hulle nie is nie. Die navorser is van mening dat die kliënt sodanig optree om verwerping te vermy. Die laag is kenmerkend in die sin dat baie konflikte bestaan wat nie opgelos is nie (Thompson & Rudolph, 1996:143). Phillipson (2005) noem dat die kliënt dit wat van belang is vermy in dié fase. Die kliënt tree volgens die navorser in die fase in ooreenstemming met die negatiewe introjekte in sy lewe op.

♦ Die fobiese laag

Tydens die fobiese fase word mense bewus van hul eie vrese wat fobiese gedrag in stand hou (Thompson & Rudolph, 1996:143). Corey (1996:228) noem dat die kliënt emosionele pyn ten opsigte van negatiewe aspekte in homself in die fobiese laag wil vermy. Die kliënt vrees volgens die navorser verwerping deur die terapeut. Wanneer 'n kliënt agterkom dat hyself gedrag openbaar wat vals is, word 'n ongemaklike gevoel ervaar. Die kliënt erken egter in dié laag, dat hy 'n masker vir die wêreld dra.

♦ **Die impasse laag**

Thompson en Rudolph (1996:143) noem dat baie mense in die “impasse” laag vashaak. Hulle sien nie kans om verder te beweeg nie. Hulle het 'n lae energievlak omdat hulle nie 'n beter wyse ken om hul vrese en afkeure te hanteer nie. Hulle besef dat hulle self hindernisse aangeleer het wat hulle nie help om probleme te oorkom nie (Phillippson, 2005). Die terapeut moet dus volgens die navorser die kliënt in die fase aanmoedig en ondersteun.

♦ **Die implosiewe laag**

In die implosiewe laag is kliënte gewillig om die doodsgewoel eerder te ervaar as om aan te hou om die doodsgewoel te ontken. (Vergelyk Corey, 1996:229; Phillippson, 2005.) Gedurende dié laag begin mense bewus raak dat hulle, hulself beperk en hulle begin met nuwe gedrag eksperimenteer (Thompson & Rudolph, 1996:143). Volgens die navorser behoort die terapeut kliënte in die laag te ondersteun. Tydens die implosiewe laag is luistervaardighede, aanvaarding en aanmoediging nodig.

♦ **Die eksplosiewe laag**

Die kliënt gee nie meer voor dat hy soos iemand anders optree nie. Hy dra nie meer 'n masker nie. Corey (1996:229) is van mening dat die kliënt die energie wat hy voorheen gebruik het om voor te gee, nou kan gebruik om probleme te oorkom. Die eksplosiewe laag word volgens Thompson en Rudolph (1996:143) bereik wanneer met gedrag in die implosiewe laag geëksperimenteer is en nuwe energie bestaan om nuwe gedrag uit te oefen. Die terapeut kan dus, volgens die navorser, tydens die eksplosiewe fase terapie termineer.

2.4.4 Figuur/voor- en agtergrond

Voorgrondfiguur kan omskryf word as die behoefte wat vir 'n persoon teenswoordig belangrik is. Ander behoeftes word dan na die agtergrond geskuif. Clarks (1999:6) gee 'n praktiese voorbeeld waar 'n persoon lees met agtergrondmusiek. Indien die persoon egter fokus op die musiek en nie die leesboek nie, word die musiek die

voorggrond en die boek die agtergrond. Indien 'n duidelike voorgrondbehoefte bestaan is dit nodig dat die persoon die behoefte bevredig, voordat daar na die volgende voorgrondbehoefte beweeg word. Indien 'n voorgrondbehoefte nie voltooi kan word nie, word die persoon se gestalt beïnvloed. Dit word 'n onvoltooidheid in die persoon se lewe wat lei tot ongesonde kontak met ander. 'n Persoon kan 'n mate van onvoltooidheid verdra, maar indien kroniese onvoltooidheid ervaar word, lei dit tot neurose (Clarks, 1999:8). Terapie fokus dus daarop om die figuurvoorggrond te erken en om dit te voltooi. Die kliënt moet gelei word om te onderskei aan watter voorgrondbehoefte op watter tydstip voldoen moet word. Die kliënt leer dus om die gevolge van keuses te dra.

2.4.5 Selfregulasie/Selfbestuur

Die konsep, selfregulasie, is die wyse waarop persone funksies, byvoorbeeld asemhaling en voeding reguleer (Clarks, 1999:34). Selfregulasie is 'n innerlike, asook uiterlike proses. Innerlike selfregulasie fokus op die individu se behoeftes. Uiterlike selfregulasie vind plaas tussen die individu en die omgewing (Process [sa]).

'n Selfreguleringsiklus kan van korte duur wees of selfs oor seisoene strek. Die gesonde persoon onderskei die betekenisvolle behoefte en neem 'n toepaslike stap om die behoefte te bevredig, ten einde selfregulasie toe te pas. Balans word dus deur selfregulasie herstel (Clarks, 1999:22). Die doel van terapie is om ontoepaslike kontakgrensversteurings deur selfregulasie te herstel.

Volgens die gestaltbenadering is weerstand 'n selfreguleringswyse. Weerstand, in die proses van verandering, hou die kliënt veilig. Die voordeel van weerstand lê daarin dat die kliënt en terapeut bewus kan word van die kliënt se denke. Sodoende kan daar na die voordele en nadele van die denke gekyk word. Beweging vind dus deur die hantering van weerstand plaas (Hamilton, 1997:69).

Die navorser is van mening dat selfregulasie plaasvind indien die kliënt behoeftes op 'n toepaslike wyse bevredig. Die kliënt is dus bewus van 'n behoefte en die wyse van behoeftebevrediging skaad nie homself of ander nie. Die neurotiese persoon sal sy behoeftes bevredig, maar in die proses homself en/of ander skade aandoen. Die navorser neem aggressie as voorbeeld van neurotiese gedrag, waar 'n persoon ander met die vuus sal bydam, net om sy sin te kry. Weerstand is 'n wyse van selfregulering wat die kliënt veilig hou in terapie. Die oomblik wanneer weerstand hanteer word, beweeg die kliënt vorentoe.

2.4.6 Hier-en-nou-konsep

Die hier-en-nou-konsep verwys na die hele persoon, in sy omgewing, op 'n spesifieke tydstop. Dit sluit die persoon se planne en drome oor die toekoms, asook die herinneringe en ervarings van die verlede in. Die verlede en toekoms kan dus in die hede uitgeleef word. (Vergelyk Clarks, 1999:27; Hamilton, 1997:20; Oaklander, 1988:151.) Fantasiëspel, teaterwerk en rollespel is volgens die navorser tegnieke wat die hier-en-nou-konsep in die gestaltnadering aanhelp.

Die hier-en-nou-konsep word duidelik uitgebeeld deur die volgende praktiese voorbeelde:

- ♦ Oaklander (1988:151) noem 'n praktiese voorbeeld waar die kinderkliënt onvoltooidhede in die hede hanteer. Die kind se oorlede ouer word in die hede gegroet deur te maak asof die ouer teenwoordig is. Oaklander (1988:156) noem dat dié konsep die kinderkliënt help om die ervaring in die hede, op 'n nie-bedreigende wyse te hanteer. (Die persoon hoef nie noodwendig dood te wees nie).

- ♦ Oaklander (1988:154) gebruik ook die hier-en-nou-konsep om die kinderkliënt van ander persone se sienings bewus te maak. Die kind sal deur die uitspeel van 'n onderwyser se rol in die hede, die onderwyser se standpunt beter begryp. Hy sal ook leer om sy gevoelens te ontlaai. Konstruktiewe kommunikasie kan deur die tegniek aangeleer word.

♦ Congress (1995:1118) noem 'n voorbeeld van 'n vroulike kliënt wat dit moeilik gevind het om 'n standvastige verhouding met een man te hou. Sy het 'n negatiewe introjek van verwerping deur haar biologiese vader aanvaar. Die hier-en-nou-konsep is gebruik om die kliënt se gevoelens van die verlede, in die hede te herleef. Die kliënt is daarna gelei om ervarings op 'n meer realistiese wyse in te sien. Die situasie is dus deurgewerk in die hede. Nuwe assosiasies is deur die kliënt gemaak.

Die navorser is van mening dat dié konsep lei tot insigontwikkeling, besluitneming en gedragsverandering. Die persoon word in die hede bewus van onvoltooidhede wat in die hede hanteer word. Die konsep is volgens die navorser 'n direkte aksie.

2.4.7 Polariteite

Die gestaltterapeut fokus nie slegs op gedrag, ervarings en gevoelens van die kliënt nie, maar ook op die teenoorgestelde gedrag, ervarings en gevoelens van die kliënt. Die doel van die beginsel in gestaltterapie is, om alle gedrag, ervarings en gevoelens wat van waarde vir die kliënt se groei is, te eksploreer en te hanteer (Parlett & Hemming, 1996:209).

'n Paar praktiese voorbeelde is:

♦ Schoeman (1996:35) noem dat die kliënt wat teenoorgesteltes ervaar, verward voel. Die kliënt respekteer byvoorbeeld sy pa, dog haat hy sy pa wanneer sy pa besope is. Die terapeut se taak is om die kliënt te lei tot begrip van homself. Die kliënt moet ook gelei word om skuldgevoelens te verwerk.

♦ 'n Praktiese voorbeeld wat die navorser in die praktyk ervaar het, was waar 'n kliënt 'n beeld van vrede geskep het. Die navorser, as terapeut, het op die teenoorgestelde beeld, naamlik oorlog gefokus. Die kinderkliënt se vrese ten opsigte van oorlog het sodoende na vore gekom. Die vrese kon dus hanteer word.

♦ Clarks (1999:117) gee 'n voorbeeld waar die kliënt stiltes vrees, waarna daar tydens terapie op stiltes gefokus word. Die terapeut lei dus volgens die navorser die kliënt om polariteite uit te daag, om sodoende vrese te oorkom. Oaklander (1988:158) is

van mening dat die kliënt met begrip van polariteite, 'n groter vermoë tot verantwoordelike besluitneming het.

2.5 TEGNIEKE VAN DIE GESTALT BENADERING

Tegnieke van die gestaltbenadering is gebaseer op die hier-en-nou konsep. Taal, bipolarêre konsepte, fantasie, sintuig- en-mobiliseringstegniese word gebruik om die hede in die onderhoud te behou (Thompson & Rudolph, 1996:144-151). Die navorser is van mening dat die hier-en-nou konsep die kliënt se bewustheid verhoog.

2.5.1 Taal

Die taal wat in die gestaltbenadering gebruik word, is soos reeds genoem, op die hier-en-nou-konsep gebaseer. Die gestaltterapeut leer die kliënt gedurende terapeutiese sessies om te let op die wyse van hul spreektaal (Thompson & Rudolph, 1996:144). Hough (2003:128) noem dat kliënte wat sag praat gelei kan word om harder te praat, kliënte wat vinnig praat kan gelei word om stadig te praat. Die rede daarvoor is om die kliënt bewus te maak van sy taalgebruik, aangesien die kliënt se taalgebruik dikwels as rookskerm of verdedigingsmeganisme dien.

Daar word gelet op ek-boodskappe, die gebruik van “wil nie” in plaas van “kan nie”, die gebruik van woorde soos: “wat” en “hoe” eerder as “hoekom”. Geen skindersessies word ook geduld nie, maar die lê-stoel-tegniek word eerder toegepas. Kliënte word aangemoedig om vrae eerder in stelling-vorm te verander. Die kliënt word gemotiveer om verantwoordelikheid te neem vir sy eie gevoelens deur die voltooiing van onvoltooide sinne (Thompson & Rudolph, 1996:145).

2.5.1.1 Ek-boodskappe

Ek-boodskappe help die klient om verantwoordelikheid te neem vir gevoelens, denke en gedrag. 'n Voorbeeld van 'n ek-boodskap volgens Thompson en Rudolph (1996:145) is: “Ek weet hoe dit voel wanneer ek nie wiskunde verstaan nie en die onderwyser plaas druk op my”. Die kliënt word gelei om nie 'n jy-boodskap te stuur

nie. Die volgende voorbeeld van 'n jy-boodskap word deur Thompson en Rudolph (1996:145) gebruik: “Jy weet hoe dit is as jy nie wiskunde verstaan nie en die onderwyser plaas druk op jou”.

Yontef (1993:159) meld dat die gestaltterapeut moet let daarop om self ook ek-boodskappe te stuur. Dié boodskappe het persoonlike wysheid, tegniese vaardigheid en selfbewustheid van die terapeut nodig. Feite wat belangrik is vir die kliënt om te weet en wat hy nie self sal ontdek nie, moet so oorgedra word.

2.5.1.2 Gebruik “wil nie” eerder as “kan nie”

Die kliënt word gelei om die term: “wil nie” in plaas van “kan nie” te gebruik. Thompson en Rudolph (1996:145) gebruik die volgende voorbeeld: “Ek kan nie wiskunde deurkom nie” word verander na die volgende sin tydens die terapeutiese sessie: “Ek wil nie wiskunde deurkom nie”. Die kliënt word dus tot verantwoording geroep ten opsigte van haar of sy eie gedrag. (Vergelyk Yontef, 1993:177.)

2.5.1.3 Die wat-en-hoe-eerder-as-hoekom-tegniek

Thompson en Rudolph (1996:145) gee die volgende voorbeeld van die wat-en-hoe-eerder-as-hoekom-tegniek: “Wat doen jy met jou voet terwyl ons oor jou gedrag praat?”, in plaas van “Hoekom het jy dit gedoen?”. Volgens die navorser verhoog dié tegniek die kliënt se bewustheid van wat hy of sy in die hede doen. Aggressie word ook verminder aangesien die term “hoekom” aggressief volgens die navorser kan klink.

2.5.1.4 Geen skinderstories nie

Indien die kind wil praat oor iemand wat nie in die vertrek is nie, word die leë-stoel-tegniek benut. Die gesprek word met 'n leë stoel gevoer en die kliënt praat met die stoel in die hede. Die kliënt verkry sodoende 'n groter bewustheid van die probleem-

situasie. Die terapeut verkry ook 'n beter prentjie van die situasie. Die kliënt kan ook deur die tegniek die ander persoon se persepsie beter begryp (Thompson & Rudolph, 1996:145). Die kliënt leer volgens die navorser nie net die vermoë aan om te kommunikeer nie, maar die kliënt is ook nie belas met 'n skuldgevoel dat hy of sy geskinder het tydens terapie nie.

2.5.1.5 Vrae word in stellings verander

Dié tegniek is tot hulp vir die kliënt in die sin dat die kliënt gelei word om meer betroubaar en direk te wees in hul mededelings (Thompson & Rudolph, 1996:145). Die navorser gee die volgende voorbeeld: “Dink jy ek moet matriek voltooi?”. Die kliënt word gelei om die vraag in 'n stelling te verander. Die kliënt sal dus sê: “Ek dink ek moet matriek voltooi” of “dink nie dat ek matriek moet voltooi nie”. Die navorser is van mening dat die kliënt deur die tegniek tot 'n groter mate van verantwoordelikheid geroep word.

2.5.1.6 Neem-van-verantwoordelikheid-tegniek

Kliënte word gevra om sinne met oop spasies te voltooi om so deur 'n ander tegniek die kliënt se persoonlike verantwoordelikheid te toets. Die kliënt word deur die tegniek bewus daarvan dat hy self ook verantwoordelikheid moet neem vir sy gevoelens. Thompson en Rudolph (1996:145) gee die volgende voorbeeld van dié tegniek: “Huidiglik voel ek _____, en neem _____ persent verantwoordelikheid vir hoe ek voel”.

2.5.1.7 Onvoltooide sinne

Die onvoltooide-sinne-tegniek maak die kliënt bewus van hoeveel verantwoordelikheid hy of sy neem om haarself of homself te bevoordeel of te benadeel. Die kliënt word soos met die sinne waar die kliënt oop spasies by sinne moet voltooi, tot hoër selfverantwoording geroep (Thompson & Rudolph, 1996:145).

2.5.2 Bi-polêre denkwyses

Perls het volgens Thompson en Rudolph (1996:146) die konsep, gedifferensieërde denke, as die konsep dat daar in teenoorgestelde pole gedink word, omskryf. Die volgende tegnieke word gebruik om in teenoorgestelde denkwyses te dink om sodoende konflik op te los.

2.5.2.1 “Topdog versus underdog”-tegniek

Een van die bekendste bi-polêre konsepte wat Perls “topdog and underdog” genoem het, is die “topdog versus underdog”-tegniek. Die “topdog” of groothond regverdig homself, is outoritêr, weet die beste en is ‘n bullebak. Die groothond se spreektaal is: “jy behoort” en “jy behoort nie”. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:146; Topdog/Underdog [sa].)

Die “underdog” of klein hond daarenteen tree verdedigend, verskonend, tergerig en as ‘n tjankbalie op. Die klein hond se spreektaal is: “ek wil”, “ek probeer regtig” en “ek het goeie motiewe”. Die klein hond is skelm en wen gewoonlik die groothond, aangesien die klein hond die plesiergerigte deel van ons persoonlikheid beheer. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:146; “Topdog/Underdog” [sa].) Twee stoele kan gebruik word waar die kliënt debatte kan voer tussen die groothond en klein hond. Die een stoel kan die groothond genoem word en die ander stoel die klein hond. Die kliënt word gevra om hul beste “ek behoort” stellings op die groothond-stoel uit te dink, terwyl hul na die klein hond-stoel kyk. Die kliënt sit dan op die klein hond-stoel met “ek wil” argumente en kyk na die groothond-stoel. Die stoelruilery hou aan totdat alle argumente van beide kante voltooi is. Toepassing van die aktiwiteit sal dikwels die kliënt se gevoel openbaar van wat behoort te wees of van wat die kliënt se begeerte is (Thompson & Rudolph, 1996:146).

Dié tegniek kan ook in groepe gebruik word. Die terapeut kan die groep in twee kleiner groepe deel en die een groep groothonde noem en die ander groep kleinhonde. Die groothonde moet redes lys waarom 'n sekere aktiwiteit gedoen *moet* word en die kleinhonde moet redes lys waarom 'n sekere aktiwiteit gedoen *wil* word.

Die beste uitkomst van die groothond/kleinhond debat is waar kliënte se “ek behoort” en “ek wil” ooreenstem. Die kinderkliënt wil en behoort byvoorbeeld boeke te lees. Die samelopende oplossings help kinders om teenoorgestelde konsepte te integreer (Thompson & Rudolph, 1996:146).

2.5.2.2 Die leë-stoel-tegniek

Die leë-stoel-tegniek word dikwels gebruik om konflik tussen persone of om konflik in die kliënt self op te los. Die kliënt sit in een stoel en speel sy eie rol. Hy sit daarna in die ander stoel en speel die rol van die ander persoon uit. Die tegniek kan ook benut word op die volgende wyse: Die kliënt sit in een stoel en spel die voordele van 'n sekere besluit uit. Die kliënt sit daarna in 'n ander stoel en spel die nadele van 'n sekere besluit uit (Thompson & Rudolph, 1996:146).

Hough (2003:132) noem dat dié tegniek ook gebruik kan word om onvoltooide sake met 'n afgestorwene te voltooi. Die afgestorwene word in die ander stoel geplaas en die kliënt klaar sodoende komplekse sake uit.

Thompson en Poppen (in Thompson & Rudolph, 1996:147) het 'n variasie van die tegniek voorgestel. 'n Groep of 'n individu kan na die leë-stoel kyk as 'n persoon gebaseer op 'n hipotese wat ooreenstem met die gedrag, probleme en karaktertrekke van 'n ander groep of individu. Dit is soms makliker vir kliënte om 'n persoon of persone gebaseer op 'n hipotese te bespreek, as wat dit sou wees om hul eie gevoelens en gedrag te bespreek.

2.5.2.3 My-grootste-swakheid-tegniek

'n Ander tegniek in gedifferensieëerde denke wat benut kan word, is my-grootste-swakheid-tegniek. Kliënte word gevra om 'n paragraaf te skryf oor hul grootste swakheid en hoe hierdie swakheid in werklikheid hul grootste bate is (Thompson & Rudolph, 1996:147). Kliënte word sodoende bewus daarvan dat hulle beheer het oor die swakheid.

2.5.2.4 Kwalik neem, verwagting en waardering

Die tegniek van kwalik neem, verwagting en waardering behels dat die kliënt die drie persone wat die naaste aan hom is in sy of haar lewe op 'n lys plaas. Die kliënt moet dan aan elkeen van die drie persone 'n rede gee waarom die kliënt die persoon kwalik neem, wat die kliënt van die persoon verwag en wat die kliënt van die persoon waardeer (Thompson & Rudolph, 1996:147). Die volgende voorbeeld word voorgestel:

Naam	Kwalik neem	Ek verwag	Ek waardeer
Johan	Jy spandeer te min tyd aan my	Meer tyd saam met jou	Jou vriendskap

Dié tegniek maak kliente bewus van hul gemengde gevoelens teenoor ander. Hulle besef dat dit moontlik is om iemand kwalik te neem vir iets, maar dog ook die persoon te waardeer. Die kliënt leer dus hoe teenoorgestelde denke geïntegreer kan word (Thompson & Rudolph, 1996:148).

2.5.3 Fantasia

Timpe (1999:450) noem dat kinders fantaseer en hul verbeelding gebruik, terwyl hulle speel. Kinders eksploreer probleemoplossings deur spel. Anders as 'n volwassene fokus 'n kind nie op die realiteit van idees nie. Die kind speel alle moontlike oplossings wat in sy of haar verbeelding is uit en sodoende word probleemoplossings getoets. (Vergelyk Timpe, 1999:450; Magill, 1996:1256.) Thompson en Rudolph (1996: 148) is van mening dat fantasiespeletjies kinders bewus maak van hulle huidige gevoelens en dat kinders fantasiespeletjies prettig vind. (Vergelyk Oaklander, 1988:11.) Fantasia wat gelei word deur die terapeut is volgens Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 1997:53) 'n kragtige hulpmiddel om geblokte gevoelens, wense, behoeftes en denke op 'n nie-bedreigende wyse uit te druk. Dit is dikwels makliker om tot 'n metafoor, eerder as die harde werklikheid terugvoer te gee.

Oaklander (1988:63) noem dat sy fantasia gebruik met kinders, maar ook spesifiek die kind wat in 'n fantasiewêreld lewe. Sy maak kontak met hom waar hy homself bevind. Fantasia kan vir die kinders 'n veilige hawe wees in 'n onveilige wêreld. Oaklander (1988:63) sal die kind op 'n stadium na realiteit lei. Indien die kind gereed is volgens haar, sal die kind volg en indien die kind nog nie gereed is nie, sal die kind in die fantasia bly. Oaklander (1988:63) sal dus nie die kind forseer om iets te sê of te doen wat hy nie wil sê of doen nie.

El' koninova (2001:41) noem dat die kind sal onttrek indien die fantasia te vreesaanjaend is. Die kind sal dan later weer betrokke raak in die fantasia, aangesien hy homself daarin uitleef. Die kind bied dus op die wyse weerstand totdat hy gereed is om weereens met die onvoltooidheid gekonfronteer te word (Geldard & Geldard, 1997:71).

Oaklander (1988:13) noem dat sekere kinders fantasie moeilik betree. Sy stel voor dat die kind sy oë oophou en De Millie (in Oaklander, 1988:13) se oefening doen. Die speletjie word “animals” genoem. Die kind moet hom of haar verbeel dat hul ‘n klein muisie in die kamer kan sien. Sy vra aan die kind waar die kind die muisie wil plaas. Die kind word dan gevra om die muisie regop te laat sit en dat die muisie vir die kind moet waai. Die muisie moet dan groen word. Die kind moet sy kleur weer laat verander. Die muisie moet dan op sy pootjies staan soos in ‘n handstaan. Die kind moet die muisie dan teen die muur laat op hardloop en teen die dak onderstebo laat hardloop. Daarna kan die muis regop sit in ‘n hoekie. Die kind kan dan twee ander muisies in die twee ander hoeke van die dak laat sit. Ander muisie kan dan in die vier hoeke van die kamer geplaas word. Oaklander (1988:13) vra dan of al die muisie daar is. Die kind moet hulle geel maak in sy verbeelding. Die muisie moet dan gelyk groet. Hulle moet dan sê dat hul in die hoekies sal bly en na die res van die speletjie sal kyk. ‘n Volgende voorbeeld wat Oaklander (1988:13) noem is dat sy kinders vra om hulle oë toe te maak en hulle te verbeel dat hul in hul eie kamer of enige ander kamer staan. Hulle moet rondkyk in die kamer. Indien die kinders dit kan doen sal hulle kan fantaseer.

Krabbeltekenwerk is ook ‘n goeie metode om kinders tot fantasiewerk te lei (Oaklander, 1988:13).

Oaklander (1988:13) noem verder dat sy die kind aanvanklik met oop oë sal laat fantaseer, maar dat sy met tyd die kind sal lei om sy oë toe te maak in fantasiewerk.

Ontspanningsoefeninge is ‘n effektiewe hulpmiddel om kinders te laat kalmeer en te laat fokus op fantasiespeletjies, volgens Thompson en Rudolph (1996:149). Voorbeelde van leidende fantasie ontspanningsoefeninge is die volgende:

- Oaklander (1988:124) noem 'n fantasie van 'n sneeuman as ontspanningsoefening. Die kind moet hom verbeel dat hy 'n sneeuman is en dat die son hom smelt van kop tot tone. Die sneeuman is later net 'n plassie water.

- 'n Ander voorbeeld wat Oaklander (1988:124) noem, is waar die kind hom verbeel dat hy enige kleur kersies op 'n koek is. Die kersies staan soos soldate regop. Die

- 'n Ander voorbeeld wat Oaklander (1988:124) noem, is waar die kind hom verbeel dat hy enige kleur kersies op 'n koek is. Die kersies staan soos soldate regop. Die son smelt die kersies, eers die koppies, die skouers, die arms; die waks smelt stadig. Die bene smelt stadig, totdat die waks op die vloer lê. 'n Koue wind blaas oor die waks tot die kind weer moet opstaan.

Koeppen (1993:241) gee die volgende ontspanningsoefening vir kinders as voorbeeld:

- Die kind verbeel hom dat hy 'n suurlemoen in sy hande hou. Hy moet die suurlemoen druk. Die suurlemoen word harder en harder gedruk totdat al die sap uitgedruk is. Die suurlemoen val later uit sy hande uit.

- Hy verbeel hom dan dat hy 'n lui katjie is. Sy arms word voor hom uitgestrek en na boontoe gelig. Sy arms word terug na sy sye gebring en hy moet voel hoe sy skouers ontspan. Hy strek dan weer met sy arms na die dak.

- Die kind verbeel hom daarna dat hy 'n skilpad is wat in gevaar verkeer. Hy moet sy kop in sy skouers intrek sodat sy skouers by sy ore is. Hy herhaal dit 'n paar maal en ontspan dan in die son.

- Daarna verbeel die kind homself dat hy kougom kou en dat sy nekspiere help. Hy kan daarna sy kakebene laat ontspan.

- Hy verbeel hom dan dat daar 'n vlieg op sy neus sit. Hy mag nie sy hande gebruik nie en moet die vlieg afkry deur sy neus te beweeg. Die vlieg kom dan kamstig terug en sit op sy voorkop wat ook dan beweeg word.
- Die kind se maagspiere word styfgetrek deur 'n prent te skets van 'n olifant wat op die kind se maag gaan trap. Hy verbeel hom dan dat hy weghardloop en deur 'n draad moet klim waar hy, sy maagspiere tot by sy ruggraat moet intrek.
- Hy kan hom ook verbeel dat hy kaalvoet in 'n poel met modder staan. Hy moet sy tone diep in die modder druk. Sy bene moet ook help en druk op die modder uitplaas. Hy kan dan uit die modderpoel trap en ontspan. Hy voel warm en ontspanne.

Heikkinen (in Thompson & Rudolph, 1996:149) het die volgende voorstelle gemaak ten opsigte van die re-oriëntering van kliënte vanaf hul fantasie-staat om ongemaklike emosionele- en kognitiewe reaksies te vermy. Die terapeut kan eerstens terug tel vanaf tien tellings of terugbeweeg in die stappe wat geneem is om die veranderde staat van bewuste daar te stel. Kliënte kan byvoorbeeld gevra word om in hul verbeelding trappe te klim, of om opwaarts in 'n meer te swem, of om op 'n reis te gaan, in hul verbeelding. Kliënte word ná die fantasiespeletjie dus gelei om terug te klim van die trappe, terug te swem of om terug te kom van die reis af. Om kliënte te lei om stadig rond te kyk en weer gewoon te raak aan die omgewing is ook effektief, volgens Thompson en Rudolph (1996:149).

Thompson en Rudolph (1996:148) noem dat fantasiespeletjies toegepas kan word op kinders van alle ouderdomsgroepe. Oaklander (1988:11) is van mening dat 'n kind se fantasieproses dieselfde is as die kind se lewensproses. Die innerlike wêreld van die kind word dus blootgestel deur fantasie. 'n Kind se fantasie behoort volgens Oaklander (1988:11) en Thompson en Rudolph (1996:148) ernstig opgeneem te word, aangesien sy gevoelens en persepsies daarin reflekteer word. El' koninova

(2001:43) het gevind dat kinders wat begin om 'n bekende storie uit te speel, stelselmatig die storie vervang met hulle eie alledaagse bedrywighede. Die terapeut kan dus volgens die navorser die kind se lewenservaring deur die kind se fantasie waarneem.

Mook (1998:231) noem dat verbeeldingspel lei tot verandering en genesing. Wick (1994:11) sluit hierby aan dat die kind deur die uitspeel van 'n fantasie die risiko's sien as 'n realiteit, dog ook sukses as moontlikheid waarneem. Fantasie stimuleer dus kreatiwiteit by die kind tot dit wat (nog) nie bestaan nie. Fantasie is dus 'n hulpmiddel vir die kind om emosionele balans te bereik (Wick, 1994:11). 'n Kind fokus nie soos 'n volwassene op die praktiese uitvoerbaarheid van idees nie. Die kind speel alle moontlike oplossings wat in sy of haar verbeelding is, uit en sodoende word probleemoplossings getoets. (Vergelyk Timpe, 1999:450; Magill, 1996:1256.)

Fantasie speel 'n belangrike rol in speelaktiwiteite by kinders. Kinders leer deur spel van hul omgewing, hoe om hulself uit te druk en hoe om in verhoudings op te tree. Spel verbeter kinders se vermoë om probleme op te los. (Vergelyk Magill, 1996:1254; Leong & Bodrova, 2003:15.)

Kinders ontwikkel ook emosioneel deur spel aangesien hulle hul emosies uitdruk, hul emosies begin verstaan en beheer. 'n Kind kan byvoorbeeld die slaansak slaan op 'n aggressiewe wyse en daarna meer vredeliewend raak (Magill, 1996:1254). Leong en Bodrova (2003:16) noem ook die voorbeeld waar die kind speel dat die kind 'n baba is wat huil nadat die baba 'n inspuiting gekry het. Die kind ontwikkel emosioneel en op sosiale vlak deur dié vrye spel, aangesien die kind leer dat die dokter die stetoskoop gebruik en nie die baba nie. El ' koninova (2001:31) stem saam dat die kind homself of haarself in die rol van 'n volwassene kan plaas en sodoende die betekenis en doel van volwasse aktiwiteite leer.

Kinders ontwikkel verder kognitief, aangesien fantasie die kind tot logiese denke lei. (Vergelyk Wick, 1994:11; Magill, 1996:1254; Leong & Bodrova, 2003:15.)

Kinders leer deur fantasiestories wat reg en verkeerd is, aangesien die karakters duidelik goeie en slegte karaktertrekke toon (El'koninova, 2001:33). Die kind word deur die storie deel van die fantasie, aangesien die kind met 'n karakter identifiseer.

Die storie moet dus gegrond wees op die feit dat die goeie oor die slegte triomfeer (Schoeman, 1996:90).

Die kind kan homself in 'n wêreld van volwassenes bevind waar die kind se opinies nie respekteer word nie. Die kind is egter afhanklik en kan in die omstandighede vrees ervaar. Die kind wat homself of haarself na die speelwêreld wend ontdek dat hy die verbeeldingswêreld kan hanteer. Die kind kan die wêreld vrylik vorm en sy bekommernisse uitdruk (Mook, 1998:234).

Die terapeut se taak is om die betekenisse wat die kind uitspeel, te begryp. Die terapeut moet dan volgens Mook (1998:238) probleemoplossings saam met die kind eksploreer. Die kind word dus in staat gestel om die probleme te hanteer. Kommunikasie met die terapeut is vir die kind wat nie met volwassenes kan kommunikeer nie, bevrydend en beveiligend. Die kind word dus deur verbeeldingspel gelei om nuwe betekenisse te kry vir sy lewenservaringe.

Fantasie moet volgens Timpe (1999:450) nie buite beheer raak en tot obsessies lei nie. 'n Voorbeeld is waar 'n tiener wat 'n verhoudingsprobleem met sy vader ervaar, moord as probleemoplossing fantaseer. Die navorser is van mening dat 'n meer direkte benadering in die geval waardevol sou wees. Die gestaltbenadering sal byvoorbeeld die tiener tot keuses lei en die tiener geleentheid gee om verantwoordelike besluitneming toe te pas.

Fantasie kan dus vrylik deur die kind uitgespeel word. Daar is egter ook fantasiespeletjies waar die terapeut die kind meer direktief lei. Die volgende voorbeelde word as direkteiewe fantasiespeletjies voorgehou:

2.5.3.1 Roosboom-fantasie

In die roosboom-fantasie verbeel die kliënt hom hy is 'n roosboom en beantwoord verskeie vrae (Thompson & Rudolph, 1996:148). Oaklander (1988:32) noem dat sy die roosboomfantasie dikwels saam met 'n tekening gebruik. Die kind word gevra om hom te verbeel dat hy 'n roosboom is. Oaklander (1988:32) stel voor dat die terapeut baie voorstelle en moontlikhede gedurende die fantasie moet stel, aangesien kinders wat verdedigend en ingeperk is voorstelle nodig het om kreatiewe assosiasies daar te stel. Hul sal die voorstelle kies wat hul pas en besef dat hulle aan ander moontlikhede kan dink. Die terapeut kan byvoorbeeld vra:

- Watter tipe boom is jy?
- Is jy groot? Is jy klein?
- Is jy vet? Is jy lank?
- Dra jy blomme? Watter soort blomme?
- Watter kleur is jou blomme?
- Het jy baie blomme of net 'n paar?
- Is jou blomme groot of net knoppies?
- Het jy blare? Watter soort blare?
- Hoe lyk jou stam en takke?
- Hoe lyk jou wortels? As jy wortels het, is hulle lank en reguit of gedraai? Is jou wortels diep of vlak?
- Het jy dorings?
- Waar is jy? In 'n park? In 'n tuin? In die woestyn? In die stad? Op die platteland? In die middel van die oseaan? Is jy in 'n pot of groei jy in die grond of deur sement? Is jy dalk binne-in 'n gebou?
- Wat is rondom jou? Is daar ander blomme of is jy alleen? Is daar bome? Diere?

Mense? Voëls?

- Lyk jy soos 'n roosboom of iets anders?
- Is daar enige iets om jou, soos 'n heining? Indien wel, hoe lyk die heining? Of is jy dalk net in 'n oop plek?
- Hoe voel dit om 'n roosboom te wees?
- Hoe oorleef jy? Versorg iemand jou?
- Hoe is die weersomstandighede op die oomblik?

Oaklander (1988:33) sal dan aan die kind vra om sy roosboom te teken. Daar sal dan vanaf die kind se stellings van die roosboom aan die kind gevra word of die roosboom op enige wyse inpas by sy lewe.

Thompson en Rudolph (1996:148) se vraagstelling oor die roosboom verskil effens van dié van Oaklander (1988:32), naamlik:

- Is die tipe boom sterk of swak?
- Is die wortelsisteem diep of vlak?
- Hoeveel blomme dra die boom - baie of min?
- Hoeveel dorings het die boom - baie of min?
- Is die omgewing se klimaat goed of sleg vir die groei van die boom?
- Staan jou roosboom uit?
- Het jou roosboom genoeg ruimte of spasie?
- Hoe kom jou roosboom oor die weg met die ander plante?
- Het jou roosboom 'n toekoms?

2.5.3.2 Wyse-hulpbron-fantasie

Die wyse-hulpbron-fantasie behels volgens Thompson en Rudolph (1996:148) die stel van 'n vraag van een persoon aan 'n “wyse hulpbron”. Die “wyse hulpbron” kan 'n persoon, 'n uil of enige ander objek wees. Die kliënt vra dan aan die “wyse hulpbron” 'n vraag, waarna die “wyse hulpbron” na 'n paar oomblikke van

bepeinsing antwoord. Beide die ondervraer en die “wyse hulpbron” se rol word deur die kliënt uitgespeel. Die vrae en antwoorde sal bewustheid en begrip van die kliënt se lewe na vore bring. Thompson en Rudolph (1996:148) beveel aan dat die kliënt aan die einde van die oefening ’n onvoltooide sin voltooi. Hulle gee ’n voorbeeld: “Ek het geleer dat _____”.

2.5.3.3 Droomwerk en fantasie

Drome is ‘n manier om bewus te word van die kliënt se wêreld in die hede. Drome se inhoud hou verband met oorlewing, groei en welsyn. Gestaltterapeute help kliënte om hul drome ernstig te oorweeg om sodoende pynvolle situasies of dooie punte deur te werk (Thompson & Rudolph, 1996:149). Hough (2003:131) noem dat droomwerk in die gestaltbenadering gesien word as die pad na integrasie. Elke element in die droom is ’n gefragmenteerde deel van die kliënt. Die kliënt moet dus elke deel van die droom uitspeel. Die lê-stoel-tegniek werk volgens Hough (2003:131) effektief om die kliënt te help om al die dele in sy droom uit te speel.

Baie mense spandeer hulle tyd sonder om in kontak te wees met die hier-en-nou. Hulle is kompulsief bekommerd oor die toekoms of dink aan die verlede. Drome is ‘n spontane uitdrukking van die bestaan van die lewende wese. Die gestaltbenadering integreer drome, eerder as om drome te analiseer. Integrasie vind plaas deur die herlewing van drome deur rolspel. Die kliënt neem die verantwoordelikheid om voorwerpe of persone in die droom te wees en om bewus te word van die boodskap wat die droom inhou. (Vergelyk Oaklander, 1988:147; Thompson & Rudolph, 1996:149.) Die terapeut se taak volgens Thompson en Rudolph (1996:149) in droomwerk is om klem te lê op wat hy wil vermy in die hede; en om hom te help om die pynvolle situasie deur te werk. (Vergelyk Hough, 2003:131.)

Die psigodinamiese model interpreteer die verskillende objekte en dele van die droom, eerder as om dit te integreer. Die dele word deur die kliënt tesame met die terapeut geïntegreer. Die navorser ervaar dié model ten opsigte van droomwerk as meer akkuraat.

2.5.3.4 Fantasie vir die tiener

Fisiese voorkoms is 'n sensitiewe saak vir tieners. Oaklander (1988:297) gee 'n voorbeeld van 'n fantasie vir die tiener of jong volwassene. Hulle moet hul verbeeld dat hulle in 'n donker kamer is en na 'n beligte area loop. In die beligte area is 'n vollengte spieël en hulle gesels dan met hul spieëlbeeld oor hul voorkoms. Die oefening help die tiener om oor gevoelens te praat wat nie maklik gedeel word nie. Oaklander (1988:298) sal dan ook tyd spandeer aan wat die media se invloed op die persoon is ten opsigte van hoe sy of hy moet lyk.

2.5.4 Sintuig-en-mobiliseringstegnieke

Kontak kan fisies plaasvind, maar dit moet in ag geneem word dat kontak ook in die ander sensoriese vlakke kan plaasvind. Om te kyk, luister, voel, praat, beweeg, ruik en om te proe is nie fisiese kontak nie, tog is dit 'n manier van kontakmaking in die kliënt se lewensruimte. Om te kan sien moet 'n persoon byvoorbeeld deur liggolwe geraak word (Thompson & Rudolph, 1996:150). Oaklander (1988:109) noem dat die mens kontak met homself en die omgewing deur sy sintuie maak. Dit gebeur egter dikwels dat mense slegs op die intellektuele fokus in plaas daarvan om die mens as organisme met gevoelens, liggame en sintuie uit te leef. Oaklander (1988:109) as gestaltterapeut, fokus dus in terapie op tas, sig, klank, reuk, smaak en gevoelens.

Yontef (1993:409) lê ook klem op die feit dat die gestaltterapeut bewus moet wees van wat hy sien en ervaar van die kliënt, byvoorbeeld: Wat is die kliënt se postuur, beweging, stemtoon en asemhalingsritme? Is die kliënt gespanne, het hy inisiatief, maak hy kontak met die terapeut, maak die kliënt kontak met homself, toon die kliënt emosie? Die terapeut moet ook bewus wees van sy eie reaksies teenoor die kliënt en wat die kliënt sê, sodat die terapeut verantwoordelik kan optree en nie die intervensie kontamineer nie (Yontef, 1993:411). Bewustheid fokus dus op die omgewing, maar ook op die organisme self (Hamilton, 1997:35). Die kliënt en die terapeut moet dus volgens die navorser, ingestel wees op hulself, asook op mekaar en laastens ook op die omgewing.

2.5.4.1 Verhoging van bewustheid

- Bewustheid van tas

Die kliënt word gevra om vir vyf minute te fokus op hoe dinge voel op sy vel ... hoe dit voel wanneer sy gewig op die stoel druk ... hoe sy voete in sy skoene voel en hoe sy voete teen die vloer voel ... die plekke waar sy klere styf pas. Is sekere plekke warmer of kouer? Hy word gevra om uit te reik en verskillende objekte te voel. ('n Variasie van oppervlaktekstrukture moet beskikbaar wees). Die kliënt kan gevra word om te beskryf wat hy voel. (Vergelyk Oaklander, 1988:110; Thompson & Rudolph, 1996:151.)

Oaklander (1988:110) is van mening dat klei, sand, water, voetverf, vingerverf en verf goeie tekstuurervaringe vir die kinderkliënt inhou. Sy plaas ook soms objekte met verskillende teksture in 'n sak en laat die kinderkliënt die teksture voel.

- Bewustheid van sig

Die vermoë om die omgewing en mense om ons te sien is noodsaaklik om effektiewe kontak te maak. (Vergelyk Oaklander, 1988:112; Yontef, 1993:178.) Oaklander (1988:112) noem 'n voorbeeld van een van haar kliënte wat skaam was om verby 'n

busstop te loop omdat sy van mening was dat die mense na haar staar. Oaklander (1988:112) het haar egter aangemoedig om die volgende dag na die mense te kyk. Die kliënt het terugvoer gegee dat niemand na haar gekyk het nie, behalwe 'n klein seuntjie wat vir haar geglimlag het. Die beginsel berus weereens op die hier-en-nou-konsep en om elke oomblik volgens die navorser te geniet.

- Bewustheid van klank

Kontak vind plaas deur geluide (Oaklander, 1988:113). Terapeute kan 'n melodie speel op 'n musiekinstrument of bandopname. Die kliënt word gevra om intens na die musiek te luister. Hy word dan gevra om neer te skryf hoe die musiek hom laat voel, waaraan hy dink wanneer hy dit hoor en of hy daarvan hou. Kliënte word deur die oefening toegelaat om in aanraking te kom met hul huidige gevoelens en om te evalueer wat hulle hoor en dink (Thompson & Rudolph, 1996:150).

- Bewustheid van reuk

Die terapeut kan ervarings van reuk skep deur 'n blom, 'n vrug, parfuim en speserye aan die kliënt beskikbaar te stel. Daar word gekyk of die kinderkliënt die reuke kan uitken. Die gunsteling reuke en minder gunsteling reuke word dan bespreek (Oaklander, 1988:120).

- Bewustheid van smaak

Die kliënt word gevra om te let hoe verskillende soorte kos voel, verander deur die kou-proses en proe. Die terapeut kan wortels, appels, vleis en ander voedsel tot die kliënt se beskikking hê. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:151; Oaklander, 1988:119.)

- Bewustheid van gevoelens

Een van die aktiwiteite behels die luister- en waarnemingsvaardigheid. Die kinders word gevra om twee-twee spesifieke emosies en gevoelens uit te speel in rollespel (Thompson & Rudolph, 1996:151). Die terapeut en die kliënt kan dit volgens die navorser ook doen. Dié emosies en gevoelens word dan bespreek. Die terapeut vra

die kliënt om nie nét na die woorde te luister nie, maar ook na die stemtoon en die liggaamstaal wat die emosie toon. Verskeie emosies kan geoefen en dan uitgespeel word in rollespel. Die kinderkliënt word dus geleer dat daar verskeie maniere is om mense se gevoelens te erken (Thompson & Rudolph, 1996:151).

Oaklander (1988:123) heg die gevoelens aan die kinderkliënt se liggaamspostuur en asemhalingspatrone. Wanneer daar op die liggaam gefokus word, kan die kind dikwels sy gevoel erken en sodoende die gevoel hanteer.

Thompson en Rudolph (1996:152) gee die volgende aktiwiteit om bewustheid van gevoelens te verhoog weer: Die kliënt word gevra om stil te sit en om stellings te maak aan homself oor presies hoe hy voel op die spesifieke oomblik. Elke stelling moet begin met “ Ek is nou ...” Hy word daarna gevra om bewus te word van soveel dinge moontlik. Hy word dan gevra om die dinge neer te skryf. Die kliënt word gevra om met homself oor dié dinge waarvan hy bewus word, te praat. Laastens word die kliënt gevra om bewus te wees van dié dinge, sonder om met homself te praat.

Kunsaktiwiteite kan gebruik word vir kinders wat nie hul emosies kan verbaliseer nie. Vingerverf kan gesmeer word met hul hande of voete. Voorstellings van klei kan gemaak en vernietig word. Prente kan geteken of geverf word om verwarde gevoelens uit te druk. Indien gepas, kan die kind aangemoedig word om die kunswerk te bespreek. Kuns is effektief in die gestaltbenadering, aangesien kuns kreatiwiteit, spontaneïteit, die hede en bewustheid beklemtoon (Thompson & Rudolph, 1996:152).

2.6 POSITIEWE ASPEKTE VAN DIE GESTALTBENADERING

Yontef en Simkin (in Corsini & Wedding, 1989:324) noem dat die gestaltbenadering sekerlik die wydste reeks style en metodes bied van alle benaderings. Dit kan ook toegepas word in individuele terapie, groepwerk, by werkswinkels, in

huweliksberading, gesinsberading en in terapie met kinders. Verskeie plekke kan die benadering akkomodeer soos byvoorbeeld klinieke, gesinsorganisasies, hospitale, privaatpraktisyns en ander. Die gestaltbenadering word ook effektief toegepas in korttermyn behandeling. (Vergelyk Yontef & Simkin in Corsini & Wedding, 1989:341.)

Dié benadering is kreatief en eksperimenteel. Spontaneïteit en bewustheid van die hede word deur die aanhangers van die terapie as positief beleef (Corsini & Wedding, 1989:356.) Die terapeut word deur die kreatiwiteit en eksperimentele toepassing van die gestaltbenadering in die hede, gedwing om op die kliënt se voorgrondbehoefte te fokus. Die kliënt se voorgrondbehoefte word dus in die hede hanteer, wat volgens die navorser positief is. Die navorser beleef die hier-en-nou-konsep as waardevol. Die kliënt word geleer om elke oomblik te benut in die hede en om nie in die verlede vas te haak of vir die toekoms te bly wag nie.

Die benadering is holisties en neem die persoon se fisiese-, kognitiewe-, gedrags-, emosionele-, verbale- en nie-verbale aspekte in ag (Congress, 1995:1121). Die kliënt word dus as totale wese gerespekteer, wat volgens die navorser die holistiese benadering ondersteun.

Die gestaltbenadering fokus volgens Congress (1995:1121) op die sterk punte van die kliënt, eerder as die patologiese aspekte. Etikettering word dus sodoende volgens die navorser vermy. Die kliënt word daarom nie in 'n sekere gedragsformaat geplaas nie. Dit verhoed, volgens die navorser, dat kliënte begin glo dat hulle op 'n sekere wyse behoort op te tree. Kliënte kan dus deur dié beginsel vryheid ervaar om hul unieke self waarlik te wees.

Thompson en Rudolph (1996:160) noem dat die gestaltbenadering effektief werk vir menslike gedrag. Die openheid tussen terapeut en kliënt lei daartoe dat die algemene publiek toegang het tot terapie. Yontef (1993:55) sluit hierby aan waar hy sê dat die terapeut en kliënt se verhouding hierargie-vry is.

Yontef (1993:55) noem dat die kliënt tot verantwoordelike besluitneming deur die toepassing van die gestaltbenadering geroep word. Afhanklikheid word volgens die navorser deur dié aspek teengestaan. Die kliënt leer in dié terapie om self gevolge vir verkeerde besluite geneem, te dra. Dit is volgens die navorser 'n belangrike beginsel vir elke kliënt om tydens terapie te leer, sodat hulle dié beginsel in hul lewensomstandighede na die terminering van terapie, kan toepas.

Verskeie terapeute wat nie die gestaltbenadering volg nie gebruik egter baie van die gestaltbenadering se tegnieke soos byvoorbeeld die leë-stoeltegniek, fantasie en projeksie (Thompson & Rudolph, 1996:169). Dit wys volgens die navorser daarop dat die gestaltbenadering se tegnieke volgens die ander terapeute as waardevol beskou word.

2.7 LEEMTES VAN DIE GESTALTBENADERING

'n Gevaar van die gestaltbenadering is dat 'n terapeut die teorie verkeerd kan interpreteer, aangesien daar te min standaarde bestaan (Yontef & Simkin in Corsini & Wedding, 1989:330). Die navorser is van mening dat indien daar groei in die kliënt se lewe bestaan, tegnieke effektief is. Dit sal moeilik wees om só 'n kreatiewe benadering soos die gestaltbenadering volgens standaarde af te grens. Voorkomingsmaatreëls vir dié genoemde leemte in die gestaltbenadering is volgens die navorser, deeglike opleiding en supervisie.

Hough (2003:135) noem dat die kliënt wat nie sy fisiese- en emosionele aspekte bymekaar kan bring nie, nie baat by die gestaltbenadering sal vind nie. Kliënte wat erg versteur is en nie met die realiteit kontak maak nie, sal ook nie volgens Hough (2003:135) tot die gestaltbenadering respondeer nie. Die terapeut moet volgens die navorser net bewus wees van dié leemte in die praktyk. Moonlike kliënte moet dus vroegtydig geassesseer word, om die leemte te akkomodeer.

Die kliënt moet in 'n mate sy verbeelding kan gebruik en kreatief wees om deur dié benadering gehelp te word (Hough, 2003:135). Die terapeut moet, volgens die navorser, dié spesifieke leemte erken gedurende terapie aan sodanige kliënt, sodat 'n meer direkte benadering gevolg kan word om die kliënt tot hulp te wees.

Kliënte wat die uitdrukking van gevoelens tradisioneel as ontoepaslike gedrag beskou kan ook net gedeeltelik deur dié benadering gehelp word (Hough, 2003:135). Die navorser is van mening dat die terapeut se aanvaarding van die kliënt as geheel, dié leemte kan ondervang. Indien die kliënt se voorgrondbehoefte erken word, het die kliënt die verantwoordelikheid om die saak te hanteer of te ignoreer. Dit hoef nie, volgens die navorser, noodwendig met die uitdrukking van emosies te geskied nie. Die navorser stem egter saam met Hough (2003:135) dat dit kan lyk asof sodanige kliënt moontlik nie op 'n dieper vlak sy probleme hanteer nie.

Sekere kliënte kan dit onaanvaarbaar vind om, soos deur een van die tegnieke in die gestaltbenadering voorgeskryf word, met 'n oorledene 'n gesprek te voer (Hough, 2003:135). Dit is die navorser se mening dat die kliënt se godsdienstige en kulturele agtergrond in ag geneem behoort te word. Dié tegniek kan, as gevolg van die gestaltbenadering se kreatiwiteit, aangepas of uitgelaat word.

Thompson en Rudolph (1996:160) noem dat die gestaltbenadering fokus op ontdekking, konfrontering en oplossing van die kliënt se konflik. Die kliënt kan die gestaltbenadering sodoende as 'n kitsoplossing sien. Dit is volgens die navorser die terapeut se verantwoordelikheid om die kliënt te leer dat die beginsels van die gestaltbenadering in hul lewens beoefen kan word. Dit is nie noodwendig beginsels wat slegs in terapisessies benut kan word nie.

Selfs ervare gestaltterapeute kan kliënte, volgens Thompson en Rudolph (1996:160) te vinnig tot onafhanklikheid druk. Dié gestaltterapeut moet dus terminering deeglik oorweeg.

Thompson en Rudolph (1996:160) noem dat die gestaltterapeut verantwoordelik kan voel om deur te veel aktiwiteite direkte leiding te gee. Die kliënt kan dan passief word en moeilik onafhanklik funksioneer. Hough (2003:135) bevestig dat terapeute soms tegnieke kan gebruik omdat die tegniek dramatiese voorkom. Genoegsame opleiding en gereelde supervisie vir die terapeut is volgens Hough (2003:135) van uiterste belang. Dié leemte kan volgens die navorser deur genoegsame opleiding en gereelde supervisie voorkom word.

3. SAMEVATTING

Die gestaltbenadering word teenswoordig deur verskeie professies wêreldwyd beoefen. Dié benadering is sedert die twintiger jare bekend. Dit het wel oor die tydperk verander. Mediese dokters en verskeie ander persone en dissiplines het 'n invloed op die ontwikkeling van dié benadering gehad. Frederick Perls, Laura Perls en Paul Goodman is van die meer bekende gestaltterapie-ontwikkelaars.

Die doelstelling van die gestaltbenadering is om die kliënt te ondersteun in terapie, sodat die kliënt as geheel kan funksioneer. Wanneer die kliënt as geheel funksioneer, sal hy instaat wees om 'n gestalt te voltooi. Die kliënt se voltooië gestalt dui volgens die navorser op die voltooiing van 'n voorgrondbehoefte. Die gesonde persoon sal behoeftes op 'n toepaslike wyse, sonder skade aan homself of ander, vervul.

Die gestaltbenadering bestaan uit verskeie hoofkonsepte. *Holisme* neem die persoon as geheel in ag. *Bewustheid* lei daartoe dat die kliënt bewus is van homself en die omgewing om sodoende kontak te kan maak. Die gestaltterapeut is bewus van *kontak en kontak-grensversteurings* sodat gesonde kontak bewerkstellig kan word. Perls se vyf lae van doeltreffende kontak is 'n belangrike maatstaf om kliënte se funksionering te bepaal. Die terapeut word deur dié lae bewus gemaak van wat die kliënt moet deurmaak, voordat terminering kan plaasvind. Tas, sig, klank, reuk, smaak en gevoelens is maniere van kontakmaking. Die kliënt leer om sy *voorgondbehoefte* te erken en sodoende *selfregulasie* toe te pas. Die persoon is dus verantwoordelik vir

die besluite wat deur hom gemaak word. Die *hier-en-nou-konsep* dui op die kliënt se vermoë om probleme in die hede deur te werk. Polariteit-bewusmaking lei daartoe dat die kliënt se voorgrondbehoefte nie verlore gaan nie. Die gestaltbenadering is dus toegespits daarop om die persoon as geheel te lei, om sy gestalt te voltooi.

Die gestaltbenadering benut verskeie tegnieke. Tegnieke kan steeds bygevoeg word, aangesien dié benadering spontaan en kreatief is. Daar word gefokus op die kliënt se taalgebruik. Die kliënt word sodoende bewus van sy eie verantwoordelikheid in sy omgewing. Daar word ook op bi-polêre denkwyses in die tegnieke van die gestaltbenadering gefokus, sodat die kliënt 'n balans kan bereik in sy lewensuitkyk. Die kliënt leer om die positiewe en negatiewe in sy situasies te erken en te aanvaar.

Fantasie speel 'n belangrike rol in die kinderkliënt se ontwikkelingsproses. Fantasie is ook 'n venster van die kliënt se lewensproses. Dit is 'n hulpmiddel om geblokte gevoelens en denke op 'n nie-bedreigende wyse openbaar te maak. Verskeie tegnieke bestaan om kliënte tot hulp te wees in die fantaseringsproses. Fantasering, as tegniek binne die gestaltbenadering, kan lei tot bewusmaking, probleemoplossing, emosionele en intellektuele balans en genesing van die kliënt. Die gestaltbenadering word gekenmerk deur 'n wye reeks style, metodes en tegnieke. Dié benadering kan ook in verskillende opsette geskied. Die gestaltbenadering sien die kliënt as 'n gesonde holistiese wese wat tot gesonde kontakmaking gelei moet word. Etikettering van patologie vind dus nie in dié benadering plaas nie.

HOOFSTUK DRIE: DIE EMPIRIESE STUDIE



3.1 INLEIDING

Daar is van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering in die empiriese studie gebruik gemaak, aangesien die navorser spelterapeute se persepsies ten opsigte van die bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk wou ondersoek. Die navorsingsvraag is soos volg geformuleer: Wat is die bruikbaarheid van die gestaltbenadering vir spelterapeute in die praktyk? Die beantwoording van die navorsingsvraag het antwoorde verskaf aan die volgende vrae:

- Is die gestaltbenadering prakties bruikbaar tydens intervensie met kinders?
- Watter ander benaderings is ook toepaslik in hulpverlening aan die kind?
- Is die gestaltbenadering alleen, fundamenteel voldoende om die problematiek wat

deur die kind ervaar word, terapieë en holisties te hanteer?

- Watter positiewe resultate word met die benutting van die gestaltbenadering bereik?
- Watter problematiek word nie deur middel van die gestaltbenadering aangespreek nie?

Volgens Creswell (in Fouché, 2002b:275) kan 'n gevallestudie beskou word as 'n in-diepte ondersoek en analise van 'n sisteem gebonde aan tyd en/of plek, of 'n enkel of veelsydige gevallestudie wat oor 'n periode van tyd strek. Die geval wat bestudeer word kan verwys na 'n proses, aktiwiteit, ervaring, program, individu of verskeie individue. Die navorser het in dié studie gefokus op die gestaltbenadering as 'n proses of 'n aktiwiteit. Die navorser het verskeie respondente gekontak wat die gestaltbenadering as 'n proses benut en het sodoende 'n omvattende omskrywing van die bruikbaarheid van die gestaltbenadering as 'n proses binne die praktyk verkry.

Mark (in Fouché, 2002b:275) noem dat 'n kollektiewe gevallestudie die navorser se begrip ten opsigte van 'n sosiale onderwerp of populasie verbreed. Die navorser het deur die voer van semi-gestruktureerde onderhoude die bruikbaarheid van die gestaltbenadering, soos deur spelterapeute ervaar, ondersoek.

3.2 PROSES VAN DATA-ANALISE

Ingesamelde inligting is ongeorden. Data-analise lei daartoe dat inligting orde en betekenis verkry. Kwalitatiewe data-analise is 'n proses wat volgens Creswell (in De Vos, 2002b:340) uit stappe bestaan wat soos volg voorgestel word:

CRESWELL SE PROSES VAN DATA-ANALISE:

• Insameling en rekordhouding van inligting

• Databestuur

• Die lees en skryf van memorandums

• Databeskrywing, -klassifisering en -interpretering

• Visualisering en voorstelling van data

3.2.1 Insameling en rekordhouding van inligting

Die navorser het 'n onderhoudskedule met toepaslike vrae saamgestel. Semi-gestruktureerde onderhoude is met tien spelterapeute wat deur die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria in die gebruik van die gestaltbenadering opgelei is, gevoer. Dié onderhoude is op audioband vasgelê. Die audiobande is volgens skuilname en datums van onderhoude gemerk. Verbatim transkripsies is met behulp van die audiobande gemaak. Die volgende kriteria is bepaal ten opsigte van die respondente met wie onderhoude gevoer is:

- Tien vroulike respondente
- Opgelei in die gestaltbenadering.
- Afstudeer aan die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria.
- Tussen 1993 en 1999 die MA (Speltherapie)-graad voltooi.
- Onderhoude is gevoer tussen 1 November 2004 en 31 Januarie 2005.

3.2.2 Databestuur

Die navorser het vir elke respondent 'n lêer geopen, waarin inligting wat bestaan uit verbatim transkripsies en notas, geliaseer is. Die navorser het van kleurkode en nommerkode gebruik gemaak om die data te bestudeer.

3.2.3 Die lees en skryf van memorandums

Die navorser het die transkripte in geheel bestudeer om 'n geheelbeeld van die inligting te kry. Die inligting is sodoende in kategorieë georden. Notas is gemaak terwyl die navorser die memorandums gelees en sodoende temas daargestel het om inligting te orden.

3.2.4 Databeskrywing, -klassifisering en interpretering

Databeskrywing, -klassifisering en interpretering lei tot 'n verhoogde bewustheid van die inligting volgens Marshall en Rossman (in De Vos, 2002b:344). Inligting wat volgens temas deur die navorser geklassifiseer is, is in dié fase deur die navorser geïnterpreteer.

3.2.5 Visualisering en voorstelling van data

Die data is in woordelike vorm bekendgestel. Bevindinge is deur verbatim aanhalings gestaaf. (Vergelyk De Vos, 2002b:345.) 'n Diagram is saamgestel om die temas en subtemas met een oogopslag waar te neem (kyk figuur 2).

3.3 AANBIEDING VAN EMPIRIESE DATA

Die navorser het van semi-gestruktureerde onderhoudvoering as data-insamelingsmetode gebruik gemaak. Die respondente se persepsies ten opsigte van die benutting van die gestaltnadering in die praktyk is sodoende gerekordeer. Onderhoude is tussen 1 November 2004 en 31 Januarie 2005 met respondente gevoer wat volgens sistematiese ewekansige steekproeftrekking gekwalifiseer het. Temas is verkry deur die bestudering van aanhalings

vanuit die verbatim verslae. Die aanhalings is geïnterpreteer en data is georden volgens temas en subtemas. Die volgende skematiese voorstelling vat dié inligting saam:

TEMAS EN SUBTEMAS VAN DIE GESTALTBENADERING IN DIE PRAKTYK	
Tema 1: Positiewe aspekte van die gestaltbenadering	Subtemas: ♦ 'n Gestruktureerde proses ♦ 'n Bemagtigingsbenadering
Tema 2: Hoofkonsepte van die gestaltbenadering wat in die praktyk benut word	Subtemas: ♦ Holisme ♦ Bewustheid ♦ Kontak en kontakgrensversteuring ♦ Figuur/Voor- en agtergrond ♦ Selfregulasie ♦ Hier-en-nou-konsep ♦ Polariteite
Tema 3: Tegnieke van die gestaltbenadering wat in die praktyk benut word	Subtemas: ♦ Gebruik “wil nie” eerder as “kan nie” ♦ Die-wat-en-hoe-eerder-as-hoekom ♦ Geen skinderstories nie ♦ Vrae word in stellings verander ♦ Neem-van-verantwoordelikheid ♦ Onvoltooide sinne ♦ “Topdog versus underdog” ♦ Die leë-stoel-tegniek ♦ Vrye fantasie ♦ Roosboom-fantasie ♦ Wyse-hulpbron-fantasie ♦ Droomwerk ♦ Bewustheidstegnieke

Tema 4: Ander benaderings wat toepaslik is in hulpverlening	
Tema 5: Problematiek wat deur die gestaltbenadering in die praktyk aangespreek word	

Figuur 2: Temas en subtemas van die gestaltbenadering in die praktyk.

Verskillende respondente se terugvoer verkry tydens semi-gestruktureerde onderhoude, word vervolgens in aparte paragrawe aangebied.

3.3.1 Tema 1: Positiewe aspekte van die gestaltbenadering

Verskeie positiewe aspekte van die gestaltbenadering is deur onderhoudvoering met die respondente uitgelig.

♦ Subtema: Gestruktureerde proses

Die volgende verbatim aanhalings deur respondente hou direk verband met die gestruktureerde proses:

“Gestalt gee wel aan ouers ’n riglyn en die gestalt gee vir my struktuur. Jy moet weet hoekom jy tegnieke gebruik. Dit het vir my ’n model gegee waarvolgens ek kan werk sodat ek myself wetenskaplik kan verantwoord. Dit is vir my bruikbaar”.

“My eie proses is gestruktureer in die sin dat ek aan die einde ’n vol prent wil hê. Die gestalt gee vir my op die ou end ’n totale prent”.

“Die gestalt is ’n oop benadering waarbinne jy die ander goed kan inkorporeer maar hy gee vir jou ’n gestruktureerde proses. Alhoewel dit nie gestruktureerde terapie is nie is dit ’n proses in my kop wat ek weet; eers ’n terapeutiese verhouding, dan jou bewustheid – sensories, emosioneel, dan gaan jy oor om te kyk of daar voorgrondbehoefte is, dan kan jy die behaviorisme inbring, dan kan jy kognitiewe herstrukturering of transaksionele analise bytrek. Maar gestalt gee vir my ’n basis wat my help om die kind te help om sy probleme te verstaan. As ek nie ’n proses volg nie en dit met die kind se proses integreer nie en ek bring verskillende tegnieke in gaan ek óf dalk tyd mors óf ek gaan dalk sekondêre trauma by die kind veroorsaak. Ek kry baie positiewe resultate”.

“... van al die benaderings werk die gestalt vir my die beste, ...”

“As ek die kind help om sy proses te volg en ek help hom om bewustheid te bereik van hom as holistiese mensie en dan bring ek my sensoriese bewustheidtegnieke in of oefeninge in, dan weet ek waarheen is ek op pad. Ek weet ek volg hierdie kind se proses, ek kyk na klein goedjies, verbaal en nie-verbaal, “clues” wat my help om te besef – ja, hy kan aangaan, hy voel emosioneel veilig genoeg, die terapeutiese verhouding is sterk genoeg, die bewustheidsvlak is sterk genoeg. Ek werk aan my emosionele bewustheid, ek werk aan my sensoriese bewustheid – as ek sommer net speletjies speel en ek besef nie ek is nog steeds besig met verhoudingsbou nie, sê maar in jou eerste twee sessies – dan gaan ek oor om hierdie kind te help om bewustheid te bereik, dan speel ek net met die kind. Ek weet daar is ouens wat anatomiese poppe gebruik, dit as tegniek wil ingooi en vir die kind sê, ‘wys vir my wat gebeur in jou lewe’ en hierdie kind begin seksuele gedrag uitspeel waarvoor hy nog nie gereed was nie en hy skrik, want hy besef wat se inligting het hy aan my openbaar, dan kan ek sekondêre trauma veroorsaak – so dis vir my baie sterk op die proses”.

“Die ander ding is die gestaltproses, die stappe, dit gee vir jou lekker struktuur om jouself aan te meet en te kyk waar jy loop. Ek dink dit maak jou meer sensitief. Dit

maak jou bewus van jou eie proses en wat die kind se proses is. Ek “pace” myself om aan te pas om by die kind se proses aan te pas”.

Volgens Thomas (2000:4) gee ’n benadering aan feite, orde en betekenis. ’n Benadering kan met ’n lens vergelyk word wat sekere feite inmekaarskakel en ander feite uitlaat (Thomas, 2004:5). Uit bostaande aanhalings is dit duidelik dat spelterapeute in die praktyk wat die gestaltbenadering benut, vind dat die benadering struktuur aan die proses van terapie bied. Die struktuur lei daartoe dat die spelterapeute in die praktyk weet wanneer om watter stappe toe te pas sodat ’n geheelbeeld van die kliënt se probleem verkry word. Die gestaltbenadering leen homself daartoe dat ander benaderings se beginsels en tegnieke ook deur die spelterapeute in die proses geïntegreer kan word. Die gestaltbenadering bly egter die basiese benadering vir die spelterapeute en ander benaderings word in die gestaltbenadering se struktuur gepas.

Die gestaltbenadering se struktuur maak die spelterapeut volgens die respondente verantwoordelik, aangesien speletjies nie gespeel kan word sonder om die doel van die speletjies in ag te neem nie. Die spelterapeut moet dus ten alle tye weet waarom hy spesifieke tegnieke toepas en op watter tydstip tegnieke toegepas kan word. Indien spesifieke tegnieke toegepas word wanneer die kind nie gereed is daarvoor nie, kan dit tot sekondêre trauma lei. Die struktuur van die gestaltbenadering maak volgens die respondente hulle bewus van die kind se proses, maar ook van hulle eie proses en sodoende kan die respondente die terapie by die kliënt se proses aanpas.

♦ Subtema: ’n Bemagtigingsbenadering

Die volgende verbatim aanhalings verwys na die gestaltbenadering as ’n bemagtigingsbenadering:

“Weet jy, wat ek baie van hou is dat kinders bewus word van wie en wat ek is - waarvan ek hou en nie van hou nie. Al my gevalle wat ek hierdie jaar gesien het - ons het so ’n “pre- en post therapy” – vraelys wat die onderwysers moet invul voor ons begin met die kind met terapie en as ons klaarmaak - en al die kinders se selfbeeld het altyd verbeter,

kognitief het vir my die minste verbeter. Selfbeeld het altyd verbeter. Dit was goed om dit te sien, ten minste raak kinders sterker in hulleself”.

“Ek gebruik dit met myself ook in die sin dat ek my eie lewe so lei dat ek bewus is van wat ek voel. Ek het geleer hoe om my gevoelens op ’n mooi manier te sê. Ek is ’n introvert; ek sê gewoonlik nie hoe ek voel nie. Ek het geleer om eerlik te raak met mense met wie ek in verhoudings staan. Om te sê ek voel nie gelukkig oor wat jy nou gedoen het nie; dit pla my as julle dit so benader of so ... Dis fantasties, dis so bevrydend om dit te doen. Mens maak baie afleidings oor wat mense van jou dink en dis baie keer nie eers die geval nie, dis baie keer nie eers die waarheid nie. As jy leer om jou gevoelens uit te spreek en baie eerlik te wees daaroor dan kan hulle vir jou sê wat hulle eintlik bedoel het daarmee. So in daardie opsig het ek baie gegroei.”

“Ag, om konstant bewus te wees van jou gevoelens wat jy ervaar en dan op die ou end vir jouself te vra hoekom voel ek nou so, waar kom dit vandaan. Ek dink dadelik wat het dalk in my kinderjare gebeur wat maak dat ek so gevoel het. Dis belangrik vir enige iemand, dis ’n ‘lifeskill’”.

“... in gestalt is dit vir my belangrik om bewustheid by ’n kind te bewerkstellig van wat sy behoeftes is sodat hy weet wat sy gedrag op die ou end rig. Ek glo nie dit help om net gedrag te probeer aanspreek nie”.

“Die positiewe resultaat is dat bewustheid deur tegnieke aangewakker word”.

“Hoekom ek die gestalt gebruik, is omdat daar by die kind se gevoelens uitgekom word, keuses en verantwoordelikheid. Die kind is in kontak met sy gevoelens en kan sodoende keuses maak en verantwoordelikheid neem. Die resultate is goed”.

“Wat ek onder die proses uithaal, is wat se keuses maak hy, hoe maklik maak hy keuses.”

“Daardie verantwoordelikheid wat die kliënt moet vat; dis baie prakties”.

“Weet jy mense vat verantwoordelikheid, daar’s ’n bewusmakingsproses. Ek dink as mens dit reggekry het dan het mens ’n hele entjie gevorder. In terapie een-op-een en in groepsverband. Die bewusmaking is vir my belangrik, want ek weet ook daar is tye wat ek keuses maak waarvoor ek verantwoordelikheid moet aanvaar. As ek ongelukkig is of kwaad is, is dit ook deel van my verantwoordelikheid. So ek dink dis deel van ’n groeiproses”.

“Een van die groot goed van die gestalt wat vir my uitstaan, is bemagtiging. Met die speltherapie is dit ’n geval van hulle geniet dit. Hulle kom nie eers agter dis terapie nie. Ons identifiseer saam met die kind wat is die probleme en ons werk saam daaraan, want hierdie is vir hulle speel”.

“Kennis saam met emosie is ervaringsleer. Ek dink gestalt is ’n ander manier om dit te formuleer. ’n Kind kry kennis by jou en ervaar wanneer hy speel; dis wat speltherapie so ongelooflik suksesvol maak”.

“Weet jy dit het my in kontak met myself, my behoeftes, dit wat ek nodig het, gebring. Ek was ’n perfeksionis en die polariteite het jou, jou prioriteite laat besef. Dit wat belangrik is en dit wat minder belangrik is. Dis ontsettend bruikbaar”.

“Ek is meer bewus van my eie tekortkominge met die gestalt. Dit help my – ek het ’n vinnige proses. Gestalt het my geleer om baie geduldig te wees. Ek was so dat ek in een sessie al die probleme wou oplos. Ek was probleemoplossend en die onus was op my. Met die gestalt is die onus op die kliënt om homself te reguleer en ek fasiliteer”.

Vanuit dié aanhalings kan afgelei word dat wanneer die kliënt bewus is van sy eie gevoelens, sy behoeftes en die invloed wat sy kinderjare op hom het, hy deurdagte en verantwoordelike keuses sal maak. Indien die kliënt volgens Smith (in Congress,

1995:11180) en Yontef (in Dierks, 1999:76) bewus is van innerlike ervaring as gevolg van die omgewing, die verlede en die hede, behoort emosionele groei plaas te vind.

Die maak van keuses lei tot die bemagtiging van die kliënt oor die situasie. Verhoging van die kliënt se bewustheid lei volgens een respondent tot die verhoging van die kliënt se selfbeeld.

Die spelterapeut kan ook berusting daarin vind dat die kliënt die keuse tot verantwoordelikheid uitoefen, aangesien die onus op die kliënt lê en nie op die spelterapeut nie. Yontef (1993:55) noem dat die kliënt tot verantwoordelike besluitneming deur die toepassing van die gestaltbenadering geroep word.

Die gestaltbenadering word ook gesien as 'n ervaringsleerbenadering, aangesien die kind kennis kry, terwyl hy deur speel ervarings meemaak.

Van die respondente ervaar die gestaltbenadering ook as 'n benadering wat hulself persoonlik laat groei het. Hulle pas dié benadering in hul persoonlike lewens toe. Hulle word ook bewus van hul eie tekortkominge as spelterapeute en kan sodoende die nodige aanpassings maak.

3.3.2 Tema 2: Hoofkonsepte van die gestaltbenadering wat in die praktyk benut word.

♦ Subtema: Holisme

Klem is op holisme gelê vanuit die volgende verbatim aanhalings:

“Die gestalt gee vir my op die ou end 'n totale prent”.

“Die waardevolste bydrae van die gestaltbenadering vir my is dat dit met die mens in geheel werk”.

“Wat vir my die gestalt die waardevolste bydrae in die praktyk maak is dat as jy dit reg doen, dan fokus dit op al die ontwikkelingsareas en dis wat vir my so ongelooflik is. In praktyk het ek al geleer die oomblik as jy iets isoleer mis jy die kind en die gesin in terapie. As jy dit reg doen kom jy by alles uit. Jy kom by alles uit, die proses, die kind, emosies, jy kom by sosiaal uit. As jy die kind lank genoeg in terapie het om by al dit uit te kom en jy kan by al die sisteme uitkom, dan is gestalt vir my uiters positief. Gestalt gee vir jou die beginpunt van bewustheid, die hele konteks, die holistiese konteks omdat ek nooit met ’n kind in isolasie kan werk nie. So ek werk holisme baie sterk, ...”

“Persoonlik voel ek gestalt kom by alle dele van menswees uit. As mens kyk na ’n grootmens of ’n kind, is ’n mens ’n mens nie as gevolg van net een ding in jou lewe nie. Dit het ’n impak op jou kinderlewe, dit het ’n impak op jou vriende, jou sosiaal, jou psige en holisme kom by die begrip uit dat die dele meer is as die geheel en dit maak vir my net soveel sin in die praktyk dat die oomblik as ’n mens ’n kind of ’n volwassene of ’n tiener gaan uithaal en sê: Jy het hierdie gedrag net as gevolg van jou vriende of net as gevolg van jou akademiese probleme, dan begin ’n mens etikette om mense se nekke te hang en dis vir my dan dat mens terapie partykeer bietjie mis. Want, daardie vriende is gekies deur ’n sekere rede of daardie akademiese wanprestasie kom as gevolg van ’n sekere pad in jou kinderjare en ek dink elke faset van kindwees, menswees speel ’n rol in jou gedrag en dis wat gestalt vir my so “nice” maak, want daardie totale filosofie van dat die dele meer is as die geheel maak net vir my sin. In die praktyk vind ek net die oomblik wanneer mens na alle dele van die mens of ’n kind gaan kyk kom mens by die wortels van die probleem uit”.

“Holisme – kos, wat dit aan die kind doen. Die oomblik as ’n persoon ’n kleur-, geur- of preserveermiddel eet veroorsaak dit neurlogiese stres. Nou, die oomblik as ’n kind dié goed eet dan dehidreer jy sy senuweestelsel. Nou dink mens dit het niks met terapie te doen nie, maar jou senuweestelsel is die sisteem wat alle inligting na die brein gelei. So, of sy nou met sand of klei gaan speel of teken; sy moet haar liggaam gebruik om daardie inligting vir my te gee, want sy gaan haar handjies vat en sy gaan begin bou, sy moet

praat, sy gaan miskien haar voete in die sand druk en sy gaan wat sy voel en ervaar en beleef, gaan sy vir my moet weergee. Sy is tweehonderd persent afhanklik van haar senuweestelsel om daardie impuls by die brein te kry en nog meer van die brein afhanklik om die impuls in woorde om te sit. As die senuweestelsel fisiologies dit nie kan doen nie, hoe kan ek dit van haar vereis om by my te presteer. Soms is die kinders se suikervlakke so hoog dat ek hulle nie kan kry om stil te sit nie. Die suikervlak beïnvloed die reptielbrein sodat die kind voel hy moet nou rondbeweeg omdat hy eers van die energie moet ontslae raak. So, voordat die kind kan stilsit en teken moet dié fisiese behoefte eers bevredig word, voordat enige emosionele behoefte belangrik sal wees. Die ouer bring die kind en fisiologies is dit die toestand waarin die lyfie en die brein is, maar mamma sê jy moet terapie doen. Die twee pas nie by mekaar nie. Ek dink dit kan baie probleme uitskakel as ons mense kan oplei ten opsigte van die goed”.

“Miskien werk jy met ’n grootmens of ’n tiener en die kinderjare het tog ’n impak op daardie kind se gedrag. So, mens moet na die ander ekosisteme om die kind ook gaan kyk en dis wat die gestalt vir my so “nice” maak. As jy na al die sisteme, na al die dele kyk dan kry jy die prentjie van die geheel, want die dele maak ’n groter prentjie as nét dit wat voor jou sit. Jy kom dalk agter hierdie gedrag is as gevolg van iets wat vyf jaar gelede gebeur het. So, dis dalk vyf jaar terug, wat iets gebeur het en die kind het nie aandag gekry nie, maar dit groei so oor die jare heen, ...”

“Ek werk baie holisties, ek gee aan die ouers terugvoer – elke keer. Ek werk saam met die skool”.

“Holisties word prakties benut – ek sien die kind en die huisgesin”.

“Holisme, ja. Outomaties, jy het die kind saam met die ouers ontmoet, sodat die kind kon sien sy ouers is “okay” met jou ... kinders deur dokters na my verwys”.

“Al die kernbegrippe van die gestalt word deur my benut, holisme, bewustheid, ...”

“Holisme, ja dit gaan oor die kind se intellek, sy liggaam, sy sosiale omgewing, so jy gebruik dit beslis. Jy kan dit nie ignoreer nie”.

“As jy na al die sisteme, na al die dele kyk dan kry jy die prentjie van die geheel, want daardie dele maak ’n groter prentjie as nét dit wat voor jou sit”.

“Gestalt is vir my holisties. Dis vir my ’n baie goeie beginpunt, veral as jy na die kind kyk in sy totaliteit. Ek werk met kinders, so ek kyk na die kind se fisiese ontwikkeling, emosionele ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling”.

“Holisme, ja jy werk met die mens in totaliteit – wat hy emosioneel, geestelik en intellektueel ervaar”.

Dit kan volgens die navorser afgelei word dat die gestaltbenadering aan die respondente ’n geheelbeeld van die kliënt en van die situasie waarin hy homself bevind, gee. Holisme neem ander sisteme in die kliënt se lewe in ag. Die gestaltbenadering is volgens Congress (1995:1121) holisties en neem die persoon se fisiese-, kognitiewe-, gedrags-, emosionele-, verbale- en nie-verbale aspekte in ag. As daar op die sisteme van die kind gefokus word kan ’n geheelbeeld verkry word van die kind in sy totaliteit. Die respondente benut dié inligting wat binne die gestaltbenadering verkry word deeglik in die praktyk. Die kind in sy totaliteit, asook in sy sisteem word as geheel behandel in speltherapie. Die geheelbeeld lei daartoe dat die werklike oorsaak van die probleem opgespoor word. Die respondente besef dat wanneer een aspek van die kliënt geïsoleer word dit die spelterapeut op ’n dwaalspoor kan lei.

Een respondent sien die belangrikheid van die tipe kossoorte wat die kind inneem ook as deel van die kind, as holistiese wese. Verkeerde kossoorte kan die kind se senuweestelsel beïnvloed wat dus ’n invloed op terapie kan hê.

Die gestaltnadering fokus op die sterk punte van die kliënt eerder as die patologiese aspekte volgens Congress (1995:1121). Etikettering word sodoende volgens die navorser

vermy. Daar word immers op soveel moontlike aspekte en sisteme in en rondom die kliënt gefokus en daarom kan die kliënt se negatiewe gedrag nooit toegeskryf word aan slegs die kliënt self nie.

♦ Subtema: Bewustheid

Verskeie respondente het op bewustheid in die gestaltnadering klem gelê, soos wat daar as volg aangehaal is:

“Bewustheid, ek gebruik sensoriese bewustheid. Ek gebruik enige van die tegnieke om bewustheid te bewerkstellig; enige van die mediums om bewustheid te bewerkstellig. Ek sal byvoorbeeld skrabbel gebruik”.

“Bewustheid, ja dat die kind, kinders en ander mense deur trauma beïnvloed word, dat die kind probeer onbewustelik wegkom en nie bewus is van hier-en-nou, bewustheid van myself, as gevolg van trauma. Wat vir my lekker is die verhoging van bewustheid, voordat jy begin, sodat jy die kind eers gewoont maak op ’n algemene, nie-bedreigende vlak. Hy moet bewus gemaak word van sy emosies en liggaamlike reaksies. Kinders het nie altyd ’n diep vlak van bewustheid nie”.

“Bewustheid is vir my ‘crusial’ ... as ek weet bewustheid is op ’n nie-bedreigende vlak geaktiveer, dan kan ek vir ’n kind vra: ‘Verlang jy na jou pappa?’”

“Bewustheid, ek dink nie jy kan dit nie gebruik nie. Jy neem waar wat is die kind se bewustheid. As hy nie bewus is nie dui dit op ’n kontakgrensversteuring. Bewustheid lei tot verantwoordelikheid”.

In die gestaltbenadering word die kliënt se bewustheid verhoog deur hom bewus te maak van liggaamlike sensasies, sintuiglike sensasies, denke, kognisies, herinneringe en toekomsplanne (Awareness & Attention [sa]). Die spelterapeut poog verder om die kliënt bewus te maak van spesifieke gevoelens. Dit blyk dat die respondente bewustheid verhoog deur die benutting van tegnieke wat lei tot sintuiglike, emosionele en liggaamlike bewuswording.

Een respondent noem dat wanneer 'n kliënt 'n lae vlak van bewustheid het, hy eintlik onbewustelik van die pyn in die trauma wil ontvlug. Dit maak dus sin dat die kliënt se bewustheid oor homself verhoog behoort te word.

Die respondente verstaan die bewustheidsverhogingstegnieke en pas dit toe in die praktyk. Bewustheid kan volgens dié respondente op 'n nie-bedreigende wyse verhoog word totdat daar genoeg vertroue tussen die kind en die spelterapeut is vir 'n dieper dimensie in terapie.

♦ Subtema: Kontak en kontakgrensversteuring

Kontak en kontakgrensversteurings word in die praktyk benut soos wat gesien kan word vanuit die volgende verbatim aanhalings:

“Kontakgrensversteurings bring insig vir die kind. Die vlakke van hoe naby is hy of hoe vêr is hy gee vir my insig van hoe werk ek. Dit neem daardie ding weg van hy wil nie saamwerk nie of hy wil nie aan sy probleem werk nie. Dit gee vir my insig hoekom dit belangrik is vir die persoon om nog op dié vlak te wees voordat ons oorstap; en sy proses respekteer”.

“Kontak en kontakgrensversteurings neem ek waar. Die ek-jy verhouding kan die kind van jou onderskei en van homself. Ek neem waar as hy so besig is met homself dat hy nie

bewus is van jou nie. Kontak is ook bewustheid. In die ek-jy verhouding, as daar nie kontak is nie - dan is daar nie bewustheid nie”.

“’n Terapeut wat nie in kontak is met haar eie prosesse en sisteme nie kan nie suksesvolle terapie doen nie”.

“Introjekte definitief, waar ek vir mense verduidelik ‘weet jy, jy doen elke dag goed op ’n sekere manier – jy het ’n lae selfbeeld as gevolg van introjekte in jou kinderlewe”.

“... kontakverbreking, die grens wat hulle kontak verbreek, ek gebruik dit baie. Ek sal vir die kliënt sê jy’t nou kontak met my verbreek, ons was op ’n “topic” en toe het jy doelbewus ’n rede gesoek om nie meer daaroor te praat nie. Dan sien ek die weerstand en ek weet ek is op iets”.

“... en ’n kind wat ook vir my alles net positief sê en glad nie vir my die negatiewe sê nie, is ook vir my ’n rooilig wat flikker, want dan sê dit vir my die kind kry die hele tyd sy sin en dan het ons ander probleme rondom kontak, grense en verantwoordelikheid”.

“Kontak en kontakgrensversteurings gebruik ek konstant en deurlopend. Jy probeer maar die kind konstant in kontak met homself bring”.

Polster en Polster (in Dierks, 1999:77) noem dat kontak slegs kan plaasvind tussen twee wesen. Regressie vind plaas in die kliënt, wanneer hy kontak met die realiteit verloor. Smith (in Congress, 1995:1118) noem dat die gestaltterapeut kontak tussen die kliënt en die omgewing, kontak tussen die kliënt se innerlike en uiterlike en; kontak tussen die kliënt en terapeut wil verbreed. Volgens die respondente is kontak nie net belangrik vir die kliënt nie, maar ook vir die terapeut. Die terapeut wat in kontak is met homself is meer in staat tot suksesvolle berading.

’n Kontakgrensversteuring kom voor wanneer ’n persoon nie vryheid het om te groei of te verander nie. Kontakgrensversteurings in die gestaltbenadering is: desensitasie, projeksie,

introjeksie, samevloeiing, defleksie en egotisme. (Vergelyk, Clarks, 1999:57; Congress, 1995:1119-1120; Contact: Good & Ill-health [sa].)

Kontakgrensversteurings, volgens die respondente dui daarop dat die kind nie gesonde kontak met ander kan maak nie, omdat hy homself beskerm. Die terapeut wat die kontakgrensversteuring identifiseer is dus bewus daarvan dat die kliënt nie swak samewerking bied as gevolg van 'n negatiewe houding nie, maar dat die kliënt eerder poog om homself te beskerm. Introjekte as deel van kontakgrensversteurings word as 'n konsep in die praktyk aan die kliënt verduidelik sodat kliënte hulle eie optrede begryp en sodat kognitiewe herstrukturering kan plaasvind.

Kontak en kontakgrensversteurings word in die praktyk observeer om die vlak van die kliënt se funksionering beter te begryp. Daar is ook respondente wat die begrip van kontak en kontakgrensversteurings aan hulle kliënte sal verduidelik om hul kliënte bewus daarvan te maak dat hulle kontak maak of 'n kontakgrensversteuring versterk. Volgens die navorser kan dit die kliënt dus tot verantwoording roep oor sy eie keuses.

♦ Subtema: Figuur/Voor- en agtergrond

Die respondente neem die figuur/voor- en agtergrond in die praktyk in ag. Dit kan afgelei word vanuit die volgende verbatim aanhalings:

“As ek nou na iemand kyk weet ek hy tree uit sy voorgrond uit. Hy praat daaroor want hy is bewus daarvan, al die tipe goed maak dit vir my verskriklik bruikbaar, hoor”.

“Die voorgrond is bruikbaar ...”.

“Ek hou daarvan om op my voete te dink, so die feit dat ek met iets begin en dan vat ek wat die kind vir my gee”.

“Gestalt help vir my om die kind se voorgrondbehoefte duidelik uit te bring. ’n Mens kry baie keer byvoorbeeld dat ’n kind word verwys met die spesifieke doel, werk met die molestering en die kind se voorgrond is eerder ‘ek sit in ’n kinderhuis en ek verlang na my ma’. Op dié stadium is dit die voorgrond van die kind, anders mis jy die kind”.

“Voorgrond kom vir my sterk deur, dis net logies om te werk op wat in die kind se voorgrond is”.

“Figuur/voor- en agtergrond gebruik ek baie”.

Figuur/voor- en agtergrondbehoefte, ek bedoel dis waarom die gestalt gaan. Gestalt gaan oor my voorgrondbehoefte, wat is my belangrikste behoefte. Wat ek baie keer in die praktyk vir die ouers moet verduidelik is dat die gedrag wat die kinders nou het is sekondêre probleemgedrag. Dogtertjie wie se pappa dood is het byvoorbeeld nie op die oomblik maatjies nie. Die “fight” het uitgebreek in die kombuis dat sy lekkerder broodjies wil hê en haar ma moet duurder broodjies maak. Toe haar ma met haar begin praat kom sy agter sy koop haar maatjies om, om met haar te speel want sy het die lekkerste broodjies. Dit gaan nie oor die broodjies nie, dit gaan nie daaroor dat die kind ontevrede is met haar finansiële situasie of hul gesin se situasie nie, al gaan dit op die oomblik bietjie swaar want pappa is dood, dit gaan daaroor, hierdie kind het lekkerder broodjies nodig sodat sy haar maatjies kan koop. Na haar pa se dood het sy so in haar skulp ingetrek dat sy haar maatjies verloor het. Toe sê ek vir die ma: ... ons moet nou baie dringend aan jou kind se “social skills” werk ...”

“Figuur/voor- en agtergrond, definitief”.

“Voor- en agtergrond, baie met tekeninge. As mens kyk wat skribbel hulle hier in die hoekie en wat teken hulle partykeer nie vir jou nie, is partykeer net so waardevol as wat hulle wel vir jou teken”.

“Figuur/voor-en agtergrond, veral met die kind kom die voorgrond na vore. Met die sandspel kom die voorgrond na vore. Jy moet bewus wees – ek dink ons werk automaties psigoanalities, dat jy weet sy verlede het ’n invloed op hom. Die voorgrond het byvoorbeeld na vore gekom met ’n kind wat die heertyd sy pa begrawe het. Sy pa is oorlede en hy het dit deurgewerk. Dit was ook asof hy kwaad was dat pappa weg is. Maar ek werk nie doelbewus met dié spesifieke voorgrond nie, nee ek kyk wat is op die kind se voorgrond”.

“Figuur/voor- en agtergrond, dis soos ek gesê het die aangemelde probleem is nie noodwendig die voorgrondbehoefte nie”.

Die gestaltbenadering word volgens dié gegewe aanhalings as spontaan en kreatief beskryf. Volgens Yontef en Simkin (in Corsini & Wedding, 1989:356) word spontaneïteit en bewustheid van die hede deur die aanhangers van die gestaltbenadering as positief ervaar. Die terapeut word deur die kreatiwiteit en eksperimentele toepassing van die gestaltbenadering gedwing in die hede om op die kliënt se voorgrondbehoefte te fokus. Die voorgrondfiguur kan omskryf word as die behoefte wat vir ’n persoon teenswoordig belangrik is. Indien ’n voorgrondbehoefte nie voltooi kan word nie, word die persoon se gestalt beïnvloed. ’n Persoon kan ’n mate van onvoltooidheid verdra, maar indien kroniese onvoltooidheid ervaar word, lei dit tot neurose (Clarks, 1999:8).

Volgens die respondente is dit nodig dat die kliënt se voorgrondbehoefte erken en aangespreek word, sodat die kliënt se proses in ag geneem word. Die respondente kies nie die kind se voorgrondbehoefte vir die sessie nie, want dit is nie moontlik om vir iemand anders op ’n voorgrondbehoefte te besluit nie. Die kind speel of teken sy voorgrondbehoefte uit en die spelterapeute in die praktyk is deeglik bewus daarvan. Hulle volg die voorgrondbehoefte van hulle kliënte. Hulle volg dus nie hulle eie agendas nie, maar eerder die kliënt se agenda. Daar kan sodoende op die huidige probleemsituasie van die kliënt gefokus word.

♦ Subtema: Selfregulering

Selfregulering word in die praktyk in ag geneem soos gesien kan word vanuit die volgende verbatim aanhalings:

“Selfregulasie, dit is onderliggend en jy kan dit waarneem in die sessie. Jy kan dit gebruik, maar dis meer waarneem. As hy dit nie kan doen nie - om die volgende geleentheid tegnieke te gebruik om hom te help”.

“Selfregulasie is vir my om ekwilibrium te bereik. Dit word verkry deur bewusmaking, die maak van keuses en die neem van verantwoordelikheid”.

“Selfregulasie, dit kom uit dat ek dit bewustelik in ag neem, dit kom in die proses soos jy aangaan, die verantwoordelikheid van gedrag, die behoefte aan homeostase en hoe mense negatiewe meganismes gebruik om te selfreguleer, die poging tot selfregulering is nie altyd die oplossing nie”.

“Selfregulering met kinders gebruik ek baie, ek sal baie vir ouers selfregulasie verduidelik. Hy moet self weet as hy kwaad is, wat kan ek doen – grootmense ook, leer om jou eie emosies uit te werk, soek iemand om mee te praat”.

“Selfregulasie kom daarby uit dat die kind homself kan reguleer, veral deur “coping strategies” te gebruik – daardie selfreguleringsmeganismes waar hy leer om te praat met iemand wie hy kan vertrou, “selfnurturing”, om fantasievlug te kan gebruik as jy in stresvolle omstandighede is, dat jy net vir vyf minute op jou bed kan lê en ontspan om by die veilige plek in jou kop te kom”.

“Selfregulasie is nogal moeilik met die heel kleintjies, ek is dood eerlik met jou. As ek met ’n kind van drie sit by my dan leer ek vir hulle ‘as jy kies om dit te doen dan gaan dit gebeur, mamma gaan jou op jou boud raps as jy kies om stout te wees’. Hulle moet leer dis ook ’n komponent van emosionele veiligheid, as ek die regte keuses maak, oorsaakgevolg beginsel, gaan die regte goed gebeur. As ek binne my grense myself reguleer en my behoeftes op ’n ouderdoms-aanvaarbare of toepaslike manier aanspreek gaan dit my

help om uit die moeilikheid te bly. Ek bring bietjie daardie realiteit vir hulle in, die logiese gevolge en weet jy, ek doen dit baie sterk gekoppel aan my sensoriese bewustheid, as jy geel en blou meng, gaan dit elke keer groen word”.

Clarks (1999:34) beskryf selfregulasie as die wyse waarop persone funksies reguleer. Die respondente noem dat hulle die selfregulering by die kliënt waarneem en indien die kliënt homself nie kan reguleer nie, die spelterapeut hom sal help om dit te kan doen. Volgens die respondente kan die kliënt wat homself kan reguleer balans bereik. Een respondent het genoem dat selfregulering nie altyd die oplossing tot die probleem is nie en dit is onduidelik waarom die respondent so ’n stelling maak.

Vanuit die meeste aanhalings is dit duidelik dat selfregulering aansluit by die keuses wat die kliënt maak om sy probleem te hanteer. ’n Persoon kan deur die maak van kwaliteit besluite, positiewe gevolge verwag en sodoende homself reguleer. Daar is ook negatiewe besluite wat geneem kan word in die poging om selfregulering te bewerkstellig, maar dit sal nie tot balans lei nie.

Kliënte kan tegnieke aanleer om hulself te reguleer. Clarks (1999:22) bevestig bogenoemde wanneer sy noem dat die gesonde persoon toepaslike stappe neem om behoeftes te bevredig. Balans word dus deur gesonde selfregulering herstel.

♦ Subtema: Hier-en-nou-konsep

Die respondente het die volgende opmerkings gemaak ten opsigte van die hier-en-nou-konsep:

“Hier-en-nou is vir my, ek ontmoet die kind suiwer waar hy nou is. Die ding van, boetie kom en klou aan ma se been vas - en hy weier om haar te los. Ek vat die kind net so met ma aan die been na my terapiekamer toe. So, dis hoe ek die kind in die hier-en-nou ontmoet. As ’n kind in die speelkamer kom en hy flop hom daar op die kussing neer en sê: “Jooo, ek is moeg vandag”, dan gaan ek met sy moeg. Ek gebruik dit, ek ontmoet die kind met wat hy vir my gee. Ek sal selfs die moeg gebruik om te sê: ‘ek wonder wat

maak mens as mens so moeg is, nê, dat jy nie eers meer wil skoolgaan nie’ of ‘dat jy nie eers meer na jou ma wil luister nie’. Ek sal mos nou weet wat die probleem is waarmee die ma na my toe kom, is dit aggressie, is dit dissipline. Die moeg gebruik ek om uit te kom by dit wat juis die probleem is. So, ek hou daarvan om dit wat hulle vir my gee onmiddelik te gebruik”.

“Hier-en-nou-konsep ja, ek gebruik dit baie en gee spesifiek daaraan aandag. Ek glo vas daaraan dat dit die persoon begrip gee van hoe sy gedrag hom affekteer nou. Dit is ’n sterk faktor om die sensoriese tegnieke te gebruik, om hom in die sessie tot die hier-en-nou te bring. Dit help met die oorskakeling van wat gebeur het voor die sessie tot hier in die terapiekamer; daardie binding”.

“Die hier-en-nou konsep word deur bewustheid bewerkstellig. Die persoon is nou besig met dít waarvan hy bewus word”.

Clarks (1999:27), Hamilton (1997:20) en Oaklander (1988:151) beskryf die hier-en-nou-konsep as die verwysing na die hele persoon, in sy omgewing, op ’n spésifieke tydstop. Dit sluit die persoon se planne en drome oor die toekoms; asook die herinneringe en ervarings van die verlede in. Dit kan deur die aanhalings afgelei word dat die hier-en-nou-konsep in die praktyk benut word deur die kind in die hede met sy teenswoordige emosie te ontmoet. Die hier-en-nou-konsep word gebruik om ook aan ander bestaande probleme aandag te gee. Die hier-en-nou-konsep verhoog volgens die respondente die kliënt se bewustheid oor sy situasie en help die kliënt om te fokus op die terapeutiese sessie waarin hy hom teenswoordig bevind.

♦ Subtema: Polariteite

Polariteite is deur die respondente soos volg aangeraak:

“Polariteite werk vir my baie goed. Ek hou daarvan om dit te gebruik. Wat kon gewees het en wat is en waarna toe kan ons werk; en wat is die realiteit nou. Ek dink mens moet met kinders nogal bietjie ontgin en geniet want hulle snap die konsep maklik. Mens kan

lekker met hulle werk met polariteite, so ek hou daarvan om dit te gebruik. Ek geniet die sandbak met polariteite”.

“Polariteite gebruik ek in sessies, veral in verhoudings. Jy kan kwaad en lief wees”.

“Ek werk altyd net met polariteite. Al my goed wat ek doen is net polariteite. As ’n kind vir my sê: ‘Ek haat my ma, dan wil ek onmiddelik weet wat is goed van jou ma. So, daar is nooit vir my net goed of sleg nie. Alles, sandbak, klei met alle mediums. As die ma goed is vra ek: ‘Wat is daar wat jy nie van hou nie, alle mense is nooit honderd persent goed nie, elke mens, ek ook, het goed wat ek nie goed doen nie’. Dit gaan oor balans, selfregulering. Polariteite bring balans”.

“Polariteite baie, vir egskending werk dit. Ek laat hulle die ouers, afwesige en aanwesige ouers teken. Ek kyk dan na die goeie en die slegte van die ouers en laat die kinders dit vir my uitwys. Die kind besef dan dat mense met probleme sit en dis waarom verhoudings baie keer nie uitwerk nie. In projeksies kyk ek ook na die polariteite, die son en die reën en so”.

“Polariteite trek ek altyd deur. As hulle ’n krabbel geteken het en dit is positief dan kyk ons na die negatiewe. Daar gaan ons terug na bewusmaking”.

“Gebruik polariteite baie. Dit gee vir my “scope” om na die anderkant van die probleem te kyk. Mense neig om te fokus op een aspek bewustelik of onbewustelik. ’n Kind sal byvoorbeeld die ideale gesin teken en deur projeksie nie net vir die kind bewus te maak nie, maar om na albei kante te kyk, dat dit nie altyd so goed gaan nie, maar is dit ook nie altyd net sleg nie. Dan, polariteite in emosies: “ek is lief vir my pa, maar vies vir hom oor hulle geskei het” en dat jy in jou eie lewe polariteite beleef en dat dit “okay” is, dit is nie verkeerd nie – dat die kind kan lief wees en kwaad wees. Die kind leer ek hoef myself

nie te kasty as ek 'n negatiewe gevoel beleef nie. Dit help vir bemagtiging. Die kind wat dink hy mag nie kwaad word nie en toemaak. Die kind kry die versekering jy mag kwaad word en ook positiewe gevoelens uitleef”.

Die gestaltterapeut fokus nie slegs op gedrag, ervaringe en gevoelens van die kliënt nie, maar ook op die teenoorgestelde gedrag, ervaringe en gevoelens van die kliënt. Die doel van die beginsel in gestaltbenadering is om alle gedrag, ervaringe en gevoelens wat van waarde vir die kliënt se groei is, te ontgin en te hanteer (Parlett & Hemming, 1996:209). Die respondente noem dat kinders polariteite ten opsigte van hulle emosies, verhoudings en lewensituasies verstaan. Hulle begryp dié konsep maklik.

Spelterapeute in die praktyk fokus op albei kante van polariteite, die positiewe en die negatiewe word in ag geneem. Daar word dus nie net op die positiewe gefokus nie. Dit lei daartoe dat die kind as geheel observeer word en dat kinders bemagtig word omdat hulle realisties kan wees oor hul lewensituasies.

Die meeste respondente benut polariteite deur verskillende mediums en in verskillende probleemsituasies. Een respondent het genoem dat sy polariteite spesifiek in egskeidingsituasies toepas, sodat kinders kan besef dat albei ouers positiewe en negatiewe karaktertrekke het.

Polariteite lei ook volgens die respondente daartoe dat die kind bemagtig word om positiewe en negatiewe gevoelens verantwoordelik uit te leef. Sekere gevoelens word dus nie onderdruk nie.

Respondente is positief ingestel ten opsigte van polariteite en benut hierdie konsep in die praktyk.

Die hoofkonsepte van die gestaltbenadering lei daartoe dat tegnieke geskep word en reeds bestaande tegnieke benut word. Die tegnieke is gebaseer op die beginsels en uitgangspunte van die hoofkonsepte van die gestaltbenadering.

3.3.3 Tema 3: Tegnieke van die gestaltbenadering wat in die praktyk benut word.

♦ **Subtema: Gebruik “wil nie” eerder as “kan nie”**

Die respondente benut die tegniek om te let op die taal van die kliënt. Hulle kyk of die kliënte die term: “wil nie” of die term “kan nie” gebruik in die die praktyk:

“Gebruik “wil nie” eerder as “kan nie”, mens gebruik dit as die kind baie negatief is.

“Gebruik “wil nie” eerder as “kan nie” definitief, ek gebruik dit met “Employment Assistance Programme” met grootmense. Ek “kan nie” my vrou vertrou nie dan sê ek: “Is dit dat jy nie “kan nie” of dat jy nie “wil nie”?” Kinderassesserings”.

‘Wil nie eerder as ‘kan nie’, ek is nogal erg daarop dat die kinders moet verantwoordelikheid neem. As jy onthou wat ek gesê het oor oorsaak en gevolg. Ek sê vir die kinders ‘tannie weet partykeer wil jy nie’. Daar is ook goed wat hulle nie kan nie. Jou heel kleintjies kan nie alles doen nie, omdat hulle kognitief nie daartoe instaat is nie. So ja, ek gebruik dit, maar mens pas dit aan by jou kind se kognitiewe funksionering”.

“Gebruik “wil nie” eerder as “kan nie”, baie. Ek let op daardie taalterm wat baie deurkom, soos ek “behoort nie” of “ek kan nie dit doen nie” om daardie ontmagting te verander”.

“Tegnieke wat ek min gebruik is “wil nie” eerder as “kan nie”.

Die gestaltterapeut leer die kliënt gedurende terapeutiese sessies om te let op sy spreektaal (Thompson & Rudolph, 1996:144). Die kliënt word gelei om die term: “wil nie” in plaas van

“ek kan nie” te gebruik. Hy word dus tot verantwoording geroep ten opsigte van sy eie gedrag. (Vergelyk Yontef, 1993:177). In die praktyk word “wil nie” eerder as “kan nie” in die taalgebruik benut om insig by die kliënt te bewerkstellig. Dié konsep lei ook daartoe dat kliënte nie net tot verantwoording vir hulle gedrag geroep word nie, maar ook bemagtig word. Die terapeut moet egter daarop let om nie take van kinderkliënte te verwag wat teenstrydig is met hulle kognitiewe ontwikkeling en dan te dink die kind wil iets nie doen nie. Daar is wel respondente wat dié konsep min gebruik.

♦ Die wat-en-hoe-eerder-as-hoekom-tegniek

Respondente het die volgende te sê oor die wat-en-hoe-eerder-as-hoekom-tegniek:

“Ek sal eerder sê ‘wat’ en ‘hoe’ eerder as om ‘hoekom’ te vra. Ek sal nie direkte ‘hoekom’ vrae vra nie. Ek dink ervaring leer dit vir mens oor die tyd”.

“Die wat-en-hoe-eerder-as hoekom-tegniek, ja dis vir my baie belangrik. Hoekom is vir ’n kind veral aanvallend: ‘wat het ek verkeerd gedoen?’. Wat en hoe is ’n oop vraag waarop jy nie net nee kan antwoord nie”.

“Ek gebruik die wat-en-hoe-eerder-as-hoekom-tegniek. Ek vra altyd “wat” maak ... ja, “hoekom” werk nie, dit het nog nooit gewerk nie”.

“Die wat-en-hoe-eerder-as-hoekom, gebruik nooit die woord ‘hoekom’ nie. Ek gebruik nie die woord ‘why’ of ‘hoekom’ nie. Ek vra vir die kind ‘wat het gemaak dat dit gebeur het’”.

“Die wat-en-hoe-eerder-as-hoekom-tegniek, dis wet ja”.

Thompson en Rudolph (1996:145) gee die volgende voorbeeld van die wat-en-hoe-eerder-as-hoekom-tegniek: “Wat doen jy met jou voet terwyl ons oor jou gedrag praat?”, in plaas van “Hoekom het jy dit gedoen?”. Dié tegniek verhoog volgens die navorser die kliënt se

bewustheid en verminder aggressie. Die respondente noem dat die wat-hoe-eerder-as-hoekom-tegniek bruikbaar is, aangesien “hoekom” as aanvallend ervaar word. Volgens die respondente is die woord “hoekom” nie werkbaar in die praktyk nie.

♦ **Subtema: Geen skinderstories**

Die tegniek van geen skinderstories is deur die respondente soos volg aangehaal:

“Geen skinderstories nie – ek klaar dit verbaal uit en nie fisies nie. Ek verseker die kind dat ons in ’n terapeutiese sessie praat oor goed wat ons pla, sodat die kind of persoon nie skuldig voel dat hy nie skinder nie”.

“‘Geen skinderstories’ is vir my baie belangrik. As ’n kind of ’n ma na my toe kom, wanneer ek hulle ontmoet sal ek vra: ‘Mamma is daar iets wat jy vandag vir my wil vertel?’ dan sal sy vir my dit sê, terwyl die kind by my staan. Ek sal die kind se toestemming vra, as ek voel iets het in terapie uitgekom en mamma moet dit weet en ek sal ook vir die kind sê hoekom gaan ek dit vir mamma sê”.

“Skinderstories benut ek in groepwerk. Ek gebruik dit anders as in die boek, byvoorbeeld: Ek laat kinders direk met mekaar kommunikeer. As jy ’n probleem met iemand het dan moet jy sê wat pla jou van hom en dan kan hy homself verweer en sê hoekom hy so opgetree het. As een kind aan ’n ander kind stamp gedurig, sê ek vir hom, ‘Wat wil jy vir hom sê? Jy hoef nie aan hom te stamp nie, sê eerder vir hom wat jou van hom pla.’ Dan kan die ander kind reageer daarop, so ek laat hulle baie reguit met mekaar praat. Dit werk, ja”.

“Geen skinderstories nie definitief, sal sê – bring hom in al is dit in teddiebeer vorm. Nou sê jy vir hom ...”.

“Skinderstories, vir my is dit die vertroulikheid. In die onderhoud met die ouer noem ek dat daar sekere dinge is wat die kind dalk net vir my sal sê. Ek klaar dit met die ouers uit”.

Indien die kind wil praat oor iemand wat nie in die vertrek is nie, word die leë-stoel-tegniek benut. Die gesprek word met 'n leë stoel gevoer en die kliënt praat met die stoel in die hede. Die kliënt verkry sodoende 'n groter bewustheid van die probleemsituasie (Thompson & Rudolph, 1996:145). Die kliënt leer volgens die navorser nie net die vermoë aan om te kommunikeer nie, maar hy word ook nie belas met skuldgevoelens dat hy geskinder het tydens terapie nie. Volgens die respondente verhoog dié tegniek die vertroulikheid tussen terapeute en kliënte. Dit lei daartoe dat die kinderkliënt weet dat die terapeut hom nie met sy ouers sal bespreek sonder sy medewete nie. Geen skinderstories is ook 'n bemagtigingstegniek tot kommunikasie in groepwerk en in individuele sessies. Van die respondente sal nie 'n leë stoel gebruik nie, maar eerder 'n teddiebeer in die stoel plaas.

♦ Subtema: Vrae wat in stellings verander word

Die tegniek van vrae wat in stellings verander word, word in die minderheid deur die respondente benut:

Vrae wat in stellings verander word; as ek na myself kyk is ek meer geneig om stellings te maak, met kleintjies, byvoorbeeld: ‘vertel my daarvan’. As ek aan een dogtertjie dink van vier jaar oud en ons speel, ons maak kos in die huis, sal ek noem ‘ek wonder wie maak die kos in daardie huis’ en kos was die ‘issue’ in die huis, dit was 'n vorm van ‘abuse’, te koue of te warm of slegte kos. ‘Ek wonder hoe smaak die kos, party kos is lekker of ander is sleg’ sonder om leidend te wees. Ek sal ook noem ‘ek wonder wat gebeur hier ...’ Ek werk eers in die derde persoon en dan direk. Aanvanklik probeer ek meer stellings gebruik”.

“Vrae wat in stellings verander word? Nee”.

“Vrae wat in stellings verander word, nee nie so baie nie”.

“Vrae wat in stellings verander word – nie eintlik nie. Ek moet dit bietjie doen”.

Vrae wat in stellings verander word is tot hulp vir die kliënt in die sin dat die kliënt gelei word om meer betroubaar en direk te wees in hul mededelings (Thompson & Rudolph, 1996:145). In praktyk blyk dit asof vrae wat in stellings verander word in die minderheid benut word. Daar is een respondent wat wel die tegniek in haar terapeutiese sessies met kinders benut. Die navorser is van mening dat die kliënt tot groter verantwoordelikheid geroep word omdat hy nie die vraag aan die terapeut kan oorlaat nie, maar self moet besluit watter keuse hy gaan maak. In die geval van die kinderkliënt is stellings sekerlik minder leidend en geslote.

♦ Subtema: Neem-van-verantwoordelikheid

Daar is soos volg aangehaal oor die neem-van-verantwoordelikheid-tegniek:

“Neem-van-verantwoordelikheid-tegniek. Ek probeer op ’n manier dat dit nie prekerig klink nie, tog daarby uitkom dat elkeen verantwoordelik is vir sy dade. Ek doen dit ook veral waar reëls ter sprake is. Ek het so ’n speletjie oor reëls. Ek doen dit op ’n derde persoonsvlak - altyd eers weg van die kind af. As ons soek vir oplossings vir nuwe gedrag, exploreer ons eers wat die gevolge van die gedrag sal wees, om twee redes. Die kind sê sommer ‘tannie ek klap hom sommer’ en jy weet dit sal nie werk nie en die ander rede is kinders sê partykeer ‘tannie ek sal dit doen’ en die kind sal nie die ‘guts’ hê om dit te doen nie of nie die selfbeeld hê om dit te doen nie en om die terapeut van sy nek af te kry sal hy dit sê, dan sal ons dit meer deurtrap, deurwerk deur rollespel”.

“Partykeer raak hulle kwaad en slaan die klei en sê: ‘Ek raak so kwaad vir my ma’. Dan sê ek: ‘Weet jy wat, as ek so kwaad word, dan sê ek net vir myself – ek mag maar so kwaad word, maar weet jy wat, ek kán nou rustig word daaroor, ek hoef nie nou daardie maatjie se neus blou te slaan nie’. Meer daardie bemagtigingstegniek. Ek dink dis belangrik om kinders te leer om ook anders te dink”.

“Neem-van-verantwoordelikheid- definitief”.

“Neem-van-verantwoordelikheid-tegniek, soos wat ek nou beskryf het. Ek laat hulle regtig sê hoe hulle voel, dat hulle verantwoordelikheid vat vir wat hulle voel. Ek gebruik ek-boodskappe baie. “Ek voel seergemaak as jy my stamp in die ry”, ek laat hulle dit oefen ook.”

Die kliënt word deur die neem-van-verantwoordelikheid-tegniek bewus gemaak daarvan dat hy self verantwoordelikheid moet neem vir sy gevoelens. Ek-boodskappe help die kliënt om verantwoordelikheid te neem vir gevoelens, denke en gedrag (Thompson & Rudolph, 1996:145).

Respondente bewerkstellig verantwoordelikheid by kinders deur speletjies. Hulle word ook bewus daarvan gemaak dat hulle 'n emosie kan beleef, tog het hulle die keuse hoe hulle daarna sal optree. “Ek-boodskappe” word as bemagtigingstegniek in die neem van verantwoordelikheid benut. Yontef (1993:159) noem dat die gestaltterapeut self daarop moet let om ek-boodskappe te stuur. Feite wat belangrik is vir die kliënt om te weet en wat hy nie self sal ontdek nie, moet so oorgedra word.

♦ Subtema: Onvoltooide sinne

Die respondente het die volgende stellings gemaak oor onvoltooide sinne:

“Onvoltooide sinne gebruik ek veral vir skoolgaande kinders. Dit werk lekker. Jy beoordeel dit maar soos wat hulle dit vir jou gee”.

“Onvoltooide sinne, definitief gebruik ek baie. Kinders skryf die waarheid, veral vir middelkinderjare werk dit fantasties. Ek sê gewoonlik vir hulle skryf die eerste ding wat in jou kop kom, moenie baie dink nie. Dan werk dit baie goed. Daar het baie fisiese “abuse” daardeur uitgekom in die milieu waar ek gewerk het in die middestad”.

“Onvoltooide sinne is gebruik om op die sensoriese te fokus veral in die hospitaalopset, byvoorbeeld die ontsmettingsmiddels, hoe ruik dit en dan na polariteite te beweeg - as dit snaaks ruik, wat se gevolge het dit”.

“Onvoltooide sinne gebruik ek graag: “Ek wonder sal ...’ of ‘Jooooee, dis interessant ...’ en dan sal ek half stilbly en kyk wat gee hulle vir my of ’n prentjie vat en sê: “Jooee, dis mooi – ek wonder wat gebeur hierso ...’ en dan net stilbly, ek neig om dit baie te gebruik. Ek laat hulle eerder vir my vertel wat hulle teken”.

“As ek met die kleintjies werk, gebruik ek nie jou meer moeilike of kognitiewe tegnieke nie. Ek gebruik nie onvoltooide sinne nie. Onthou ek werk met drie-, vier-, vyfjarige kinders.”

“Onvoltooide sinne, nee, dis selfs “boring” vir kinders. Ek hou van verandering”.

“Onvoltooide sinne – nee. Dis eintlik oulik, ek weet nie hoekom gebruik ek dit nie. Jy kan dit lekker jou eie goed maak”.

“Onvoltooide sinne gebruik ek baie selde”.

Die onvoltooide-sinne-tegniek maak die kliënt bewus van hoeveel verantwoordelikheid hy neem om homself te bevoordeel of te benadeel. Die kliënt word deur dié tegniek tot hoër selfverantwoording geroep (Thompson & Rudolph, 1996:145). Onvoltooide sinne word deur die respondente benut met die doel om emosionele en sensoriese bewustheid by die kinders te verhoog. Dié tegniek word verbaal en skriftelik benut in die praktyk. Die respondente vind dat dié tegniek veral vir die kind in die middelkinderjare werkbaar is. Mishandeling is deur die gebruik van die tegniek in die praktyk geïdentifiseer.

Daar is respondente wat die onvoltooide sinne nie in die praktyk benut nie, hetsy omdat hulle nie van die tegniek hou nie of omdat hulle dit nie werkbaar vind vir drie- tot vyfjariges nie.

♦ Subtema: “Topdog versus underdog”-tegniek

Die respondente het die volgende verbatim aanhalings ten opsigte van die “topdog versus underdog”-tegniek gemaak:

“Topdog versus underdog’-tegniek. Ek ‘behoort nie dit te doen nie’, ‘ek behoort nou groot te wees’, ‘ek is nie veronderstel dat so iets my ontstel nie’ of; ‘ek wil nie maar ek is veronderstel’ of ‘ek moet’, ja ek let daarop. Dit verhoog die persoon se bewustheid, dit kom ook uit oor hoe ek oor myself voel. Dit is jou selfspraak, dit wat ek vir myself sê, is hoe ek oor myself voel en hoe ek optree. Daardie ‘topdog-underdog’ as ek die heeldyd ‘arme ek’, glo ek dit sal jou selfbeeld beïnvloed”.

“Topdog versus underdog’ - nee - ek het dit nog nooit honderd persent verstaan nie, so dalk doen ek dit, dat ek nie die naam ken nie”.

“Topdog versus underdog’ het ek nog nooit gebruik nie”.

“Topdog versus underdog’ gebruik ek min met kinders. Ek het dit nog nie regtig gebruik nie”.

“Topdog versus underdog’ is meer vir terapie. Ek vind dit ongemaklik. Ek sal dit gebruik vir ’n ekspressiewe, uitgaande kind. Die meeste kinders wat hier kom sukkel maar en dis moeilik om hulle in ’n rol te plaas. Dit werk nie vir my so lekker nie”.

“Topdog versus underdog’- tegniek gebruik ek nie.”

Perls het een van die bekendste bi-polêre konsepte, “topdog and underdog” genoem. Die “topdog” of groothond regverdig homself, is outoritêr, weet die beste en is ‘n bullebak. Die groothond se spreektaal is: “jy behoort” en “jy behoort nie”. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:146; Topdog/Underdog [sa].) Die “underdog” of klein hond daarenteen tree verdedigend,

verskonend, tergerig en as 'n tjankbalie op. Die klein hond se spreektaal is: “ek wil”, “ek probeer regtig” en “ek het goeie motiewe”. Die klein hond is skelm en wen gewoonlik die groothond, aangesien die klein hond die plesiergerigte deel van ons persoonlikheid beheer. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:146; Topdog/Underdog [sa].)

Twee stoele kan gebruik word waar die kliënte debatte kan voer tussen die groothond en klein hond. Die kliënt word gevra om hul beste “ek behoort” stellings op die “groothond-stoel” uit te dink, terwyl hul na die “klein hond-stoel” kyk. Die kliënt sit dan op die “klein hond-stoel” met “ek wil” argumente en kyk na die “groothond-stoel”. Die stoelruilery hou aan totdat alle argumente van beide kante voltooi is. Toepassing van die aktiwiteit sal dikwels die kliënt se gevoel openbaar van wat behoort te wees of van wat die kliënt se begeerte is (Thompson & Rudolph, 1996:146). Die beste uitkomst van die groothond/klein hond debat is waar kliënte se “ek behoort” en “ek wil” ooreenstem. Die kinderkliënt wil en behoort byvoorbeeld boeke te lees. Die samelopende oplossings help kinders om teenoorgestelde konsepte te integreer (Thompson & Rudolph, 1996:146). Die respondente let in die praktyk op die taalgebruik van die kind in dié opsig of hy homself beskou as 'n “topdog” wat dinge behoort te doen of te wel 'n “underdog” wat homself jammer kry. Die respondente neem sodoende waar of die kind 'n goeie of swak selfbeeld het. Daar is baie respondente wat die tegniek nie begryp nie en baie respondente wat dit nie benut nie. Die navorser merk 'n ongemak ten opsigte van hierdie tegniek wat moontlik verband hou met onkunde of die feit dat die tegniek nie tydens opleiding gedemonstreer of ingeoefen is nie. Die navorser is ook van mening dat dié tegniek beter met tieners en volwassenes, wat abstrak kan dink, benut kan word.

♦ Subtema: Die leë-stoel-tegniek

Die volgende aanhalings van die respondente ten opsigte van die leë-stoel-tegniek is gerekordeer:

“Baie, die leë-stoel-tegniek, is ek baie lief daarvoor veral met die middelkinderjare outjies en tieners – veral by molestering is dit vir my 'n wonderlike tegniek waar die kind

reguit met die molesteerder kan praat. Om vir hom reguit te sê wat hy oor hom voel. Ek verander hom bietjie deur 'n brief aan die molesteerder te skryf”.

“Die leë-stoel-tegniek – ja, definitief”.

“Baie lief vir die leë-stoel-tegniek. Vir die kind sal ek dit meer visueel maak met 'n poppie in die stoel. Vir grootmense normaliseer ek dit, ons gaan 'n oopkopgesprek gebruik. Vir tieners sê ek ons gaan 'n speletjie speel. Kleintjies, meer gebruik maak van pop en pop rol aanneem van persoon wat op voorgrond is. Dis amper oopstoel-tegniek want jy wil vir iemand sê hoe ek voel, dis net meer konkreet en visueel”.

“Leë-stoel-tegniek gebruik ek met die groter kinders. Leë-stoel-tegniek vir die kleintjies is baie moeilik tensy ek kan inkoop op sy verbeeldingsmaatjie. As ek leë-stoel gebruik vra ek vir hulle “het jy partykeer 'n maatjie wat ander kinders nie kan sien nie?” As hulle 'n verbeeldingsmaatjie het en daai fantasiewêreld is vir hulle oop, kan jy leë-stoel gebruik maar vir die heel kleintjies as ek sê: “die kussing is pappa jy wil vir pappa iets sê”, dan kyk hulle my so – dit werk nie so lekker nie”.

“Ek gebruik nie die leë-stoel-tegniek nie. Kleintjies sukkel met die konsep. Ek gebruik maklik eerder die monster of projeksie met die klei”.

“Ek gebruik nie die leë-stoel-tegniek en “topdog versus underdog”-tegniek nie, ek hou nie daarvan nie”.

“Leë-stoel-tegniek – gebruik ek nie ...”

“Ons het die leë-stoel probeer, maar ons was ongemaklik daarmee”.

Die leë-stoel-tegniek word dikwels gebruik om konflikthantering tussen persone of in die kliënt self op te los. Die kliënt sit in een stoel en speel sy eie rol. Hy sit daarna in 'n ander stoel en speel die rol van die ander persoon uit. Die tegniek word ook benut op die volgende wyse:

Die kliënt sit in een stoel en spel die voordele van 'n sekere besluit uit en daarna sit hy in 'n ander stoel en spel die nadele van dié besluit uit (Thompson & Rudolph, 1996:146). Hough (2003:132) noem dat dié tegniek ook gebruik word om onvoltooide sake met 'n afgestorwene te voltooi. Die afgestorwene word in 'n stoel geplaas en die kliënt klaar sodoende komplekse sake uit. 'n Variasie van die tegniek is deur Thompson en Poppen (in Thompson & Rudolph, 1996:147) voorgestel. 'n Groep of 'n individu kyk na die leë stoel as 'n persoon gebaseer op 'n hipotese wat ooreenstem met die gedrag, probleme en karaktertrekke van 'n ander groep of individu. Dit is soms makliker vir kliënte om 'n persoon of persone gebaseer op 'n hipotese te bespreek, as wat dit sou wees om hul eie gevoelens en gedrag te bespreek.

Die leë-stoel-tegniek word in die praktyk benut vir kleuters, kinders in die middelkinderjare, tieners en volwassenes. Daar is respondente wat die leë-stoel-tegniek geniet en toepas, maar daar is ook respondente wat nie van die tegniek hou nie en dit ongemaklik vind. In die praktyk het baie spelterapeute dié tegniek aangepas. Kleuters en kinders in die middelkinderjare-fase begryp die tegniek beter indien die spelterapeut poppies in die stoele plaas, in plaas van twee leë stoele. Een terapeut vind dié tegniek waardevol vir die kind wat gemolesteer is, maar het ook dié tegniek aangepas in die vorm van 'n brief, in plaas van 'n direkte rollespel. Kleuters dink konkreet en vind die tegniek moeilik, volgens een spelterapeut. Sy gebruik dié tegniek met kleuters slegs as die kind kan inkoop in 'n verbeeldingsmaat in sy fantasiewêreld. Daar is dus respondente wat dié tegniek aangepas het in die praktyk en dan is daar respondente wat nie dié tegniek benut in die praktyk nie.

♦ My-grootste-swakheid-tegniek

Die volgende verbatim aanhalings is gemaak deur die respondente ten opsigte van my-grootste-swakheid-tegniek:

“My-grootste-swakheid-tegniek, ek gebruik dit wel. Ek praat van sonkolle en vrotkolle”.

“My-grootste-swakheid-tegniek. Ek gebruik dit nie. As dit opkom dat ’n persoon oor sy swakheid praat, maar ek sal nie die tegniek gebruik nie. Ek sal nie fokus op ’n swakheid nie”.

“My-grootste-swakheid-tegniek, nee, miskien kan jy dit aanpas vir ’n kind, maar ek gebruik dit nie”.

“My-grootste-swakheid-tegniek – nee”.

“My-grootste swakheid-tegniek – ek gebruik dit nie”.

’n Tegniek in gedifferensieërde denke is my-grootste-swakheid-tegniek. Kliënte skryf ’n paragraaf oor hul grootste swakheid en hoe hierdie swakheid in werklikheid hul grootste bate is (Thompson & Rudolph, 1996:147). In die praktyk word my-grootste-swakheid-tegniek min deur respondente benut. Die een respondent wat wel dié tegniek gebruik, het dit aangepas vir kinders in die sin dat daar ook na die sterk punte gekyk word. Dit blyk dat respondente nie graag op swakhede fokus nie en dus hierdie tegniek vermy.

♦ Subtema: Die roosboom-fantasie

Die respondente het die volgende bydraes gelewer ten opsigte van die roosboom-fantasie:

“Roosboom: grootmense, tieners en jonger kinders. Aangepas met wat die kind ken, byvoorbeeld plantjie, of kersboom. Dan gaan ek deur Oaklander se vrae”.

“Roosboom-fantasie, ja”.

“Die roosboom-fantasie sal ek gebruik as ’n kind vir my ’n boom teken. Ag, ek sal hier en daar ’n vraag vra, maar ek dink dit kan vir die terapeut erg raak want dit is altyd dieselfde. Ek gebruik nie die tegniek net so uit die boek nie”.

“Roosboom-fantasie – baie. Ek gebruik dit nie soos Oaklander om te sê ‘ek’ nie – ek gebruik dit in die derde persoon en vandaar gaan ons die projeksie ontleed. Ek sit ook gogga’tjies in – simbolies van vyande ... Grootmense – grootmans – jy kan nie glo wat se inligting jy kry nie. Jy moet polariteite inbring – byvoorbeeld te veel son is ook sleg – reën is ook nodig”.

“Roosboom gebruik ek. Dis vir my ’n baie lekker tegniek, veral om die kind se steunstelsels agter te kom, hoe hy sy familie “perceive”, met assessering gebruik ek dit definitief, daar kom “abuse” en molestering uit, dis baie waardevol daarvoor”.

“Die roosboom het ek ook sensories gebruik. Die kind het saam blommetjies en takkies gesoek en ons het dit gebruik om sy kamer meer vriendelik te laat lyk. Ons het meer op die sensoriese gefokus en nie soseer gewerk soos wat die teorie dit voorskryf nie”.

“Die roosboombeginsels gebruik ek as ek saam met my kollega speltherapie-kursusse aanbied”.

“Ek gebruik nie die roosboom-fantasie nie, ek hou meer van mediums waar ek kan deelneem, soos sand, klei en handpoppe. Dit werk vir my beter as hierdie teoretiese konsepte”.

In die roosboom-fantasie verbeel die kliënt hom hy is ’n roosboom en beantwoord verskeie vrae (Thompson & Rudolph, 1996:148). Oaklander (1988:32) noem dat sy die roosboom-fantasie dikwels saam met ’n tekening gebruik. Die kind word gevra om hom te verbeel dat hy ’n roosboom is. Oaklander (1988:32) stel voor dat die spelterapeut baie voorstelle en moontlikhede gedurende die fantasie moet stel, aangesien kinders wat verdedigend en ingeperk is voorstelle nodig het om kreatiewe assosiasies daar te stel. Hulle sal die voorstelle kies wat hulle pas en besef dat hulle aan ander moontlikhede kan dink. Die roosboom-fantasie word deur die respondente in die praktyk op kinders, tieners en volwassenes toegepas. Die roosboom-fantasie word benut met die doel om sensoriese bewustheid te verhoog, te assesseer, terapie te lewer of om opleiding te doen. Daar is respondente wat die tegniek toepas soos dit

in die teorie beskryf word, maar daar is ook respondente wat dié tegniek aangepas het volgens hulle eie styl en voorkeure.

♦ **Subtema: Wyse-hulpbron-fantasie**

Wyse-hulpbron-fantasie is deur die respondente soos volg aangeraak:

“Wyse-hulpbron-fantasie en vrye fantasie baie, want die kinders is tot op die ouderdom van drie jaar oud. Ons sou byvoorbeeld die kind aftrek op ’n papier en dan het die kind die ‘papier’ opereer. Die kind spreek sy vrese uit en neem die rol van die dokter in en daardeur neem hy verantwoordelikheid vir die vrese. Die kind het sodoende beheer gekry oor sy vrese”.

“Wyse-hulpbron-fantasie gebruik ek meer in ’n visualiseringsproses in die vorm van ’n ouman op ’n berg en die proses waar jy die ouman vrae vra en terugvoer kry. Die ouman gee die persoon ’n geskenk waaraan betekenis geheg word. Dit is effektief met kinders en volwassenes”.

“Wyse-hulpbron-fantasie, ja ek gebruik dit want dit maak dat hulle oplossings vind en inkoop in die oplossing. Ek kan uitvind hoe voel die kind daaroor en dink hy dit sal werk en die ander ding is dis nie prekerig nie”.

“Wyse-hulpbron-fantasie ook nie, ek gebruik meer die lê-stoel”.

“Wyse-hulpbron-fantasie, nee”.

Die wyse-hulpbron-fantasie behels die stel van ’n vraag deur een persoon aan ’n “wyse hulpbron”. Die “wyse hulpbron” kan ’n persoon, ’n uil of enige ander objek wees. Die kliënt vra dan aan die “wyse hulpbron” ’n vraag, waarna die “wyse hulpbron” na ’n paar oomblikke van bepeinsing antwoord. Beide die ondervraer en die “wyse hulpbron” se rol word deur die kliënt uitgespeel. Die vrae en antwoorde sal bewustheid en begrip van die kliënt se lewe na

vore bring. Thompson en Rudolph (1996:148) is van mening dat 'n goeie opvolg sou wees dat die kliënt 'n onvoltooide sin, voltooi aan die einde van die oefening. Hulle gee 'n voorbeeld van : “ek het geleer dat _____”.

Dit blyk dat daar in die praktyk weinig spelterapeute wat die wyse-hulpbron-fantasie benut. Baie van die respondente het onseker gelyk en nie dié tegniek geken nie. Die respondente wat wel dié tegniek toepas, pas dit aan by verskillende ouderdomsgroepkinders. Dié tegniek word deur een respondent met volwassenes in die vorm van 'n gerigte fantasie benut. Die kliënt verkry deur die tegniek insig en oplossings.

♦ Subtema: Droomwerk

Daar is soos volg oor droomwerk deur die respondente gerapporteer:

“Droomwerk, ja ek vra kinders wat het hulle gedroom en dit werk”.

“Ek hou van droomwerk, dit gebruik ek baie”.

“Droomwerk, ja, dis vir my nogal lekker. Ek gebruik dit nie so baie nie, maar ek gebruik dit wel. Ek wil dit nog meer in groepe ook gebruik, veral Oaklander se tegniek waar jy elke deel van die droom uitspeel. Elkeen in die groep kry 'n kans.

Ek het al droomtegniek gebruik, individueel met kinders, wat gedroom word, elke deel word uitgespeel, en dan speel jy as terapeut ook saam. Dit werk baie ‘nice’. Die kind kan dan agterkom wat beteken die droom in sy of haar lewe. Dis maklik dat die kind eers die droom teken sodat hy mooi kan onthou. En dan sê ek: ‘kom ons speel dit bietjie uit’, dan gaan jy heeltemaal in fantasiespel in en dan kom jy by sy voorgrond uit. Help hom om dit by sy lewe deur te trek, selfs al maak hy net kontak met die emosie agter die droom. Nagmerries laat ek meer net teken en projekteer. As jy dit projekteer is dit verder van jou af en kom jy meer in beheer. Dan sal ek Oaklander se veertien stappe gebruik om te kyk of mens by iets kan uitkom. Ek het nog nie nagmerries uitgespeel nie, ek probeer kyk wat beteken dit in die kind se lewe”.

“Drome, ek hou daarvan veral met tieners, dat hulle hulle drome uitteken. Dit bring die kind in kontak met homself”.

“Droomwerk – ja, baie – gestalt is maar die beste – geen interpretasie nie”.

“Droomwerk gebruik ek nie, dis ’n persoonlike ding. As hulle daarmee spesifiek kom sal ek daarmee werk. Ek voel nie gemaklik daarmee nie”.

Gestaltterapeute help kliënte om hul drome ernstig te oorweeg om sodoende pynvolle situasies of dooie punte deur te werk (Thompson & Rudolph, 1996:149). Hough (2003:131) noem dat droomwerk in die gestaltbenadering gesien word as die pad na integrasie. Elke element in die droom is ’n gefragmenteerde deel van die kliënt. Die kliënt moet dus elke deel van die droom uitspeel. Die kliënt neem die verantwoordelikheid om voorwerpe of persone in die droom te wees en om bewus te word van die boodskap wat die droom inhou. (Vergelyk Oaklander, 1988:147; Thompson & Rudolph, 1996:149.) Droomwerk word in die praktyk met kinders, tieners en volwassenes benut. Kinderkliënte word dikwels versoek om hul drome eers te teken, sodat hulle die drome duidelik kan herroep. Een respondent hou spesifiek van die gestaltbenadering se wyse van droomwerk omdat geen interpretasie deur die terapeut sonder die kliënt se insette gemaak word nie. Daar is respondente wat ongemaklik is met dié tegniek en dit nie benut nie.

♦ Subtema: Fantasie

Die volgende verbatim aanhalings deur respondente hou direk verband met fantasie:

“Vrye spel gebruik ek baie met kleintjies. Ons speel net uit. Ek het ’n dogtertjie van ses jaar oud gehad wat verkrag was wat die verkragting net uitgespeel het. Meer kindgesentreerd. Dis meer hulle proses. Ek het ook ’n kind gehad wat verstandelik agter is, en sy kon dit meer uitspeel. Ek het haar net laat gaan, dis hoe ek agtergekom het sy is

seksueel gemolesteer. Sy het die eerste keer gekom en twee poppe teen mekaar geplaas en elke sessie dit verder uitgespeel”.

“Vrye fantasie –ja, baie – as dit gebeur wat sal anders wees in jou lewe, maar dis nie regtig nie”.

“Jou gewone fantasiespel kom eintlik meer natuurlik en dan is dit tot ’n groot mate vryspel ... die verskil tussen ’n kind wat by die huis speel, sy is mamma en die kind wat in die speelkamer speel sy is mamma, dis die groot vraag wat ek vir spelterapeute wil vra. Onthou Oaklander het vir jou gesê jy moet enige oomblik gestop kan word en kan sê met watter beginsel in gestalt is jy nou besig. Jy kan nie die kind net los net om te speel nie. So jy moet die hele tyd saamspeel en die beginsels inwerk, ...”.

“Vry fantasie is by regterbrein-kindere ’n gegewe. Veral al jou regterbrein emosionele kindere. Kyk, hulle sal vir jou ’n storie opklits wat jy nie sal glo nie en hulle sal in fantasie ingaan en uit daardie fantasie sal mens mooi moet sif want hulle sal vir jou tien, twintig persent feite gee en die res sal fantasie wees, Dis gevaarlik. Mens sal die medium vir die kind gee suiwer om verhouding te bou, maar as ons by die feite van die probleem wil kom, gaan ons na die mediums toe waar fantasie moeiliker is, eerder klei of sand. Linkerbrein-kindere is realisties, hulle is detail, veral jou linkerbo-breinkind, is jou kognitiewe-breinkind wat sukkel om te fantaseer want dit is vir hulle feite en realiteit ... Vir hulle is fantasie verskriklik moeilik ... Hulle sal eerder die realiteit uitspeel”.

“Vrye fantasie, ja die kind fantaseer en jy moet inpas met wat hy vir jou gee. Vrye fantasie vir die kleintjies werk. Jy gaan nie die kleintjies in gerigte fantasie hou nie. Jy moet saam met hulle kan speel ... ek sou sê fantasie is deel van spel terapie”.

“Vrye fantasie, ek hou van fantasie, dit haal vir my denkpatrone en oogklappe af om iets te eksploreer. Al die moontlikhede wat in die kind se kop opkom ... so ek gebruik dit. Vrye spel gebruik ek baie keer dat hy net speel want ’n kind wil baie keer nie teken of dat

nie. Ek kry dan my inligting deur spel. Spel gebruik ek ook as afwisseling of aan die einde van die sessie om iets lekkers te doen”.

Thompson en Rudolph (1996: 148) is van mening dat fantasiespeletjies die kind bewus maak van sy huidige gevoelens en dat kinders fantasiespeletjies prettig vind. (Vergelyk Oaklander, 1988:11.) Oaklander (1988:11) is van mening dat 'n kind se fantasieproses dieselfde is as die kind se lewensproses. 'n Kind se fantasie behoort volgens Oaklander (1988:11), sowel as Thompson en Rudolph (1996:148) ernstig opgeneem te word, aangesien sy gevoelens en persepsies daarin gereflekteer word. Kinders leer deur spel van hul omgewing, hoe om hulself uit te druk en hoe om in verhoudings op te tree. (Vergelyk Magill, 1996:1254; Leong & Bodrova, 2003:15.)

Vrye spel word deur respondente benut vir kleiner kinders, asook die kind wat verstandelik gestrem is. Vrye spel word benut om die kind se sensoriese bewustheid te verhoog, om inligting te kry, om bemagtiging aan die kind te gee of om ontspanning aan die kind na die sessie te bied. Dit is belangrik volgens die respondente dat die spelterapeut saam met die kind speel en nie die kind aan homself oorlaat nie. Die spelterapeut moet ten alle tye die doel van fantasie in terapie verantwoord. Dit is egter volgens die een respondent nie waar dat die kind se fantasiespel, as sy eie lewensomstandighede geïnterpreteer word, soos Oaklander beweer nie. (Vergelyk Oaklander, 1988:11.) Volgens dié respondent sal die kind wat sy regterbrein as voorkeurarea benut, dikwels verhale wat nie aan realiteit grens nie, uitdink. Vrye spel moet dus volgens dié respondent slegs vir kinders wat regterbreinvoorkeure het as verhoudingsboudoelwit benut word. Die kind wat sy linkere brein as voorkeurarea benut sal eerder die realiteit uitspeel, maar sal fantasiespel ongemaklik vind. Die navorser is van mening dat fantasie benut word, afhangend van die doel wat daarmee bereik wil word, hetsy vir genesing, assessering of verhoudingsbou.

♦ **Subtema: Bewustheidstegnieke**

Klem is op bewustheidstegnieke gelê vanuit die volgende verbatim aanhalings:

“Bewustheidstegnieke gebruik ek baie. Ek glo baie daaraan omdat daarsonder het jy nie ’n grondslag vir terapie nie. Ek werk sensories en gevoel. Ek sal dit ook as projeksie gebruik. Gebruik ook die barometer van hoe kwaad was jy”.

“Bewustheidstegnieke - ja, baie - as mense bewus kan word wat hulle lewens domineer, dan is dit asof alles soos in ’n legkaart inmekaar val. As mense besef: ‘wie ek is’... Bewustheid lei dan daartoe dat mense besef hulle kan nou iets doen, eksperimenteer met gedrag, kom agter dit werk en dan kom selfregulering in”.

“Bewustheidstegnieke van gevoelens. Sensoriese bewustheid gebruik ek”.

“Ek gebruik sensoriese bewustheid, ek gebruik emosionele bewustheidstegnieke, ek gebruik my projeksietegnieke ...”

“Bewustheidstegnieke, ek verkies om daarmee te begin. Sensories, emosies, gevoelsopvoeding. Ek voel net ek kan meer so bereik daarna, veral kinders wat nie baie praat nie, net om hulle in kontak te bring - ordentlik”.

Oaklander (1988:109) noem dat die mens kontak met homself en die omgewing deur sy sintuie maak. Dit gebeur egter dikwels dat mense net op die intellektuele fokus in plaas daarvan om die mens as organisme met gevoelens, liggame en sintuie uit te leef. Oaklander (1988:109) as gestaltterapeut, fokus dus in terapie op tas, sig, klank, reuk, smaak en gevoelens. Bewustheidstegnieke is volgens die respondente die grondslag van terapie. In die praktyk word kliënte bewus gemaak van hul sensoriese voorkeure, hulleself, hul onvoltooidhede en hul gevoelens. Verhoging van bewustheid is ook ’n metode in die praktyk om kontak met die kliënt te bewerkstellig. Bewustheid lei daartoe dat mense besef dat hulle keuses behoort te maak en verantwoordelikhede dra. Die kliënt vind volgens die respondente balans in sy lewe deur dié tegniek.

Die gestaltbenadering het verskeie tegnieke wat benut kan word en die kreatiwiteit van die gestaltbenadering lei daartoe dat tegnieke op verskeie wyses toegepas kan word en nuwe

tegnieke geskep kan word. Daar is ook plek in die gestaltbenadering vir die integrering van ander benaderings in die proses van terapie. Van die respondente maak gebruik van dié voordeel van die gestaltbenadering.

3.3.4 Tema 4: Ander benaderings wat toepaslik is in hulpverlening

Dit is duidelik dat die respondente ander benaderings saam met die gestaltbenadering benut as daar op die volgende direkte aanhalings gefokus word:

“Ek gebruik die fisiologie van ’n mens se brein van hoe hy dink en hoe hy werk en die konsep van neurologiese stres op die mens se sisteem en wat dit aan ’n kind maak. So, vir my is die brein en al sy voorkeure belangrik en die dag toe ek dit ken het gestalt my soos ’n handskoen gepas. Die twee kom bymekaar uit, die gestalt maak dus baie meer sin”.

“Ek het die jaar die RP-kursus bygewoon en nou geleer met trauma-terapie werk dit anders. Daar moet jy eers trauma hanteer voordat jy die ‘coping strategies’ doen. ‘Coping strategies’ is werkbaar vir die res van jou lewe ... maar trauma moet jy eers hanteer en partykeer moet jy daardie gevoel vashou en dan verder gaan, sodat mens weet waar die trauma vandaan kom ... Met die gestalt, baie keer kry ’n mens die indruk dat jy net bewustheid het, ja bewustheid is belangrik maar gaan verder met die gevoel”.

“Kliëntgesentreerd, dit gebruik ek vir die outjies waar die gestalt te direktief is, dis te naby en dit skrik hulle af en hulle het dadelik baie weerstand. Kleintjies en middelkinderjare wat jou nie vertrou nie en waar verhoudingsbou twee of drie sessies vat. Ek vat dit baie stadig met hulle”.

“Trauma-terapie, dis ’n baie nuwe ding, dis maar net om die trauma deur te werk met die kind. Ja, René Potgieter se model oor trauma, dit gebruik ek.”

“ ... ek sal dalk verwys na die kognitief, rasioneel-emotiewe terapie, maar nie regtig nie, baie lukraak”.

“ ... met die heel kleiner kindertjies werk ek baie meer kliëntgesentreerd om hulle tempo en hulle proses te rig, maar as jy mooi daaroor dink, dan is dit in elk geval ook deel van die gestaltbenadering. So ek gebruik met my volwassenes kognitiewe herstrukturering. Ek gebruik met my volwassenes partykeer TA, jou ‘parent, adult, child’”.

“Ek werk baie kliëntgesentreerd”.

“Ek gebruik die RP-model ... Hulle werk anders, hulle werk baie gestruktureerd. Ek gebruik die gestaltbenadering en die RP-model. Ek werk glad nie met ander benaderings nie ... Ek gebruik die RP vir die assessering en die gestalt vir terapie”.

“Ek gebruik ‘brief psycho therapy’ ... Dit gaan daaroor, wat pla jou nou, nie oor jou verlede nie ... Dit werk bolangs”.

“ ... van al die benaderings, werk die gestalt vir my die beste. Ek werk persoonsgerig vir die kleintjies, sisteemteorie en behavioristiese benadering, gebruik ek ook.”

“Ek gebruik rationeel-emotiewe terapie geweldig baie, kognitiewe herstrukturering, verskillende gedragsveranderingstegnieke – geleidelike blootstelling, desensitasie, kognitiewe aspekte – ‘reframing’, daardie tipe van dinge. Ek gebruik ook die vrye assosiasie tegniek van Freud ...”

“As ek ’n artikel of boek lees met tegnieke, gebruik ek dit veral as dit werk. Ek werk eklekties, maar weet watter tegnieke ek gebruik”.

“Die gestalt is ’n oop benadering waarbinne jy die ander goed kan inkorporeer, maar hy gee vir jou ’n gestruktureerde proses alhoewel dit nie gestruktureerde terapie is nie ...”

Respondente benut in die praktyk die gestaltbenadering tesame met ander benaderings. Die fisiologie van die mens se brein word ook in die praktyk in ag geneem om terapie te lewer.

Trauma-terapie en die kliëntgesentreerde benadering word die meeste saam met die gestaltbenadering in die praktyk benut. Ander benaderings wat ook tesame met die gestaltbenadering benut word is die: rasioneel-emotiewe terapie, transaksionele analise, psigoanalise, behavioristiese benadering, elektiese benadering en die sisteemteorie.

Verskeie terapeute wat nie die gestaltbenadering volg nie, gebruik egter baie van die gestaltbenadering se tegnieke soos byvoorbeeld die leë-stoeltegniek, fantasie en projeksie (Thompson & Rudolph, 1996:169). Dit wys volgens die navorser daarop dat die gestaltbenadering se tegnieke, ook deur terapeute wat bykomende benaderings aanhang, as waardevol beskou word.

Die gestaltbenadering kan dus as die enigste benadering vir terapie in die praktyk benut word, maar verskeie respondente benut ander benadering saam met die gestaltbenadering. Daar word aan verskeie kliënte in verskeie situasies in die praktyk terapie gelever.

3.3.5 Tema 5: Problematiek wat deur die gestaltbenadering in die praktyk aangespreek word

Die volgende verbatim aanhalings deur respondente hou direk verband met die toepassingsveld van die gestaltbenadering in die praktyk:

“Gestalt werk goed vir my vir verhoudingsbou”.

“Jy kan met die volwassene met die gestalt ook baie bereik; hulle maak net so maklik oop soos ’n kind in die sandbak. Met volwassenes gebruik jy ’n volwasse taal maar jy gebruik die mediums. So, ek sal dit ten sterkste aanbeveel dat volwassenes aan die gestalt, tesame met mediums meer blootgestel word in terapie”.

“Die voordeel van die gestalt is jy kan met kleintjies en volwassenes werk. Dit werk uitstekend met volwassenes”.

“Die gestalt vorm die onderbou van die opleiding van korporatiewe personeel. Dis die basis vanwaar ek werk”.

“Ja, die verskil tussen volwassenes en kleintjies is dat dit met die kleintjies ’n stadiger proses is, omdat hulle nie kognitief in staat is om so vinnig insig te ontwikkel nie. Hulle bou baie vinniger verhoudings en vertrou van nature. Baie van die kinders waarmee ek werk kom nie noodwendig uit ’n kinderhuisopset nie, waar hulle seergekry het in ’n gesinsisteem nie. My kankerkinders kom gewoonlik uit ’n gelukkige gesinsisteem; dis ’n mediese trauma wat impak het op hulle. My diabetiese, my allergiese kinders, my kinders wat ’n mamma of ’n pappa aan die dood afgestaan het, wat ’n ouma of oupa verloor het, kinders wat angste het, het gewoonlik tot ’n sekere mate goeie kontak met volwassenes gehad, dit hang af van die omgewing waar jy werk”.

“Ek werk met middelklasouers wat nie noodwendig vreeslik baie trauma en “baggage” en goed het nie”.

“Die voorgrond en hier-en-nou konsep is bruikbaar in die hospitaalopset”.

“ ... snaaks genoeg, Oaklander se veertien stappe werk vir my met volwassenes partykeer beter as met kinders ... met tieners en grootmense eintlik beter as met die kleintjies”.

“Weet jy, mense vat verantwoordelikheid ... In terapie een-op-een en in groepsverband”.

Die gestaltbenadering word deur respondente vir kinders en volwassenes benut. Volwassenes in die korporatiewe wêreld, asook ouers van kinderkliënte het al by die inskakeling by terapie vanuit die gestaltbenadering baatgevind. Dié benadering dra volgens die respondente by tot die bou van verhoudings met kliënte. Verskeie kinderkliënte vind baat by dié benadering naamlik: kinderhuiskinders en kinders uit die middel sosio-ekonomiese groep, kinders in die hospitaalopset, kinders met mediese ongesteldhede en kinders met sosiale traumas. Die benadering word een-op-een of in groepsverband toegepas.

Die openheid tussen spelterapeut en die kliënt binne die gestaltbenadering lei daartoe dat die algemene publiek toegang het tot terapie. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:160; Yontef, 1993:55.) Yontef en Simkin (in Corsini & Wedding, 1989:324) noem dat die gestaltbenadering sekerlik die wydste reeks style en metodes bied van alle benaderings. Individuele terapie, groepwerk, werksinkels, huweliksberading en gesinsberading is moontlik deur die gestaltbenadering. Dié benadering word in verskeie opsette soos klinieke, gesinsorganisasies, hospitale en privaatpraktyke toegepas. (Vergelyk Yontef, 1993:341.)

3.6 SAMEVATTING

Ingesamelde inligting is ongeorden; en data-analise lei daartoe dat inligting orde en betekenis verkry. Kwalitatiewe data-analise is 'n proses wat volgens Creswell (in De Vos, 2002b:340) uit stappe bestaan wat soos volg voorgestel word: Insameling en rekordhouding van inligting, databestuur, die lees en skryf van memorandum, databeskrywing, -klassifisering en -interpretering en visualisering en voorstelling van data.

In die empiriese studie is direkte aanhalings van tien vroulike respondente tydens semi-gestruktureerde onderhoude, gevoer tussen 1 November 2004 en 31 Januarie 2005 aangehaal. Die bevindinge van die empiriese studie word soos volg saamgevat :

→ Respondente beleef die gestaltbenadering as positief in die praktyk. Hulle vind die gestruktureerde proses wetenskaplik verantwoordbaar. Die gestaltbenadering word as 'n bemagtingsbenadering gesien en benut.

→ Die respondente benut die hoofkonsepte van die gestaltbenadering in die praktyk, naamlik holisme, bewustheid, kontak en kontakgrensversteurings, figuur/voor- en agtergrond, selfregulasie, hier-en-nou-konsep en polariteite. In die praktyk word verskeie gestaltbenaderingstegnieke benut. Die respondente pas egter van dié tegnieke aan by verskillende ontwikkelingsfasies. Tegnieke wat benut word is: “wil nie” eerder as “kan nie”, wat-en-hoe-eerder-as-hoekom, geen skinderstories nie, vrae wat in stellings verander word,

neem-van-verantwoordelikheid, onvoltooide sinne, “topdog versus underdog”, die leë-stoel-tegniek, vrye fantasie, roosboom-fantasie, wyse-hulpbron-fantasie, droomwerk en bewustheidstegnieke.

→ Daar is tegnieke wat deur sommige respondente min of glad nie benut word nie, byvoorbeeld die “grootste-swakheid-tegniek” en die “topdog versus underdog”-tegniek. Dit blyk asof dié tegnieke nie by die respondente se persoonlikhede en terapeutiese style pas nie.

→ Respondente vind ander benaderings toepaslik in die praktyk. Die gestaltbenadering word dikwels in die praktyk aangevul of gekombineer met ander benaderings soos die kliëntgesentreerde benadering, behaviourisme, transaksionele analise, psigoanalise, trauma terapie, rasioneel-emotiewe terapie, elektiese benadering en die sisteemteorie.

→Die RP-model word positief deur respondente beleef, aangesien dit ’n praktiese assesseringsformaat in die praktyk verskaf.

→ Die toepassingsveld van die gestaltbenadering is wyd. Probleme wat in die praktyk aangespreek word, is enige trauma. Die gestaltbenadering word vir assessering, terapie en opleiding benut. Persone in verskillende opsette soos die korporatiewe wêreld, kinderhuise, hospitale en gesinsite, hetsy individueel of in groepsverband, vind baat by die gestaltbenadering.

HOOFSTUK VIER: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

4.1 INLEIDING

Die inhoud van die navorsingsverslag is soos volg saamgestel: In hoofstuk een is die algemene inleiding tot die ondersoek beskryf. 'n Literatuurstudie oor die ontstaan, doelstelling, hoofkonsepte, tegnieke, positiewe aspekte en leemtes van die gestaltbenadering is in hoofstuk twee uiteengesit. Die hoofkonsepte wat bespreek is, het holisme, bewustheid, kontak, figuur/voor- en agtergrond, selfregulasie en die hier-en-nou-konsep ingesluit. Die tegnieke van die gestaltbenadering wat bespreek was, het taalwyses, bi-polêre denkwyses, fantasie, vrye spel en droomwerk ingesluit. In hoofstuk drie is die empiriese ondersoek bespreek op grond van 'n semi-gestruktureerde onderhoud binne 'n kollektiewe gevallestudie. Die navorsing het gefokus op die persepsies van spelterapeute ten opsigte van die effektiwiteit en bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk. Die empiriese bevindinge kon sodoende met die literatuur geverifieer word.

4.2 HOOFSTUK EEN: INLEIDING

'n Wye verskeidenheid van professionele persone binne onder andere die velde van gesondheid, sielkunde en opvoedkunde beoefen die gestaltbenadering (The Gestalt Approach Sydney Gestalt Centre [sa]). Dié benadering word ook in Suid-Afrika benut. Opleiers wat opleiding in speltherapie volgens die gestaltbenadering by tersiêre inrigtings aanbied, is deur die navorser gekontak en hulle was positief ten opsigte van die navorsingstudie. Hulle was van mening dat dié navorsingstudie lig kan werp op die praktiese bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk.

Die doelstelling van die navorsingstudie was om die bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk te ondersoek. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is in dié studie benut en die volgende navorsingsvraag is

geformuleer: Wat is die bruikbaarheid van die gestaltbenadering vir spelterapeute in die praktyk?

Die navorser het van 'n kollektiewe gevallestudie binne 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak. Tien spelterapeute is deur middel van 'n eenvoudige ewekansige steekproeftrekking geïdentifiseer en daar is met elkeen 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer. Die sistematiese ewekansige steekproeftrekking voorkom bevoordeeldheid in die navorsing. Groter begrip ten opsigte van die bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk is verkry deur middel van die kollektiewe gevallestudie.

4.3 HOOFSTUK TWEE: DIE GESTALTBENADERING

DOELWIT 1:

Die navorser het haar ten doel gestel om met behulp van 'n literatuurstudie en inligting verkry vanuit gesprekke met kundiges, 'n teoretiese raamwerk daar te stel ten opsigte van die gestaltbenadering en die benutting van die gestaltbenadering in die praktyk. Hierdie doelwit is bereik, aangesien die navorser met behulp van 'n literatuurstudie en gesprekke met kundiges inligting oor bogenoemde aspekte ingesamel het en 'n teoretiese raamwerk daaroor uiteengesit het. Hierdie inligting is in hoofstuk twee vervat.

Die gestaltbenadering is sedert die twintiger jare bekend. Frederick Perls, Laura Perls en Paul Goodman is van die meer bekende gestaltterapie-ontwikkelaars. Die doelstelling van die gestaltbenadering is om die kliënt te ondersteun in terapie,

sodat die kliënt as geheel kan funksioneer. Wanneer die kliënt as geheel funksioneer, sal hy in staat wees om 'n gestalt te voltooi. Die kliënt se voltooide gestalt dui volgens die navorser op die voltooiing van 'n voorgrondbehoefte. Die gesonde persoon sal behoeftes op 'n toepaslike wyse, sonder skade aan homself of ander, vervul.

Die gestaltbenadering bestaan uit verskeie hoofkonsepte, naamlik holisme, bewustheid, kontak en kontakgrensversteurings, figuur/voor- en agtergrond, selfregulasie, die hier-en-nou-konsep en polariteite.

Die gestaltbenadering omvat verskeie tegnieke. Tegnieke kan steeds bygevoeg word, aangesien dié benadering spontaan en kreatief is. Daar word op die kliënt se taalgebruik gefokus. Die kliënt word sodoende bewus van sy eie verantwoordelikheid binne sy omgewing. Daar word ook op bi-polêre denkwyses in die tegnieke van die gestaltbenadering gefokus, sodat die kliënt 'n balans kan bereik in sy lewensuitkyk. Die kliënt leer om die positiewe en negatiewe aspekte in probleemsituasies te erken en te aanvaar.

Die gestaltbenadering bestaan uit 'n wye reeks style, metodes en tegnieke. Dié benadering kan ook in verskillende opsette geskied. Die gestaltbenadering sien die kliënt as 'n gesonde holistiese wese wat tot gesonde kontakmaking gelei moet word. Etikettering van patologie vind dus nie binne dié benadering plaas nie.

4.4 HOOFSTUK DRIE: DIE EMPIRIESE STUDIE

DOELWIT 2:

’n Empiriese ondersoek is geloods om vas te stel hoe spelterapeute in die praktyk die gestaltbenadering, ervaar en benut. Semi-gestruktureerde onderhoude is met tien spelterapeute wat deur die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria in die gebruik van die gestaltbenadering opgelei is, gevoer. Die onderhoud is met behulp van ’n onderhoudskedule, wat fokus op die benutting van die gestaltbenadering in die praktyk, gerig (Kyk bylaag 1).

Dié inligting is van belang in die sin dat daar op die voordele en die nadele van die benutting van die gestaltbenadering gefokus kon word. Die tema dra ook by as voorraadopname vir opleiers in die gestaltbenadering.

’n Kwalitatiewe navorsingsbenadering was gepas vir dié navorsingstudie, aangesien dit lig gewerp het op die bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk. ’n Semi-gestruktureerde onderhoud is benut as data-insamelingsmetode. Dié data-insamelingsmetode was ideaal, aangesien dit tot ’n in-diepte bespreking van die bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk gelei het.

DOELWIT 3:

Die navorser het haar derdens ten doel gestel om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk. Gevolgtrekkings en aanbevelings sal in hierdie hoofstuk gemaak word. Die doelstellings en doelwitte van hierdie studie is dus bereik.

Die gevolgtrekking van die empiriese studie kan soos volg saamgevat word:

- ♦ Speltherapeute beleef die gestaltbenadering as positief binne die praktyk. Hulle vind die gestruktureerde proses wetenskaplik verantwoordbaar. Die gestaltbenadering word as 'n bemagtingsbenadering gesien en benut.
- ♦ Die speltherapeute benut die hoofkonsepte van die gestaltbenadering in die praktyk, naamlik holisme, bewustheid, kontak en kontakgrensversteurings, figuur/voor- en agtergrond, selfregulasie, hier-en-nou-konsep en polariteite. Verskeie tegnieke van die gestaltbenadering word ook in die praktyk benut. Van dié tegnieke word egter aangepas in die praktyk volgens die kind se ontwikkelingsfase. Tegnieke wat benut word is: “wil nie” eerder as “kan nie”, wat-en-hoe-eerder-as-hoekom, geen skinderstories nie, vrae wat in stellings verander word, neem-van-verantwoordelikheid, onvoltooide sinne, “topdog versus underdog”, die lê-stoel-tegniek, vrye fantasie, roosboom-fantasie, wyse-hulpbron-fantasie, droomwerk en bewustheidstegnieke.
- ♦ Daar is tegnieke wat deur sommige respondente min of glad nie benut word nie, byvoorbeeld die lê-stoel-tegniek en die “topdog versus underdog”-tegniek. Dit blyk asof die tegnieke nie by die respondente se persoonlikhede en terapeutiese style pas nie.

♦ Speltherapeute in die praktyk benut die gestaltbenadering tesame met ander benaderings. Die fisiologie van die mens se brein word ook in die praktyk in ag geneem om terapie te lewer. René Potgieter se trauma-inligting en die kliëntgesentreerde benadering word die meeste saam met die gestaltbenadering in die praktyk gebruik. Ander benaderings wat tesame met die gestaltbenadering benut word is die: rasioneel-emotiewe terapie, transaksionele analise, psigoanalise, behavioristiese benadering en die sisteemteorie.

♦ Die gestaltbenadering kan benut word vir volwassenes en kinders. Volwassenes in die korporatiewe wêreld, asook ouers van kinderkliënte het al by die inskakeling by terapie vanuit die gestaltbenadering baatgevind. Verskeie kinderkliënte vind baat by dié benadering, naamlik kinderhuiskinders en kinders vanuit die middel sosio-ekonomiese groep. Kinders in die hospitaalopset, kinders met mediese ongesteldhede en kinders met sosiale traumas is deur die gestaltbenadering as terapeutiese proses beraad. Die benadering kan een-op-een of in groepsverband plaasvind.

♦ Die gestaltbenadering dra volgens die respondente by tot die bou van verhoudings met kliënte, ongeag van die kliënte se ontwikkelingsvlak.

4.5 AANBEVELINGS:

Die volgende voorstelle word in die lig van bogenoemde studie gemaak:

♦ Dié navorsingstudie was hoofsaaklik gebaseer op die bruikbaarheid van die gestaltbenadering in die praktyk. Die aanbeveling kan gemaak word dat dit as grondslag dien vir verdere ondersoek ten opsigte van spesifieke probleme wat speltherapeute in die praktyk ervaar.

♦ Die gestaltbenadering akkomodeer verskeie tegnieke wat benut kan word en die kreatiwiteit van die gestaltbenadering lei daartoe dat tegnieke op verskeie wyses

toegepas kan word en nuwe tegnieke geskep kan word. Daar is ook plek in die gestaltbenadering vir die integrering van ander benaderings in die proses van terapie. Daar word aanbeveel dat 'n in-diepte studie oor die bruikbaarheid van spesifieke tegnieke wat met die gestaltbenadering gekombineer kan word, gemaak word.

♦ Dit is duidelik dat sommige spelterapeute die gestaltbenadering met vertroue ten opsigte van volwassenes toepas. Dit word aanbeveel dat meer speltherapie-tegnieke binne die gestaltbenadering met volwassenes toegepas word.

4.6 DIE BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG

In die navorsingsonderzoek is die volgende navorsingsvraag geformuleer: Wat is die bruikbaarheid van die gestaltbenadering vir spelterapeute in die praktyk?

Dié navorsingstudie het die navorsingsvraag beantwoord. Tien semi-gestruktureerde onderhoude met spelterapeute in die praktyk het vyf temas en verskeie subtemas na vore gebring. Hierdie temas was: die positiewe aspekte van die gestaltbenadering, die hoofkonsepte van die gestaltbenadering wat in die praktyk benut word, tegnieke van die gestaltbenadering wat in die praktyk benut word, ander benaderings wat toepaslik is in hulpverlening en die problematiek wat deur die gestaltbenadering in die praktyk aangespreek word.

Die gestaltbenadering is aan die hand van 'n kollektiewe gevallestudie as 'n proses en aktiwiteit bespreek. Die bruikbaarheid van die gestaltbenadering kom tydens die bespreking van bogenoemde temas en subtemas duidelik na vore.

4.7 SLOTGEDAGTE

Die wyse waarop die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk toegepas word, is ondersoek met die doel om die bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk te ondersoek. Opleiers kan met behulp van dié studie let op die tekortkominge wat in die praktyk voorkom en opleiding daarvolgens rig. Hierdie studie kan dus beskou word as 'n voorraadopname vir opleiers sowel as spelterapeute in die praktyk.

BRONNELYS

Argyris, C. 1999. Making Knowledge More Relevant to Practice: Maps for Action. In Lawler, E.E., Mohrman, A.M., Mohrman, S.A., Ledford, G.E., Cummings, T.G. 7 Associates. *Doing Research That Is Useful for Theory and Practice*. Lanham: Lexington Books.

Ash, M. G. 1995. *GESTALT PSYCHOLOGY IN GERMAN CULTURE 1890 – 1967. Holism and the Quest for Objectivity*. New York: Cambridge University Press.

Awareness & Attention. [Sa][O]. Beskikbaar:
<http://www.afn.org/~gestalt/aa.htm> Toegang op 2004/08/04

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The Practice of Social Research*. South African Edition. Oxford: Wadsworth.

Belkin, G.S. 1995. *Contemporary Psychotherapies*. Chicago: Rand McNally Colley Pub. Co.

Berger, G. 1999. Why we call it gestalt therapy. *The Gestalt Journal*, XXII(1), Spring: 21-33.

Berk, L. E. 2000. *Child Development*. 5th ed. Massachusetts: Allyn & Bacon.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. *Fundamentals of Social Research methods – An African Perspective*. 2nd ed. Lusaka: Juta & Co. Ltd.

Bloem, C.H.M. 2004. Onderhoud met Departementshoof, Hugenate Kollege (Unisa). [Transkripsie]. 12 Mei. Wellington.

Blom, B. 2004. Onderhoud met Senior lektor, Universiteit van die Vrystaat. [Transkripsie]. 12 Mei. Bloemfontein.

Clarks, P. 1999. *Gestalt counseling in action*. London, Thousand Oaks: Sage.

Congress, E.P. 1995. Gestalt. *Encyclopedia of Social Work*, 19: 1117-1121.

Contact: Good & Ill health [Sa][O]. Beskikbaar:

<http://www.afn.org/~gestalt/contact.htm> Toegang op 2003/09/04

Corey, G. 1996. *Theory and Practice of Counselling and Psychotherapy*. 5th ed. California: Brooks/Cole.

Corsini, R.J. & Wedding, D. 1989. *Current psychotherapies*. 4th ed. Itasca, Illinois: F.E. Peacock.

Craig, A.P., Griesel, H., Witz, L.D.L., Withers, J.R. & Cresswell, G. (Reds.) 1994. *CONCEPTUAL DICTIONARY*. Natal: Juta & Co Ltd.

Dabbagh, N. *Gestalt and Instructional Design*. 1999. Beskikbaar:

[chd.gse.gmu.edu/immersion/knowledge base/Strategies/cognitivism/gestalt.htm](http://chd.gse.gmu.edu/immersion/knowledge%20base/Strategies/cognitivism/gestalt.htm)

Toegang op 2005/02/05

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (Editors). 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 2002a. Scientific theory and professional research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (Editors) *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 2002b. Qualitative data analyses and interpretation. In De Vos, A.S. (Editor), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Dierks, J.M. 1999. Listening within: a brief therapy model for use with Gestalt therapy. *The Gestalt Journal*, XIX(2), 51-99.

Du Pré, L. & Eksteen, L. 1995. *Groot Afrikaanse Sinoniemwoordeboek*. Goodwood, Wes-Kaap: Nasionale Boekdrukkery.

El' koninova, L.I. 2001. The Object Orientation of Children's Play in the Context of Understanding Imaginary Space-Time in Play and in Stories. *Journal of Russian and East European Psychology*, 39(2) March/April: 30-51.

Fouché, C.B. 2002a. Problem Formulation. In De Vos, A.S. (Editor), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. 2002b. Research strategies. In De Vos, A.S. (Editor), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In De Vos, A.S. (Editor), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

GANZ history [Sa][O]. Beskikbaar: <http://www.ganz.org.au/pages/what> is-html

Toegang op 2003/08/29

Goodman, P.S. 1999. Critical issues in Doing Research That Contributes to Theory and Practice. In Lawler, E.E., Mohrman, A.M., Mohrman, S.A., Ledford, G.E., Cummings, T.G. & Associates. (Editors). *Doing Research That is Useful for Theory and Practice*. Lanham: Lexington Books.

Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In De Vos, A.S. (Editor), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Grinnell, R.M. 1997. *SOCIAL WORK RESEARCH & EVALUATION Quantitative and Qualitative Approaches*. Itasca, Illinois: F.E. Peacock Publishers, Inc.

Geldard, K. & Geldard, D. 1997. *COUNSELLING CHILDREN A Practical Introduction*. London: SAGE Publications.

Hackman, R.J. 1999. Doing Research That Makes a Difference. In Lawler, E.E., Mohrman, A.M., Mohrman, S.A., Ledford, G.E., Cummings, T.G. & Associates. (Editors) 1999. *Doing Research That is Useful for Theory and Practice*. Lanham: Lexington Books.

Hamilton, J.D. 1997. *Gestalt in Pastoral Care and Counseling A Holistic Approach*. New York: The Haworth Pastoral Press.

Harteveld, P., Stadler, L.G. & Hauptfleisch, D.C. 1993. *Woordkeusegids: 'n Kerntesourus van Afrikaans*. Kaapstad: Cresta Press.

Hough, M. 2003. *COUNSELLING SKILLS AND THEORY*. Great Britain: Hodder & Stoughton.

Jackson, V.H., Bond, R.J., Beinecke, R.H., Selden, D.R. & Van Tassel, R. 1996. *Managed Care: Resource guide for social workers in private practice*. Washington: NASW Press.

Joubert, J.M.C. 2004. Onderhoud met Programbestuurder van MSD (Spel terapie)-kursus, Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria. [Transkripsie]. 10 Maart. Pretoria.

Kaduson, H.G. & Schaefer, C.E. 1997. *101 Favorite Play Therapy Techniques*. Northvale: Aronson Inc.

KidsHealth. [Sa][O]. Beskikbaar: www.kidshealth.org Toegang op 2004/07/12

Kipfer, B.A. 1999. 2nd ed. *ROGET'S -21st-CENTURY THESAURUS in dictionary form: The Essential Reference for Home, School, or Office*. New York: The Philip Lief Group, Inc.

Kerlinger, F.N. & Lee, H.B. 2000. *Foundations of Behavioral Research*. Fort Worth: Harcourt College Publishers.

Koeppen, A.S. 1993. Relaxation training for children. In Schaefer, C.E. & Cangelosi, D.M. (Editors) *Play therapy techniques*. Pennsylvania: Haddon Craftsmen of Scranton.

Lawler, E.E. 1999. Challenging Traditional Research Assumptions. In Lawler, E.E., Mohrman, A.M., Mohrman, S.A., Ledford, G.E., Cummings, T.G. & Associates. (Editors). *Doing Research That is Useful for Theory and Practice*. Lanham: Lexington Books.

Lawler, E.E., Mohrman, A.M., Mohrman, S.A., Ledford, G.E., Cummings, T.G. & Associates. (Editors). 1999. *Doing Research That is Useful for Theory and Practice*. Lanham: Lexington Books.

Leong, D.J. & Bodrova, E. 2003. Learning from pretend play. *Scholastic Parent & Child*, 10(5) April/May:15-16.

Magill, F.N. 1996. Play therapy. *International encyclopedia of psychology*, 2:1254-1257.

McBurney, D.H. 1994. *Research Methods*. 3rd ed. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Mohrman, A.M., Mohrman, S.A., Lawler, E.E. & Ledford, G.E. 1999. Introduction to the New Edition. In Lawler, E.E., Mohrman, A.M., Mohrman, S.A., Ledford, G.E., Cummings, T.G. & Associates. (Editors). *Doing Research That is Useful for Theory and Practice*. Lanham: Lexington Books.

Mook, B. 1998. Imaginative Play in Child Psychotherapy: The Relevance of Merleau-Ponty's Thought. *Journal of Phenomenological Psychology*, 29(2):231-240.

Northern Rivers Gestalt Institute *Training covering the Gold Coast down to Port Macquarie and out to Armidale*. [Sa][O]. Besikbaar:

<http://www.gestalt.org.au/#origins> Toegang op 2003/08/29

Oaklander, V. 1988. *Windows to our Children: a Gestalt Therapy Approach to Children and Adolescents*. New York: The Gestalt Journal Press.

Odendaal, F.F.; Schoonnes, P.C.; Swanepoel, C.J.; Du Toit, S.J. & Booysen, C.M. 1988. *VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL*. Johannesburg: Perskor Uitgewery.

Parlett, M. & Hemming, J. 1996. Gestalt Therapy. In Dryden, W. *Handbook of individual therapy*. London: Sage Publications.

Perls, F.S. 1998. Lecture by Dr. F.S. Perls (condensed) *The Gestalt Journal*, XXI (2). Fall, 67-73.

Pettigrew, A.M. 1999. Contextualist Research: A Natural Way to Link Theory and Practice. In Lawler, E.E., Mohrman, A.M., Mohrman, S.A., Ledford, G.E., Cummings, T.G. & Associates. (Editors). *Doing Research That is Useful for Theory and Practice*. Lanham: Lexington Books.

Phillippson, P. 2001. Gestalt in Britain – A Polemic. *The Gestalt Journal*, XXIV(1): 63-88.

Phillippson, P. 2005. Contemporary Challenges in the Application of Perls' Five-Layer Theory. *Gestalt*, VOL. 6(2), Summer: 245-248.

Process [Sa][O]. Beskikbaar: <http://www.afn.org/~gestalt/process.htm>
Toegang op 2003/08/29

Rebelo, M. 2004. Onderhoud met Maatskaplike werker, Privaatpraktyk spesialiseer spelterapie. [Transkripsie]. 19 Junie. Bedfordview.

Rabin, A.I. 1994. Projective techniques. *ENCYCLOPEDIA OF PSYCHOLOGY*, 3 (127-128).

Schaefer, C.E. & Cangelosi, D.M. (Editors). 1993. *Play therapy techniques*. Pennsylvania: Haddon Craftsmen of Scranton.

Schoeman, J.P. 1996. The art of the relationship with children – a Gestalt approach. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. *Entering the child's world A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 2004. Onderhoud met Dosent, Hugenote Kollege (Unisa). [Transkripsie]. 16 Junie. Wellington.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the Child's World: a Play Therapy Approach*. Pretoria: Kagiso.

Strydom, H. 2002a. The pilot study. In De Vos, A.S. (Editor), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2002b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S. (Editor), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S. (Editor), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Ter Berg, E. 2004. Onderhoud met Kliniese sielkundige, Little Falls Psychology Centre. [Audioband opname]. 6 April. Roodepoort.

The Gestalt approach: Basic Gestalt Therapy Theory. [Sa][O]. Beskikbaar: <http://www.afn.org.-gestalt/about.htm>. Toegang op 2003/08/29

The Gestalt Approach Sydney Gestalt Centre. *The Gestalt Approach* [Sa][O]. Beskikbaar: <http://www.gestaltsydney.com/Approach-html> Toegang op 2003/08/29

Thomas, R.M. 2000. *COMPARING THEORIES OF CHILD DEVELOPMENT*. 5th ed. Wadsworth: United States.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. *Counseling children*. 4th ed. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Timpe, R.L. 1999. Fantasy. *Baker Encyclopedia of psychology & counselling*, 2:449-450.

Topdog/Underdog. [Sa][O]. Beskikbaar: <http://www.afn.org/~gestalt/dud-htm> Toegang op 2003/08/29

Vanden Eynde, R. 1999. Buddhism and gestalt. *The Gestalt Journal*, XXII(2), Fall: 89-99.

Van Wyk, C. 2004. Onderhoud met Dosent, Hugonote Kollege (Unisa). [Transkripsie]. 12 Mei. Wellington.

Vrana, S.R. 1996. Play therapy. *INTERNATIONAL ENCYCLOPEDIA OF PSYCHOLOGY*, 2:1254-1261.

WEB du Bois (hyperdictionary). [Sa][O]. Beskikbaar: www.hyperdic.net/dicdubois.htm Toegang op 2004/07/12

Wick, E. 1994. Fantasy. *Encyclopedia of psychology*, 2:11-12.

Williams, B. 2001. The practice of gestalt therapy within a brief therapy context. *The Gestalt Journal*, XXI (1): 7-62.

Willig, C. 2001. *Introducing Qualitative Research in Psychology Adventures in theory and method*. Buckingham: Open University Press.

Wulf, R. 1998. The historical roots of gestalt therapy theory. *The Gestalt Journal*, XXI(1), Spring: 81-91.

Yontef, G.M. 1993. *AWARENESS DIALOGUE & PROCESS Essays on Gestalt Therapy*. The Gestalt Journal Press: New York.

Yssel, J.M. 1999. *Gestaltterapie met die allergiese kind in die middelkinderjare*. Ongepubliseerde D Phil Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BYLAAG 1

Onderhoudskedule

1. Wat is die hoofwaarde van die gestaltbenadering vir u in die praktyk?
2. Watter hoofkonsepte of beginsels van die gestaltbenadering benut u op 'n gereelde basis in die praktyk?
3. Watter tegnieke van die gestaltbenadering benut u op 'n gereelde basis in die praktyk?
4. Watter hoofkonsepte of beginsels van die gestaltbenadering benut u baie min in die praktyk?
5. Watter tegnieke van die gestaltbenadering benut u min in die praktyk?
6. Is die gestaltbenadering prakties bruikbaar tydens intervensie met kinders?
7. Watter ander benaderings is ook toepaslik in hulpverlening aan die kliënt?
8. Watter spesifieke tegnieke in die gestaltbenadering is vir u effektief in die praktyk?
9. Watter positiewe resultate word met die benutting van die gestaltbenadering volgens u bereik?
10. Is die gestaltbenadering alleen, fundamenteel voldoende om die problematiek wat deur die kliënt ervaar word, terapeuties en holisties te hanteer?
11. Watter positiewe resultate word met die benutting van die gestaltbenadering bereik?
12. Wat is die leemtes van die gestaltbenadering vir u in die praktyk?

13. Gebruik u die gestaltbenadering geïsoleerd of tesame met ander benaderings?
14. Indien u die gestaltbenadering saam met ander benaderings benut, gee asseblief 'n aanduiding van watter ander benaderings u saam met die gestaltbenadering toepas, in die praktyk.
15. Watter problematiek word nie deur middel van die gestaltbenadering aangespreek nie?
16. Indien u, u opleiding sou herhaal, watter aspekte sou u graag in die kurrikulum wou sien?

BYLAAG 2

Respondent se naam: _____

Navorser: Sonika Badenhorst, Universiteit van Pretoria,
Lynnwoodweg, Pretoria, 0002

INGELIGTE TOESTEMMING

1. Titel van die studie: Bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk.
2. Doel van die studie: Die doelstelling van die ondersoek is om die bruikbaarheid van die gestaltbenadering deur spelterapeute in die praktyk te ondersoek.
3. Prosedures: 'n Semi-gestruktureerde onderhoud sal met behulp van 'n onderhoudskedule met my gevoer word. Dié onderhoud sal ongeveer 1 uur duur. Die navorser sal die onderhoud met my skeduleer op 'n dag wat my pas.
4. Risiko's en ongemak: Hierdie studie hou geen mediese, fisiese of emosionele ongemak in nie. Indien ek wel ongemak ervaar sal die navorser my na 'n terapeut verwys.
5. Voordele: Die deelname aan die studie sal moontlike verandering in die kurrikulum van maatskaplike werk tot gevolg hê.
6. Regte van respondent: Ek mag ter enige tyd onttrek van die studie.
7. Vertroulikheid: Om tyd te spaar sal die semi-gestruktureerde onderhoud met die gebruik van 'n bandopname geskied. Die navorser sal sodoende 'n verbatim verslag kan tik van die onderhoud. Die bandopname en verbatim verslag sal met 'n skuilnaam gemerk word. Die navorser en studieleier is die enigste persone wat toegang tot die bandopname en verbatim verslag sal hê. Die bevindinge van die studie sal in die vorm van 'n mini-skripsie en wetenskaplike artikel bekend gemaak word.
8. Ek kan enige vrae of onsekerhede aan die navorser telefonies by 011- 9074139 rig.

Ek begryp my regte as respondent en gee hiermee vrywillig toestemming om deel te neem aan die studie. Ek verstaan die rede vir die studie, asook waarom die studie handel.

.....
Handtekening van respondent Handtekening van navorser Datum